

Die evaluering van 'n maatskaplikewerk voorkomingsprogram vir swart tieners met selfmoordneigings in die Noordwes Provinsie

EI Smit
10589600

Proefskrif voorgelê vir die graad *Doctor Philosophiae* in
Maatskaplike Werk aan die Potchefstroomkampus van die
Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof CC Wessels

Mede-promotor: Prof H Strydom

Mei 2014

SUMMARY

KEY WORDS:

Adolescent, youth, suicide, suicide attempt/attempted suicide, prevention, programmes

Suicide and suicidal attempts have increased over the years and the phenomenon is rapidly increasing countrywide. The rate in increase has not been happening only internationally, but has unsettlingly noted to be rising in South Africa, too. Suicidal attempt has become one of the biggest social problems amongst the youths, and a problem that society has to grapple with.

According to the media and statistics presented, the youth engage with destructive behavior and attempted suicide is rampant amongst Black adolescents. The young person imitates his peers and is constantly under pressure to do as the group does. Thus conformity and acceptance are the core words. The adolescent attempts suicide to solve problems. Various reasons are given for suicidal attempts and the youth names amongst others family problems, academic issues, relationship problems and so forth.

In the attempt to take own life, different methods are used to commit suicide which range from overdose, especially amongst females, to ingestion of harmful substances like bleach (clothes detergent) and hair products. Amongst males, more drastic actions in method of attempting suicide are used like hanging, gunshot and jumping from high places like bridges and buildings. There are also instances of self-inflicted burning (immolation) in some cases.

Black youths have been found in recent years to engage in suicide and suicidal tendencies, whereas in previous years the tendency was almost non-existent.

This calls for an investigation in Black adolescents' way of life and specifically in what their needs are. The latter is drawn from the profile presented; a task which was not easy as there exist little or no literature in this regard. This study should thus be seen as a precursor for further and more comprehensive and exclusive research especially on the social functioning of Blacks and their communities, in general. The results should be used to have sustainable school programmes aimed at the youth in general, but specifically those at risk and displaying destructive behaviour.

OPSOMMING

SLEUTELWOORDE:

Adolescent, jeug, selfmoord, selfmoordpoging/poging tot selfmoord, voorkoming, programme

Selfmoord en selfmoordpogings het oor die jare gestyg. Hierdie styging is nie slegs in buitelande aangeteken nie, maar in Suid Afrika is daar aansienlike hoë getalle van die fenomeen. As gevolg van hierdie styging, word die probleem tans as die grootste maatskaplike vraagstuk beskou veral onder die tieners in die breë gemeenskap/samelewing.

Volgens media berigte en voorgelegde statistieke is die jeug betrokke in gevaarlike gedrag en selfmoordpogings is aan die orde van die dag onder Swart adolessente. Die jongmens na-aap sy portuurgroep en is aanhoudend onder druk om te doen wat die groep doen. Konformiteit en aanvaarding is die wagwoord.

Die adolessent probeer selfmoord pleeg om probleme op te los. Van die redes wat aangevoer word is onder andere gesinsprobleme, akademiese aspekte, verhoudingsprobleme ensovoorts.

Daar is verskillende metodes wat aangewend word om selfmoord te pleeg, te wete, oordosering, veral onder vroulike persone tot inname van gevaarlike gifstowwe soos verbleikmiddels, haarprodukte ensovoorts. Onder manlike persone is daar meer drastiese metodes gebruik soos byvoorbeeld ophanging, wapenskote en afspring van hoë plekke soos bruê of geboue, om selfmoord te pleeg. Daar is ook gevalle van self afbranding aangemeld.

Selfmoordpleging en -pogings is aan die toeneem onder Swart adolessente en daar is bevind dat dit nie die geval was in die verlede nie. Hierdie toedrag van

sake het navorser aangespoor om ondersoek in te stel. Die profiel van die swart tiener het gepoog om inligting te bekom om die verband tussen selfmoordneigings onder die swart tiener en hul behoeftes te bepaal. Die resultate moet aangewend word om skoolprogramme daar te stel en in stand te hou en so die jeug te help. Veral diegene wat hoë-risiko gevalle blyk te wees sal baat vind by sulke voorkomingsprogramme. Navorser is van mening dat meer navorsing gedoen moet word veral op die funksionering van die swarte as individu en sy gemeenskap, in die algemeen.

DANKBETUIGINGS

Graag word met opregtheid die volgende individue bedank vir die hulp en ondersteuning, sonder wie se insette hierdie navorsingsverslag onmoontik sou gewees het:

- Prof. C.C Wessels (studieleier) vir leiding en bystand
- Prof. H. Strydom vir die hulp en bystand
- Me. I. Claasen vir puik en flukse werk met die taalversorging
- Die Hoof van Seiphemelo Hoërskool en die leerlinge vir hulle deelname en bereidwilligheid om aan die studie deel te neem
- Die bestuur van Klerksdorp/Tshepong Hospitaal kompleks vir hul begrip, bystand en hulp
- Die Departement van Onderwys
- My kinders Arthur, Eugene en Candice vir die begrip en ondersteuning
- Les bes, grootste en hoogste dank en eer aan my maker, God want sonder Hom is my lewe niks werd nie.

Met danksegging

Liz Smit

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

AGTERGROND TOT DIE STUDIE	1
1.1. INLEIDING	1
1.2. PROBLEEMSTELLING	2
1.3. DOELSTELLING	6
1.4. DOELWITTE	6
1.5. SENTRALE TEORETIESE STELLING	7
1.6. VOORONDERSOEK	7
1.6.1. Bestudering van literatuur	7
1.6.2. Die ervaring van deskundiges	8
1.6.3. Voorlopige verkenningstudie	10
1.7. AFBAKENING VAN DIE STUDIE	11
1.8. METODES VAN ONDERSOEK	11
1.8.1. Literatuurstudie	11
1.8.2. Empiriese ondersoek	11
1.8.2.1 Benadering tot die navorsing	12
1.8.2.2 Navorsingsontwerp	12
1.8.2.3 Prosedures	13
1.8.2.4 Etiese Aspekte	13
1.9. BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK	17
1.10. BEGRIPSOMSKRYWING	17
1.10.1. Adolessent	17
1.10.2. Selfmoordpoging	18
1.10.3. Selfmoord	18
1.10.4. Voorkoming	18
1.10.5. Program(me).....	19
1.10.6. Bemagting	19
1.11. STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG	20
1.12. SAMEVATTING	21
HOOFSTUK 2	2
NAVORSINGSMETODOLOGIE	22
2.1. INLEIDING	22
2.2. ONTWIKKELINGS- EN BENUTTINGSNAVORSING	22
2.2.1. Fase 1: Probleemanalise	22
2.2.2. Fase 2: Ontwikkelingsfase	25
2.2.3. Fase 3: Evalueringsfase.....	27
2.2.4. Fase 4: Diffusiefase	28
2.2.5. Fase 5: Aanvaardingsfase.....	29
2.3. NAVORSINGSMETODES	30
2.3.1. Navorsingsopname	30
2.3.2. Enkelstelselontwerp	32
2.3.2.1. <i>Proefpersone</i>	32
2.3.2.2. <i>Meetinstrument</i>	33
2.3.2.3. <i>Prosedures</i>	33
2.3.2.4. <i>Etiese aspekte</i>	33
2.3.2.5. <i>Data-analise</i>	34

2.3.2.6.	<i>Stappe van die enkelstelselontwerp</i>	35
2.3.2.6.1	Probleemidentifisering en probleemformulering	36
2.3.2.6.2	Ontwikkeling van doelstellings en van die hipotese.....	36
2.3.2.6.3	Literatuurstudie.....	37
2.3.2.6.4	Omskrywing van die afhanklike veranderlike.....	37
2.3.2.6.5	Omskrywing van die onafhanklike veranderlike.....	38
2.3.2.6.6	Opstel van navorsingsverslag.....	38
2.3.2.6.7	Verwerking van die data/ Ontleding van data	38
2.3.2.6.8	Evaluering van die program.....	39
2.3.2.6.9	Opstel van die navorsingsontwerp.....	39
2.3.2.6.10	Bepaling van struikelblokke	40
2.3.2.6.11	Verskillende enkelstelselontwerpe.....	40
2.3.2.6.12	Ontwerpe betrokke by veranderinge in intervensie.....	40
2.4.	SAMEVATTING	40
HOOFSTUK 3		43
SELFMOORDPOGINGS ONDER SWART ADOLESSENTE		43
3.1. INLEIDING		43
3.2. TEORIEË OOR SELFMOORD		43
3.2.1.	Sisteemteorie	44
3.2.2.	Ontwikkelingsteorie	45
3.2.3.	Sosiale teorie	46
3.3. METODES WAT VIR SELFMOORDPOGINGS GEBRUIK WORD		47
3.4. RISIKOFAKTORE IN DIE ADOLESENT SE ONMIDDELLIKE OMGEWING		50
3.4.1.	Die individu self.....	52
3.4.2.	Die gesin	53
3.4.3.	Die portuurgroep	55
3.4.4.	Die skool	56
3.4.4.1.	<i>Skepping van nuwe en volwasse verhoudings met ander individue</i>	59
3.4.4.2.	<i>Bereiking van manlike en vroulike maatskaplike rolle</i>	60
3.4.4.3.	<i>Bereiking van emosionele onafhanklikheid</i>	60
3.4.4.4.	<i>Voorbereiding vir die huwelik en gesin</i>	60
3.4.4.5.	<i>Voorbereiding vir ekonomiese beroep</i>	60
3.4.4.6.	<i>Verkry van waardes en 'n etiese sisteem</i>	61
3.4.4.7.	<i>Strewe na en bereiking van maatskaplik verantwoordelike gedrag</i>	61
3.4.5.	Die gemeenskap	62
3.5. SAMEVATTING		62
HOOFSTUK 4		63
DIE PROFIEL EN BEHOEFTE VAN DIE SWART ADOLESENT WAT SELFMOORD PROBEER PLEEG		63
4.1. INLEIDING		63
4.2. DIE PROFIEL VAN DIE ADOLESENT IN DIE ALGEMEEN		64
Emosionele ontwikkeling van die adolessent		65
4.2.1.		65
4.2.2. Eienskappe van die adolessent wat selfmoord oorweeg en daartoe neig		65
4.2.3 BEHOEFTE VAN DIE ADOLESENT		67
4.2.3.1.	Behoefte aan erkenning	68
4.2.3.2.	Behoefte om te behoort.....	68
4.2.3.3.	Behoefte aan passie	69

4.2.3.4. Behoeftte aan droom en idealisering.....	69
4.2.3.5. Behoeftte aan identifisering en nabootsing	69
4.2.3.6. Behoeftte aan gesondheid (gesonde lewe).....	70
4.2.3.7. Behoeftte aan inligting.....	70
4.3. PROFIEL VAN DIE SWART ADOLESSENT	70
4.3.1. Inleiding.....	71
4.3.2. Geslag.....	71
4.3.3. Ouderdomme van respondente.....	71
4.3.4. Taalklassifikasie	73
4.3.5. Portuurdruk	74
4.4. GESINSGESKIEDENIS	74
4.4.1. Gesinsamestelling.....	74
4.4.2. Verhouding met sibbe	75
4.4.3. Verhouding met ouers.....	76
4.5. SKOOLVERHOUDINGS	77
4.5.1. Skoolgraad van respondente	78
4.5.2. Verhouding met onderwyser	78
4.5.3. Skoolprestasie.....	79
4.5.4. Skoolaktiwiteite	79
4.5.5. Aspekte wat die skool aangenaam maak.....	80
4.6. SEKONDÊRE VERHOUDINGS	80
4.6.1. Verhouding met die teenoorgestelde geslag.....	80
4.6.2. Invloed van vriende	81
4.6.3. Romantiese verhouding	81
4.7. SELFMOORD	82
4.7.1. Bewustheid van selfmoord	82
4.7.2. Metodes van selfmoord.....	83
4.7.3. Redes vir selfmoordpogings.....	84
4.7.4. Programme	86
4.8. BESPREKING	88
4.9. SAMEVATTING.....	89
HOOFSTUK 5.....	89
DIE INHOUD VAN 'N PROGRAM VIR DIE VOORKOMING VAN SELFMOORD EN	89
DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ROL IN DIE DAARSTELLING DAARVAN	89
5.1. INLEIDING	89
5.2. DIE DOEL VAN VOORKOMING	89
5.3. VOORKOMINGSPROGRAMME	90
5.3.1. Primêre voorkoming	91
5.3.1.1. <i>Skoolgebaseerde program</i>	92
5.3.1.2. <i>Risikoverminderingsprogram</i>	93
5.3.1.3. <i>Massamedia-programme</i>	93
5.3.2. Sekondêre voorkoming	93
5.3.3. Tersieêre voorkoming	94
5.3.4. Groepterapie	95
5.3.5. Kognitiewe gedragsbenadering.....	96
5.3.6. Gesinsbenadering	97
5.3.7. Onmiddellike emosionele ondersteuning	98
5.3.8. Ander hulpverleningsvorme wat in die program benut kan word.....	98
5.3.9. Addisionele toevoeging tot die program.....	101

Tabel 2.1 Stappe van Enkelstelselontwerp	38
Tabel 3.1 Metodes wat vir selfmoordpogings gebruik word	52
Tabel 4.1 Die Profiel van die Adolessent.....	70
Tabel 5.1-5.8 Groepwerk en Groepwerk Sessies	112
Tabel 6.1 – 6.11 Ontleding van Data	128
Diagram 1: Adolessent en sy onmiddellike omgewing	99

AANHANGSELS

- (i) Die Vraelys
- (ii) PMSI Vraelys
- (iii) Foto's

Beantwoord al die vrae en merk met x in die toepaslike blokkie.

A. PERSOONLIKE BESONDERHEDE

1. Wat is jou geslag?

Manlik		Vroulik	
--------	--	---------	--

2. Wat is jou ouderdom?

10-12		13-15		16-18		19-21	
-------	--	-------	--	-------	--	-------	--

3. Watter rassegroep is jy?

Blank		Indies		Kleurling		Swart	
-------	--	--------	--	-----------	--	-------	--

4. Wat is jou huistaal?

Afrikaans		English		Nguni		Tswana	
-----------	--	---------	--	-------	--	--------	--

5. Hoe sal jy jouself beskryf?

Sterk	
Swak	

B. GESINSGESKIEDENIS

6. Lewe albei jou ouers nog?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

7. Hoeveel broer(s) en suster(s) het jy?

Broers		Susters		Geen	
--------	--	---------	--	------	--

8. Hoeveel van jou broers en susters is op skool?

Broers		Susters		Geen	
--------	--	---------	--	------	--

9. Hoe sal jy die verhouding tussen jy en jou ouers beskryf?

Goed	
Sleg	

10. Hoe is die verhouding tussen jy en jou broers en susters?

Goed	
Sleg	

11. Beskryf jou huis atmosfeer.

Ondersteuned	
Liefdevol	
Warm	
Koud	

C. SKOOLVERHOUDINGS

12. Watter graad is jy?

4-6		7-9		10-12	
-----	--	-----	--	-------	--

13. Hoe is die verhouding tussen jy en die onderwyser(s)?

Goed	
------	--

Sleg	
------	--

14. Sal jy se dat jy genoeg aandag en belangstelling van jou skool en onderwyser kry?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

15. Hoe sal jy jou prestasie beskryf?

Hoog	
Laag	
Swak	
Kan verbeter	

16. Neem jy deel aan enige skoolaktiwiteite?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

17. Wat sal die skool aangenamer maak?

Verduidelik

.....
.....
.....

D. SEKONDERE VERHOUDINGS

18. Het jy enige vriende by die skool?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

Indien nee, verduidelik

.....
.....
.....

19. Dink jy dat jou vriende jou verstaan en aanvaar?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

20. Word jy maklik deur vriende beïnvloed?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

21. Is jy betrokke in 'n liefdesverhouding?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

Indien ja, is die verhouding stabiel?

Ja	
Nee	
Onseker	

{Tensy jy in die positief gereageer het, antwoord hierdie opvolg vrae, indien nie, gaan na vraag 24}

22. Hoe lank is jy in hierdie lefdesverhouding?

0-6 maande	
6-9 maande	
9-12 maande	
Meer as een jaar	

23. Wat sal jy doen as die verhouding eindig?

Aanvaar	
Nie aanvaar nie	

Brei uit

.....
.....

E. SELFMOORD

24. Verstaan jy die konsep selfmoord?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

25. Ken jy iemand wat selfmoord gepoog/gepleeg het?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

26. Het jy al ooit selfmoord oorweeg?

Soms	
Selde	
Gedurig	
Nooit	

27. Dink jy selfmoord is 'n opsie vir probleemoplossing?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

28. Sal jy jou lewe neem vir enige rede watookal?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

Indien ja, wat sal jy gebruik om jou lewe te neem?

Oordosis Pille	
Ophang	
Vergas	
Wapen (Skiet)	
Ander	

29. Wat dink jy spoor 'n mens aan om selfmoord te oorweeg?

Swak verhouding met ouers	
Swak skoolprestasie	
Ongelukkige liefdesverhoung	
Eensaamheid	
Ander	

30. Is jy bewus van enige programme in jou gemeenskap/by die skool wat daarop gemik is om mense met hul probleme te help?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

Indien ja, noem sulke program(me)

31. Sal jy deel neem aan so 'n program?

Ja		Nee	
----	--	-----	--

Dankie vir jou samewerking.

E. Smit
(Studente Maatskaplike Werker)

Personal Multi-Screening Inventory (PMSI) Persoonlike Multi-Sifting Inventaris (PMSI)



Naam / Name:



Datum / Date: Ouderdom / Age:

Geslag / Gender: Huistaal / Home Language:



If a specific item is not applicable, please encircle the X on the answer sheet.
Indien 'n spesifieke item nie van toepassing is nie, omsirkel die X op die antwoordblad.

1.	1 2 3 4 5	54.	1 2 3 4 5	107.	1 2 3 4 5	160.	1 2 3 4 5	213.	1 2 3 4 5 X
2.	1 2 3 4 5	55.	1 2 3 4 5	108.	1 2 3 4 5	161.	1 2 3 4 5	214.	1 2 3 4 5 X
3.	1 2 3 4 5	56.	1 2 3 4 5	109.	1 2 3 4 5	162.	1 2 3 4 5	215.	1 2 3 4 5 X
4.	1 2 3 4 5	57.	1 2 3 4 5	110.	1 2 3 4 5	163.	1 2 3 4 5	216.	1 2 3 4 5 X
5.	1 2 3 4 5	58.	1 2 3 4 5	111.	1 2 3 4 5	164.	1 2 3 4 5	217.	1 2 3 4 5 X
6.	1 2 3 4 5	59.	1 2 3 4 5	112.	1 2 3 4 5	165.	1 2 3 4 5	218.	1 2 3 4 5 X
7.	1 2 3 4 5	60.	1 2 3 4 5	113.	1 2 3 4 5	166.	1 2 3 4 5	219.	1 2 3 4 5 X
8.	1 2 3 4 5	61.	1 2 3 4 5	114.	1 2 3 4 5	167.	1 2 3 4 5	220.	1 2 3 4 5 X
9.	1 2 3 4 5	62.	1 2 3 4 5	115.	1 2 3 4 5	168.	1 2 3 4 5	221.	1 2 3 4 5 X
10.	1 2 3 4 5	63.	1 2 3 4 5	116.	1 2 3 4 5	169.	1 2 3 4 5	222.	1 2 3 4 5 X
11.	1 2 3 4 5	64.	1 2 3 4 5	117.	1 2 3 4 5	170.	1 2 3 4 5	223.	1 2 3 4 5 X
12.	1 2 3 4 5	65.	1 2 3 4 5	118.	1 2 3 4 5	171.	1 2 3 4 5	224.	1 2 3 4 5 X
13.	1 2 3 4 5	66.	1 2 3 4 5	119.	1 2 3 4 5	172.	1 2 3 4 5	225.	1 2 3 4 5 X
14.	1 2 3 4 5	67.	1 2 3 4 5	120.	1 2 3 4 5	173.	1 2 3 4 5	226.	1 2 3 4 5 X
15.	1 2 3 4 5	68.	1 2 3 4 5	121.	1 2 3 4 5	174.	1 2 3 4 5	227.	1 2 3 4 5 X
16.	1 2 3 4 5	69.	1 2 3 4 5	122.	1 2 3 4 5	175.	1 2 3 4 5	228.	1 2 3 4 5 X
17.	1 2 3 4 5	70.	1 2 3 4 5	123.	1 2 3 4 5	176.	1 2 3 4 5	229.	1 2 3 4 5 X
18.	1 2 3 4 5	71.	1 2 3 4 5	124.	1 2 3 4 5	177.	1 2 3 4 5	230.	1 2 3 4 5 X
19.	1 2 3 4 5	72.	1 2 3 4 5	125.	1 2 3 4 5	178.	1 2 3 4 5	231.	1 2 3 4 5 X
20.	1 2 3 4 5	73.	1 2 3 4 5	126.	1 2 3 4 5	179.	1 2 3 4 5	232.	1 2 3 4 5 X
21.	1 2 3 4 5	74.	1 2 3 4 5	127.	1 2 3 4 5	180.	1 2 3 4 5	233.	1 2 3 4 5 X
22.	1 2 3 4 5	75.	1 2 3 4 5	128.	1 2 3 4 5	181.	1 2 3 4 5	234.	1 2 3 4 5 X
23.	1 2 3 4 5	76.	1 2 3 4 5	129.	1 2 3 4 5	182.	1 2 3 4 5	235.	1 2 3 4 5 X
24.	1 2 3 4 5	77.	1 2 3 4 5	130.	1 2 3 4 5	183.	1 2 3 4 5	236.	1 2 3 4 5 X
25.	1 2 3 4 5	78.	1 2 3 4 5	131.	1 2 3 4 5	184.	1 2 3 4 5	237.	1 2 3 4 5 X
26.	1 2 3 4 5	79.	1 2 3 4 5	132.	1 2 3 4 5	185.	1 2 3 4 5	238.	1 2 3 4 5 X
27.	1 2 3 4 5	80.	1 2 3 4 5	133.	1 2 3 4 5	186.	1 2 3 4 5	239.	1 2 3 4 5 X
28.	1 2 3 4 5	81.	1 2 3 4 5	134.	1 2 3 4 5	187.	1 2 3 4 5	240.	1 2 3 4 5 X
29.	1 2 3 4 5	82.	1 2 3 4 5	135.	1 2 3 4 5	188.	1 2 3 4 5	241.	1 2 3 4 5 X
30.	1 2 3 4 5	83.	1 2 3 4 5	136.	1 2 3 4 5	189.	1 2 3 4 5	242.	1 2 3 4 5 X
31.	1 2 3 4 5	84.	1 2 3 4 5	137.	1 2 3 4 5	190.	1 2 3 4 5	243.	1 2 3 4 5 X
32.	1 2 3 4 5	85.	1 2 3 4 5	138.	1 2 3 4 5	191.	1 2 3 4 5	244.	1 2 3 4 5 X
33.	1 2 3 4 5	86.	1 2 3 4 5	139.	1 2 3 4 5	192.	1 2 3 4 5	245.	1 2 3 4 5 X
34.	1 2 3 4 5	87.	1 2 3 4 5	140.	1 2 3 4 5	193.	1 2 3 4 5	246.	1 2 3 4 5 X
35.	1 2 3 4 5	88.	1 2 3 4 5	141.	1 2 3 4 5	194.	1 2 3 4 5 X	247.	1 2 3 4 5 X
36.	1 2 3 4 5	89.	1 2 3 4 5	142.	1 2 3 4 5	195.	1 2 3 4 5 X	248.	1 2 3 4 5 X
37.	1 2 3 4 5	90.	1 2 3 4 5	143.	1 2 3 4 5	196.	1 2 3 4 5 X	249.	1 2 3 4 5 X
38.	1 2 3 4 5	91.	1 2 3 4 5	144.	1 2 3 4 5	197.	1 2 3 4 5 X	250.	1 2 3 4 5 X
39.	1 2 3 4 5	92.	1 2 3 4 5	145.	1 2 3 4 5	198.	1 2 3 4 5 X	251.	1 2 3 4 5 X
40.	1 2 3 4 5	93.	1 2 3 4 5	146.	1 2 3 4 5	199.	1 2 3 4 5 X	252.	1 2 3 4 5 X
41.	1 2 3 4 5	94.	1 2 3 4 5	147.	1 2 3 4 5	200.	1 2 3 4 5 X	253.	1 2 3 4 5 X
42.	1 2 3 4 5	95.	1 2 3 4 5	148.	1 2 3 4 5	201.	1 2 3 4 5 X	254.	1 2 3 4 5 X
43.	1 2 3 4 5	96.	1 2 3 4 5	149.	1 2 3 4 5	202.	1 2 3 4 5 X	255.	1 2 3 4 5 X
44.	1 2 3 4 5	97.	1 2 3 4 5	150.	1 2 3 4 5	203.	1 2 3 4 5 X	256.	1 2 3 4 5 X
45.	1 2 3 4 5	98.	1 2 3 4 5	151.	1 2 3 4 5	204.	1 2 3 4 5 X	257.	1 2 3 4 5 X
46.	1 2 3 4 5	99.	1 2 3 4 5	152.	1 2 3 4 5	205.	1 2 3 4 5 X	258.	1 2 3 4 5 X
47.	1 2 3 4 5	100.	1 2 3 4 5	153.	1 2 3 4 5	206.	1 2 3 4 5 X	259.	1 2 3 4 5 X
48.	1 2 3 4 5	101.	1 2 3 4 5	154.	1 2 3 4 5	207.	1 2 3 4 5 X	260.	1 2 3 4 5 X
49.	1 2 3 4 5	102.	1 2 3 4 5	155.	1 2 3 4 5	208.	1 2 3 4 5 X	261.	1 2 3 4 5 X
50.	1 2 3 4 5	103.	1 2 3 4 5	156.	1 2 3 4 5	209.	1 2 3 4 5 X	262.	1 2 3 4 5 X
51.	1 2 3 4 5	104.	1 2 3 4 5	157.	1 2 3 4 5	210.	1 2 3 4 5 X	263.	1 2 3 4 5 X
52.	1 2 3 4 5	105.	1 2 3 4 5	158.	1 2 3 4 5	211.	1 2 3 4 5 X	264.	1 2 3 4 5 X
53.	1 2 3 4 5	106.	1 2 3 4 5	159.	1 2 3 4 5	212.	1 2 3 4 5 X	265.	1 2 3 4 5 X





HOOFSTUK 1

AGTERGROND TOT DIE STUDIE

1.1. INLEIDING

Selfmoordpleging en selfmoordpoging word beskou as van die vernaamste maatskaplike probleme waarmee jongmense te kampe het. Uit die literatuur wat bestudeer is, blyk dit dat die aantal onvoltooide selfmoordpogings onder adolessente daaglik toeneem. Volgens die verslag van Statistiek Suid-Afrika (2004-2009:iii) het ongeveer 1 534 selfmoordpogings in die tydperk 2000-2003 onder adolessente voorgekom. In 'n Sondagblad (Rapport, 2004:19) is berig dat 9% jongmense en meer as 'n derde van alle hospitaal pasiënte selfmoordneigings in hul tienerjare openbaar. Volgens genoemde opname het 4% van alle skoolkinders in 2002 selfmoordgedagtes gekoester en in 2003 het hierdie syfer tot 24% gestyg. By byna 8% van hierdie gevalle was daar daadwerklike selfmoordpogings. In die buiteland en Kanada spesifiek, is 'n studie oor selfmoord onder adolessente deur Langille et al. (2012:1549) onderneem. Daarin het hulle bevind dat selfmoord 'n derde van die sterftesyfer onder adolessente in die ouderdomsgroep 15 tot 24 uitmaak, terwyl 10% van hoërskoolkinders in Amerika al selfmoord probeer pleeg het.

Dit is die navorser se mening in hierdie studie dat maatskaplike probleme die swart adolessent in Suid-Afrika so kan oorweldig dat hy/sy nie die lewenstrauma kan hanteer nie en dit tot selfmoordgedagtes aanleiding kan gee. Dit wil voorkom asof sommige probleme by kinders direk verband hou met hulle biologiese of persoonlikheidsamestelling, terwyl ander weer deur bepaalde omgewingsfaktore beïnvloed word wat hulle weerloos laat teen lewenstrauma. Laasgenoemde stellings – naamlik watter sake aanleiding gee tot die toename in selfmoordpogings onder swart adolessente – is in hierdie ondersoek getoets ten einde by die kern van die probleem uit te kom en 'n voorkomingsprogram daar te stel. Navorser het vasgestel dat daar min literatuur en navorsing oor die swart adolessent bestaan en poog deur hierdie ondersoek om lig te werp op hierdie maatskaplike vraagstuk.

Navorser gaan probeer om met hierdie navorsing ondersoek in te stel na die metodes en oorsake van selfmoordpoging onder swart adolessente deur te bepaal wat die behoeftes van die swart adolessent is, asook deur die evaluering van 'n **maatskaplikewerk-voorkomingsprogram**.

1.2. PROBLEEMSTELLING

Uit mediaberigte kan daar afgelei word dat selfmoordpleging onder adolessente toeneem. Brunsdon en Janse van Rensburg (2003:2) wys daarop dat die toename in tienerselfmoord sowat 19% per 100 000 in Suid-Afrika uitmaak. Matla en Madu (2003:126) het in hul navorsing bevind dat selfmoord en selfmoordneigings in verskillende dele van die wêreld toeneem. In die Klerksdorp/Tshepong Hospitaalkompleks in die Noordwes-Provinsie (2004-2009) was daar ook 'n beduidende toename van sowat 140 gevalle per jaar volgens hul 2004-2009 selfmoordstatistiek. Hieruit kan die afleiding dus gemaak word dat 'n groot aantal adolessente selfmoordpogings aanwend.

Na die navorser se mening is daar baie kinders in die ouderdomsgroep tussen 14 en 19 jaar wat selfmoordgedagtes koester, en ook selfmoordpogings aanwend. Bogenoemde stelling word deur Matla en Madu (2003:126) bevestig, terwyl beide Brunsdon en Janse van Rensburg (2003:2) en Langille et al. (2012:1549) beweer dat die meeste selfmoordpogings onder adolessente tussen die ouderdom 15 tot 24 jaar voorkom. Perkins (2010:1) haal statistiek aan uit 'n gesondheidspublikasie wat daarop dui dat veral jonger kinders (10-14 jaar oud) en adolessente (15-19) probeer selfmoord pleeg. In 'n koerantberig (Rapport, 2004:19) word gemeld dat selfmoordpogings by tieners in die ouderdomsgroep 10 tot 14 jaar sedert 1980 met 120% toegeneem het. Carr (2002:37) laat hom soos volg hieroor uit "… teenage suicide isn't a rare event and is on the increase, particularly amongst male teenagers between 15 and 19 years". Larson et al. (2002:74) beaam dit deur te sê dat "... 80% self-infliction takes place between ages 15-24 years". Long (in Zimmerman & Asnis, 1995:21) bevestig laasgenoemde en voeg by dat "... more or less 5 000 people 24 years and younger committed suicide during 1988". Hieruit is dit duidelik dat kinders in die ouderdomsgroep 14 tot 19 jaar 'n besliste risikogroep vir selfmoord is.

Die persoon wat selfmoordneigings toon, het hulp nodig. Hierdie stelling word deur Brunsdon en Janse van Rensburg (2003:4) bevestig en soos volg opgesom: "gegewe die snelle ontwikkelings wat die jongmense tydens die adolessentefase op die terrein van die fisiese, kognitiewe, konatiewe en die affektiewe beleef, is dit begryplik dat die potensiaal vir emosionele krisisse op hierdie stadium groot is". In 'n studie oor selfmoordpoging onder swart Amerikaanse studente sê Wang et al.

(2012:459) dat "... coping is the cognitive and behavioural efforts of an individual to manage external or internal demands rising from stressful life events". Hiermee bedoel hulle dat die swart adolessent ook 'n mate van stres beleef en identifiseer dit as die probleem wat nie hanteer kan word nie. Sommige adolessente wat selfmoord probeer pleeg, wil waarskynlik nie regtig sterf nie, maar uiter eerder 'n noodkreet omdat hulle aan stres ly en/of 'n probleem ervaar wat hulle nie kan oplos nie. Eintlik hoop hulle dat iemand hulle sal raaksien en na hulle sal luister. Wang et al. (2012:459) sê verder dat daar konsensus in die literatuur is dat emosiegeoriënteerde selfbeheer gepaard gaan met hoë vlakke van selfmoordgeneigde gedrag. Hieruit kan daar afgelei word dat hoe hoër die emosievlak van die adolessent is, hoe groter is die moontlikheid dat hy selfmoord sal probeer pleeg.

Klott en Jongsma (2004:1) het die adolessent se geneigdheid tot selfmoord soos volg beskryf: "Men and women who seek help do so because the pain they are experiencing has escalated to an unbearable level and they feel out of control. Ironically suicide becomes a problem-solving strategy." Hieruit is dit duidelik dat die adolessent wat 'n selfmoordpoging aanwend of dit oorweeg, nie wil sterf nie maar in der waarheid emosioneel verward is en in nood verkeer.

Volgens Brunson en Janse van Rensburg (2003:3) speel omgewingsinvloede en persoonlike aspekte soos selfbeeld ook 'n rol in die lewe van die adolessent wat selfmoord oorweeg. Volgens hulle kan adolessensie as lewensfase 'n sterk bydraende faktor tot selfmoordpoging wees, terwyl dit navorser se mening is dat dit ook gepaard gaan met die psigososiale welstand van die adolessent.

Probleme wat deur adolessente ondervind word, is meestal 'n manifestasie van gesinsprobleme en nie uitsluitlik van persoonlike probleme nie. Gesinsprobleme, psigososiale probleme en ouerlike patologie is enkele oorsake wat deur Matla en Madu (2003:12-13) en Pelkonen en Marttunen (2003:247-249) uitgewys word. De Man, Leduc en Labreche-Gauthier (2003:245-250) het in 'n studie oor ouer-kindverhoudings in Hongkong bevind dat ouerliefde en aandag (of eerder die gebrek daaraan) 'n oorsaaklike rol kan speel by die adolessent wat selfmoordneigings en -denke openbaar.

Wat geslag betref, is die meeste navorsers dit met mekaar eens dat vroue ongeveer 18% uitmaak van dié wat selfmoordneigings toon, vergeleke met 17.7% mans (Matla & Madu, 2003:130). Die verskil is gering, maar toon nietemin dat mans minder probeer selfmoord pleeg as vroue. Lester (2004:71) het in sy studie oor die voorkoming van selfmoord bewys dat mans minder (4.5%) selfmoordpogings aanwend vergeleke met vroue (11.6%). Navorsers is van mening dat hierdie verskil toegeskryf kan word aan die feit dat vroue meer emosioneel ingestel is as mans en maklik oorstelp raak en beheer oor 'n situasie verloor.

Die metodes van selfmoordgedrag verskil van individu tot individu. In 'n bekende dagblad (Beeld, 2008:11) is die inaseming van gifstowwe en inname van bleikmiddels as voorbeelde van die vernaamste metodes van of pogings tot selfmoord genoem, asook vergassing, oordosering en ophang. Hawton (in Madu & Matla, 2003:127) kom tot 'n belangrike en interessante gevolgtrekking, naamlik dat mans geneig is om hulself te skiet, op te hang of van 'n hoë gebou af te spring, terwyl die meeste vroue 'n oordosis pille sal neem of een van die mees nie-gewelddadige metodes uittoets, byvoorbeeld om 'n gifstof in te neem.

In hierdie ondersoek word verskeie redes vir selfmoordgedrag deur die adolessente aangevoer. Skrywers soos Lester (2004:72), asook Miller, McCullough en Johnson (2012:523) noem faktore soos gesinsverhoudings en die algehele makrosisteem as bydraend tot die selfmoordgedrag van die individu. Klott en Jongsma (2004:6) verwys na die volgende „client struggles“, naamlik gesinsgeskiedenis, huidige stressors, emosionele welstand, fisiese welstand, sosiale netwerke, interpersoonlike konflikte en selfbeeld, as faktore wat 'n rol speel by die adolessent met selfmoordneigings. Navorsers glo nietemin dat individuele gevalle as uniek hanteer behoort te word, veral wat die redes vir selfmoordpoging betref.

Wagner (2003:34) identifiseer die volgende oorsake as “risk factors which include cognitive and personality factors, sexual orientation, biological factors, family history of suicidal behaviour, parental psycho-pathology, parental divorce, impaired parent-child relationship, stressful life events, sexual or physical abuse, school problems and imitation of suicidal events amongst teenagers”. Volgens die rekords van die Klerksdorp/Tshepong Hospitaalkompleks (2004-2009) is verhoudingsprobleme in minstens 60% van die selfmoordgevalle die oorsaak van adolessente se selfmoordpogings. Hierdie feit word in 'n koerantartikel (Beeld, 2008:1) bevestig in 'n

berig oor 'n studie wat hulle onderneem het en waarin 90% van die meisies tussen ouderdom 14 en 18 erken het dat hulle selfmoord wou pleeg om die kêrel te straf. Uit bogenoemde blyk dit dat die meisie nie haar lewe wou neem nie, maar haar probleem nie kon oplos nie en dus 'n gevaarlike meganisme wou gebruik om antwoorde te kry.

In 'n Engelse dagblad (The Star, 2000:11), word die oorsake van selfmoord gegee as synde "too much academic pressure, overcrowding and lack of guidance teachers, the burden of matric, low self-esteem, impulsivity and imitation amongst teenagers". 'n Gesinstydskrif (Pace, 2003:11) lig emosionele pyn, diagnose van 'n siekte, die dood van 'n geliefde en fees- en vakansietye as oorsake uit. Laastens wys Bengliat (2001:64) soos aangehaal deur Brunsdon en Janse van Rensburg (2003:4) vinger na die adolessent se omgewing en noem onder andere die volgende as negatiewe en bydraende faktore tot die selfmoordneiging: die verdwyning van die middelklasgesin, die toename in enkelouergesinne, groter toegang tot dwelmmiddels en 'n algemene negatiewe toekomsblik.

Die omstandighede waarin die swart adolessent lewe, kan volgens die navorser ook 'n bydrae lewer tot die talle selfmoordpogings in Suid-Afrika. Die meeste swartmense bly in plakkerskampe wat min of geen geriewe het nie. Die meeste adolessente se ouers werk in huishoudings of as tuiniers en is oningelig en/of ongeletterd. Die huisgesin kan dus geen ondersteuningsstelsel aan 'n opgroeiende kind bied nie. Hierdie kinders word aan hulleself oorgelaat en word maklik deur negatiewe individue in die gemeenskap beïnvloed. Op hierdie wyse leer hulle by buitesisteme van wat om hulle aangaan, en dit is nie altyd positief nie. Miller et al. (2012:529) bevestig die belangrikheid van 'n gesonde gesinslewe en beweer dat "experimental studies have found that lower levels of family cohesion are associated with adolescent suicide". Hierdie stelling noodsaak 'n ondersoek na die swart adolessent se lewensbeskouing en die mate waarin hy bemagtig word om die lewe aan te pak en 'n gesonde gesinslewe te benut.

Wat ook al die geval, dit blyk uit bogenoemde dat selfmoordpogings 'n uitdaging aan almal stel: die slagoffer, sy familie en naaste, sy vriende en professionele persone in die hulpprofessies word almal by hierdie saak betrek. Alhoewel die volgende nie deel van die oorhoofse navorsing was nie, het navorser na aanleiding van die talle aanmeldings van selfmoordpogings van jongmense by die hospitaal, besoeke by die skole afgelê. Tydens hierdie besoeke was die leerders aangespreek oor selfmoord,

die gevare, waarskuwingstekens en alles wat dit behels. Na navorser se mening is daar geen programme by die skole in die Noord Wes in plek om tieners in te lig en te bemagtig om onder andere aspekte soos selgmoord aan te spreek nie. Die huidige navorsing maak gevolglik deel uit van die PLAY-projek (“Physical Activity in the Young”) onder leiding van die Vakgroep Voeding van die Noordwes-Universiteit (NWU) (Potchefstroomkampus). Die inisiatief is multidissiplinêr en betrek verskillende dissiplines soos maatskaplike werk, dieetkunde, biokinetika en fisiologie.

Die vraag wat onwillekeurig gestel kan word, is of hierdie selfmoordtendens aan die toeneem is by die swart adolessent en of daar „n noodsaaklikheid bestaan om maatskaplike werk voorkomingsprogram daar te stel?

Die volgende navorsingsvrae spruit voort uit die voorafgaande probleemstelling:

- Oor watter kennis en vaardighede behoort adolessente te beskik ten einde in hulle eie emosionele behoeftes te kan voorsien?
- Wat is die aard, omvang en oorsake van selfmoord onder swart adolessente en watter metodes van selfmoord kom die meeste voor?
- Watter behoeftes ervaar swart adolessente in die algemeen?
- Wat is die taak van die maatskaplike werker ten opsigte van die swart adolessent ten einde selfmoord te voorkom?
- Waarvoor behoort ’n maatskaplikewerk-voorkomingsprogram voorsiening te maak ten einde selfmoord by die swart adolessent te voorkom en die lewensgehalte van die adolessent te verbeter?

1.3. DOELSTELLING

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om na aanleiding van die empiriese bevindings van die behoefte bepaling en die literatuurstudie ’n maatskaplikewerk-voorkomingsprogram op te stel en dit te evalueer ten einde selfmoordpogings en -neigings by adolessente te voorkom en hulle lewensgehalte te verbeter.

1.4. DOELWITTE

Om bogenoemde doel te verwesenlik is die volgende doelwitte gestel:

- Om aan die hand van die literatuurstudie en empiriese ondersoek spesifieke kennis en vaardighede te identifiseer waarvoor adolessente behoort te beskik om in hulle eie emosionele behoeftes te kan voorsien.
- Om op grond van 'n empiriese ondersoek die aard en omvang, oorsake en metodes van selfmoord onder adolessente in swart gemeenskappe te bepaal.
- Om die adolessent se behoeftes te bepaal
- Om deur middel van 'n literatuurstudie die taak van die maatskaplike werker ten opsigte van adolessente met selfmoordneigings te identifiseer en te omskryf
- Om 'n maatskaplikewerk-voorkomingsprogram te ontwikkel en te evalueer ten einde vas te stel of dit geskik is om die adolessent se lewensgehalte te verbeter en selfmoordneigings by hom te bekamp.

1.5. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Selfmoordpoging onder tieners en jong kinders is aan 't styging in Suid-Afrika en die swart tiener in die Noord-Wes provinsie is nie „n uitsondering nie. Daar is klaarblyklik nie of genoegsame inligting oor die swart tiener en sy behoeftes en programme om die swart tiener te bemagtig nie. Grotendeels by skole kan sulke programme vir die tiener van nut wees en die selfmoord tendens die hoof bied. Indien jongmense toegerus word om in hul eie psigososiale behoeftes te voorsien en hulle lewensgehalte te verbeter, sal minder selfmoordpogings aangewend word.

1.6. VOORONDERSOEK

Die voorondersoek help die navorser om onvoorsiene probleme vroegtydig te identifiseer en wysigings dienooreenkomstig aan te bring. Dit bied nie alleen aan die navorser die geleentheid om haarself te oriënteer ten opsigte van die probleem nie, maar ook om op hoogte te kom van die aard en omvang van die probleem, sodat die terrein afgebaken kan word (Strydom, 2000:43).

Strydom (2000:43) onderskei vier aspekte van 'n voorondersoek:

- Die bestudering van literatuur
- Die ervaring van deskundiges
- Voorlopige verkenningsstudie en

- Intensiewe studie van strategiese eenhede

In hierdie navorsing is daar slegs van die eerste drie aspekte gebruik gemaak. Die vierde aspek, naamlik die intensiewe studie van strategiese eenhede, is nie in hierdie ondersoek uitgevoer nie, aangesien die hele program daarvolgens herhaal sou moes word.

1.6.1. Bestudering van literatuur

Volgens Royse (2004:40) help die literatuurstudie om die verband tussen die navorsingsprobleem en die bestaande teorie te bring. Die teorie is gebruik om rigting aan die studie te verleen asook om aspekte van die studie te verduidelik. Die navorser stem saam met De Vos et al. (2011:358) dat dit veral belangrik is om inligting in te win voordat daar met die ondersoek begin word. Die doel met die literatuurstudie was om die beskikbare materiaal wat oor die die onderwerp *voorkomingsprogramme ter voorkoming van selfmoord* en die toepaslike navorsingmetodologie handel, te bestudeer, asook ander relevante inligting wat lig sou werp oor die tendens. Die werk van De Vos et al. (2002), Grinnell, (1993) en Strydom (2000) is in hierdie geval ook benut. Talle tydskrifte asook koerante en professionele tydskrifte oor die onderwerp is nageslaan. Die databasis in die biblioteek van die NWU (Potchefstroomkampus) is deurentyd gebruik om inligting oor die onderwerp te bekom. Navorser het agtergekom dat daar min inligting oor die onderwerp bestaan.

Verslae oor gevalle by die Klerksdorp/Tshepong Hospitaal is ook in die ondersoek gebruik. Pasiënte (jongmense in hierdie geval) wat in die tydperk 2004-2009 vanweë selfmoordpogings in die hospitaal opgeneem is, is deur die maatskaplike werker geassesseer en die redes vir die selfmoordpogings is ondersoek. Die familie of naastebestaandes is gewoonlik betrek om lig te werp op die redes waarom die adolessent selfmoordgedrag openbaar. Hierdie inligting het die navorser in staat gestel om die tendens noukeurig te bestudeer. Dit dien hier vermeld te word dat daar min literatuur oor die swarte bestaan, en spesifiek oor die swart tiener se behoeftes en lewensbeskouing om meetbare en wetenskaplike vergelyking te maak met ander rassegroep om gevolgtrekkings te maak of hierdie behoeftes bevredig is of te nie, en of dit enigsins bydrae het tot selfmoordneigings al dan nie.

1.6.2. Die ervaring van deskundiges

Alle gevalle (Selfmoordpogingsgevalle) wat in die tydperk 2004-2009 by die Klerksdorp/Tshepong Hospitaal hanteer is, is bestudeer. Die maatskaplike werker(s) wat by die gevalle betrokke was, is gekonsulteer oor byvoorbeeld die aard en omvang, oorsake en metodes van selfmoordpleging. Hul ervaring is gebruik om tendense te bepaal en wetenskaplike afleidings te maak. Die statistiek vir 2004 tot 2009 kan soos volg uiteengesit word:

Tabel 1.1: Gevalle van selfmoordpogings deur die maatskaplike werker hanteer – Klerksdorp/Tshepong Hospitaal

Jaar	Gevalle
2004	120
2005	135
2006	240
2007	442
2008	486
2009	620

(Klerksdorp/Tshepong Hospitaal Kompleks: Statistiek 2004-2009)

Navorsers wil graag noem dat hierdie getalle gebaseer is op die twee hospitale en dat „n geringe persentasie persone was bo die ouderdom van 21 jaar. Alhoewel die hospitaal aan alle rassegroep diens lewer, dien dit gemeld te word dat die swart gemeenskap die hoogste persentasie van die verbruikers uitmaak en dat Tshepong hospitaal in die swart woongebied geleë is. Die meerderheid het nie mediese skemas nie en besoek gevolglik die provinsiale hospitaal, terwyl die wit pasiënte die privaathospitale verkies omdat sommiges aan „n mediese skema behoort. Uit bostaande tabel is dit duidelik dat selfmoordpogings wat deur die maatskaplike werker in die hospitaal hanteer word, aansienlik toegeneem het. Gedurende 2005 het die tendens met vyftien gevalle toegeneem en in die daaropvolgende jare het dit

so te sê verdubbel, veral in 2007. Die hoogste toename het in 2007 voorgekom, met 200 gevalle meer as in die vorige jaar. Oor die afgelope vyf jaar het die gevalle met 500 gestyg. Dit is kommerwekkend hoog en daadwerklike optrede is nodig om hierdie probleem die hoof te bied.

In vergeleke met Potchefstroom hospitaal, het die navorser die nuutste statistieke bekom, gedeeltelik om die tendens te bepaal, en andersyds om „n vergelyking te tref.

Tabel 1.2: Gevalle van selfmoordpogings deur die maatskaplike werker hanteer- Potchefstroom hospitaal

Tydperk- 2012	Getal
Januarie-Maart	64
April-Junie	83
Julie-September	75
Oktober-Desember	92
Totaal	314

Quarterly Reviews: Potchefstroom Hospital (2012)

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die tendens van selfmoordpogings nie afkom nie. Dit is ook duidelik uit bogenoemde syfers dat veral tydens die tydperk van die eerste (83 gevalle) en derde kwartale (92 gevalle) getalle gestyg het. Volgens die maatskaplike werker van Potchefstroom hospitaal was daar gedurende Maart 2012 drie suksesvolle selfmoordgevalle en in dieselfde tydperk vanjaar een. Dié laaste geval is breindood verklaar. Sy noem verder dat 20% van hierdie gevalle in die ouderdom groep 40-45 jaar val, en dat die res, 80% uit swart jongmense wat selfmoord probeer pleeg het bestaan. Hierdie getal was volgens die maatskaplike werker tussen die ouderdomme van 14 en 19 jaar. “n Nuwe tendens volgens die maatskaplike werker by Potchefstroom hospitaal is dat adolessente tussen die ouderdomsgroep 16-17 jaar opgeneem word as selfmoordpogingsgevalle omdat hulle Satanisme beoefen en dat een van die tieners tans opgeneem is met

selfverbranding as gevolg daarvan. Die navorser is van mening dat as mens die statistiek in ag neem van selfmoordpogings onder jong mense is daar „n toename in die aantal gevalle.

1.6.3. Voorlopige verkenningsstudie

’n Voorlopige verkenningsstudie is onderneem om insig in die probleem te verkry en inligting is uit die biografiese en demografiese agtergrond van die respondente verkry. Dit sluit die seleksie van die navorsingsgroep, geslag, ouderdom en agtergrond in. Die inligting wat deur middel van onderhoudvoering en konsultasie met pasiënte verkry is, en die feit dat selfmoordpogings toeneem, het die navorser aangespoor om die probleem indringend te bestudeer.

1.7. AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Die navorser het die bestaande groep/steekproef van die PLAY-projek (Physical Activity in Youth) gebruik. Hierdie navorsingsprojek het onder die leiding gestaan van die Vakgroep Voeding van die NWU (Potchefstroomkampus) en het oor „n tydperk van drie jaar gestrek (2004-2006). Die respondente was leerders van die plaaslike hoërskool (Seiphemelo Hoërskool) in Ikageng, ’n swart woongebied naby Potchefstroom. Slegs leerders in graad agt was by die ondersoekgroep betrek en hul ouderdomme het gewissel van 14 jaar en ouer. Die doel met die projek was om fisiese aktiwiteite van swart tieners uit lae sosio-ekonomiese omgewing te ondersoek. Dit was dus gepas om hierdie groep, vanweë hulle omstandighede wat as „n risikofaktor beskou kan word, in hierdie ondersoek te betrek. Van hierdie bestaande/groep/steekproef is daar „n getal van 211 respondente benut.

1.8. METODES VAN ONDERSOEK

1.8.1. Literatuurstudie

Die ontleding van die literatuur het op die navorsingsmetodologie, met spesifieke verwysing na die navorsingsopname, enkelstelselontwerp, ontwikkelings- en benuttingsnavorsing, gefokus. Die werke van De Vos et al. (2002), Grinnell (2001) en Strydom (2000) is met aandag bestudeer.

Databasisse wat vir ’n sistematiese biblioteeksoektog benut is, was Nexus, Repertorium van Suid-Afrikaanse Tydskrifartikels, Social Work Abstracts, Social

Sciences Index, Psyclit, Dissertation Abstracts International en EBSCO HOST WEB. Omdat literatuur oor selfmoord onder swart adolessente nie geredelik beskikbaar is nie, is literatuur van verwante vakterreine, onder meer die Psigologie, Sosiologie, Kriminologie en Sosiale Antropologie vir hierdie ondersoek benut.

1.8.2. Empiriese ondersoek

Vir die doel van hierdie studie is die *Developmental Research and Utilisation* (DR&U) model in hierdie navorsing gebruik (Grinnell, 1981:595). Genoemde model bestaan uit vyf fases naamlik, probleemanalise, ontwikkeling, evaluering, diffusie en aanvaarding. Hierdie DR&U model sluit 'n aantal voorwaardes en operasionele stappe in, wat breedvoerig in die tweede hoofstuk bespreek word.

Die eerste fase, **probleemanalise** het ten doel die identifisering van onder andere die aard van die probleem. Navorsers het na die hantering van die aangemelde selfmoordpogingsgevalle, en die insameling van die statistiek in haar werksplek agtergekom dat die tendens in „n grootskaalse probleem ontaard en besluit om ondersoek in te stel. Die tweede fase, **ontwikkeling**, het aktiwiteite behels wat die roete van die probleemidentifisering en moontlike oplossings sal bepaal. Twee hoërskole in die Klerksdorp omgewing het navorsers gevra om inligting te verskaf rakende waarskuwingstekens van selfmoordneigings. Bewusmaking veldtog was gereël deur al die klasse vanaf graad 10 tot 12 toe te spreek. Dit is hieruit dat die idee van voorkoming posgevat het. Die leerders van Seiphemelo Hoërskool is in hierdie studie gebruik om die program daar te loots en die skool as „n eksperimentele model te gebruik. In die derde fase, **evaluering**, is die rigting van die ondersoek geëvalueer, omdat dit gebaseer was op die benutting van die nuwe produk. Die skool het ingewillig en die hoof het haar samewerking gegee omdat die werksaamhede opgevolg het op die eerste kontak waar die leerders die vraelys voltooi het. Tydens die vierde fase, **diffusie**, is die inligting met relevante bronne soos byvoorbeeld die Departement van Onderwys gedeel. Die skoolhoofde en departementshoofde van die distrik was teenwoordig. Die laaste en vyfde fase, **aanvaarding**, behels die volbrenging van die opgestelde oplossing en die verspreiding van die nuwe program (in hierdie geval die voorkomingsprogram en die implementering daarvan). Na afloop van die aanbiedinge is die Streekkantoor van die Departement van Onderwys in kennis gestel en die leerders wat deelgeneem

het, het sertifikaat ontvang. Die DR&U model is spesifiek gebruik omdat dit kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte van die navorsing byeenbring.

1.8.2.1. Benadering tot die navorsing

In hierdie navorsing is daar gebruik gemaak van die gemengde metode, naamlik beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing.

Die **kwantitatiewe** metode word deur Kirst-Ashman en Hull (2009:351) beskryf as “an objective numerical method to learn whether change has taken place, over time and in designated target behaviour”. Volgens hulle is een voordeel hiervan die feit dat “you can sometimes aggregate data from many studies in a technique called meta-analysis, the combining of results of several smaller studies like the single subject design”. Vir hierdie rede is die kwantitatiewe metode van ondersoek in die huidige navorsing gebruik. Die ander doel hiermee was om op objektiewe wyse die beperkings en geldigheid van die ondersoek te verstaan en te erken.

Die **kwalitatiewe** metode word verder deur Kirst-Ashman en Hull (2009:351) beskryf as, “designs to learn the experiences of a particular group of people and their goal”. Hierdie metode word gewoonlik gebruik om individue se ervarings te beskryf en te verken. Die navorser het hierdie metode veral gebruik omdat dit fokus op ’n beter begrip van en diepgaande ondersoek na die respondente se narratiewe, gevoelens, geloof en waardes. Respondente is gevra om aspekte van hul lewens te deel; hul belange, vrese, belangstellings, behoeftes en dies meer is onder andere bespreek om beter insae te bekom. In hoofstuk 6, word daar meer uitgebrei oor die respondente se respons oor vrae en hul gevoelens.

1.8.2.2. Navorsingsontwerp

Volgens navorser is die ontwerp ’n skema wat die navorser gebruik om tydens die ondersoek by die antwoorde uit te kom. In so ’n plan vind voorbereidings, beplannings en evaluasies plaas. Wessels (2004:9) verduidelik dat dit verder die basis vorm vir meer spesifieke voorbereidings ten opsigte van data-insameling wat moet plaasvind en die besondere instrumente wat gebruik moet word, byvoorbeeld die vraelyste en ander meetinstrumente.

Die navorsingsontwerp is volgens Strydom (2000:76) 'n navorsingsplan; 'n ondersoekstruktuur en -strategie om antwoorde op navorsingsvrae te vind. In hierdie ondersoek word van die beskrywende, verkennende en verklarende ontwerpe gebruik gemaak. Beskrywend omdat die selfmoord as 'n maatskaplike vraagstuk beskryf moet word om dit beter te verstaan, verkennend omdat dit waarskynlik veral by die swart adolessente 'n nuwe verskynsel is en verklarend omdat dit beter voorkom en behandel kan word (De Vos et al., 2002: 230).

Vir die doel van hierdie ondersoek is daar van die enkelstelontwerp gebruik gemaak. Hierdie navorsingsopname word breedvoerig in die tweede hoofstuk bespreek.

1.8.2.3. *Prosedures*

- Toestemming is van die Seiphemelo Hoërskool verkry om die program daar aan te bied en die navorsing daar te doen.
- Gedurende 2004 is „n selfopgestelde vraelys deur die leerders van Seiphemelo Hoërskool deur die navorser en twee hulpwerkers (as deel van die „Play Project“ van die NWU wat reeds deur die Etiekkomitee van die Noordwes-Universiteit goedgekeur was), deur middel van persoonlike onderhoude voltooi. Die doel hiermee was om te bepaal op watter mate die leerders bewus en betrokke is by destruktiewe gedrag soos „n selfmoordpoging, en in hoe „n mate hulle deel kan wees van die verandering wat „n voorkomingsprogram kan meebring.
- Met die oog daarop om betroubare response te verkry, is van tolke gebruik gemaak waar die respondente die items nie verstaan het nie.
- Die program is gedurende 2007 geloods om die tendens van selfmoord verder te bestudeer, asook om 'n bemagtigingsgroep op die been te bring. Dit het by Seiphemelo Hoërskool plaasgevind omdat leerders van hierdie skool die eksperimentele groep uitgemaak het.
- Hierdie groepsessies is by die skool aangebied en die skoolhoof en die onderwyser in beheer van Lewensoriëntering het gehelp met die selektering van die respondente.

- Die adolessent se behoeftes, kennis en vaardighede is ondersoek en word in Hoofstuk 4 bespreek. 'n Voor- en natoets is geloods.
- Die opstel van die program word breedvoerig in Hoofstuk 5 bespreek.

1.8.2.4. Etiese aspekte

Aandag is aan die volgende etiese aspekte geskenk:

- Toestemming van die ouers is via die skool verkry vir hul kinders om aan die program deel te neem, en die skool het ook sy ondersteuning daartoe gegee. Daar is vooraf aan die ouers verduidelik wat die ondersoek sou behels (Rubin & Babbie, 2005:71).
- Die veiligheid van die respondente is verseker deur die klaskamers as plek vir groepbyeenkomste te gebruik. Die NWU se lokale is ook tydens die ondersoek vir die voltooiing van die vraelys gebruik, wat veiligheid en beskerming aan elke leerder/respondent verleen het. Hierdie veiligheidsaspek word deur Hepworth et al. (2010:437) beklemtoon: "protection of life or privacy and confidentiality must be weighed when considering a tactic that may put them at risk". Dieselfde beklemtoning geld ook vir die volgende aspek, vertroulikheid.
- Vertroulikheid is ten alle tye verseker deurdat vraelyste anoniem voltooi is en dit slegs in die lokaal gebruik is. Die respondente is mondeling hiervan verseker, waaroor hulle hul goedkeuring uitgespreek het (Maree, 2011:41).
- Die respondente het vrywillig aan die program deelgeneem. Daar is nie onder valse voorwendsel aan hulle geldelike of materiële gunste belowe nie (De Vos et al., 2011:118). Die onderwyser wat aangewys is om die navorser by te staan het gehelp om die deelnemers in te lig oor wat die program behels. 'n Belangrike feit is volgens Hepworth, (2010.436) dat gemeenskappe behoeftes het en dat die maatskaplike werker of gemeenskapswerker slegs hulle help om dit te identifiseer en te prioritiseer.

1.8.2.5. Data-analise

Die navorser het in Fase 1 'n vraelys wat geslote en oop vrae in Engels bevat as (kwantitatiewe) metingsinstrument opgestel. Hierdie vrae is so opgestel dat dit aanklank sou vind by die adolessent se lewensmilieu en soos Hepworth et al.

(2010:333) beskryf as, “those measurements that are taken before implementing change-oriented interventions”. Dus sal die antwoorde bepaal watter hulp aangewend kan word om positiewe verandering mee te bring. Die vraelys het van die volgende opskrifte as riglyn gehad: (a) persoonlike besonderhede, wat die ouderdom, geslag en huistaal ingesluit het; (b) huis/gesinsamestelling, waaronder ouers (enkel of beide), sibbe en die algemene verhouding onderling; (c) skoolverhouding, onder meer verhouding met die skoolmaats en met die onderwysers, asook die adolessent se siening rakende die skool in die geheel; (d) romantiese verhoudings; en (e) selfmoordneigings en selfmoordpogings.

Die gestandaardiseerde meetinstrument wat in die evalueringsfase (Fase 3 van die DR&U model) gebruik is, is deur die Perspektief Kollege te Potchefstroom opgestel en verskaf. Die Engelstalige vraelys, die Personal Multi-Screening Inventory (PMSI) is as die gepaste meetinstrument beskou vanweë die inklusiwiteit van aspekte wat relevant is vir die bestudering van die adolessent se behoeftes, kennis en vaardighede, asook vir die opstel van die program. Die vraelys is gebruik as voor- en natoets vir die groep. Die Statistiese Konsultasiediens van die NWU (Potchefstroomkampus) het die data verwerk.

Die ontwerp wat gebruik is, was beskrywend, verkennend en verklarend. Kwantitatiewe data is aan die begin van die studie ingesamel en opgevolg met kwalitatiewe data wat die eerste fase kon verduidelik (De Vos et al., 2011:441).

1.8.2.6. Deelnemers

Leerlinge van „n skool in Potchefstroom (Seiphemelo Hoërskool) is as deelnemers gekies. Hierdie leerders was deel van die Noordwes Universiteit se navorsingsprojek, die PLAY-groep. Die skool is een van die plaaslike skole in Potchefstroom, wat in Ikageng geleë is wat weens hul hoogs kompeterende vermoëns geselekteer is om aan die projek deel te neem. Van die 211 leerlinge in graad agt (a-d) is 37 (wat deel uitgemaak het van fase 5) in dié program benut. Laasgenoemde is „n hoë getal om te gebruik vir groepwerk, maar die rede hiervoor was dat 40 leerders in die voor- en natoets gebruik sou word, maar slegs 37 kon op die ou einde geselekteer word. Die navorser het „n afspraak met die hoof gereël om toestemming te vra om die leerders by sy skool in „n voorkomingsprogram te gebruik. Hierdie skool is gekies omdat die leerders deel was van die PLAY projek (wat hierbo genoem is), en die navorser vir

kontinuiteitsonthulwe (voortgesette) die leerders weereens wou betrek het. Die kriteria wat die navorser gestel het om die leerders te selekteer was dat die leerders tussen graad 10 en graad 12 moet wees en ook tussen die ouderdomsgroep 14 jaar en 21 jaar. Die ander kriteria was dat leerders met selfmoordneigings en/of -gedrag deel van die groep moet uitmaak. Die Lewensoriënteringsonderwyser is deur die hoof aangestel om die navorser by te staan veral omdat hy in beheer is van die klas met leerders met gedragsprobleme. Volgens hom, was hy nie bewus van selfmoordgedrag in sy klas nie, maar dat daar wel risikogeval-leerders was met gedragsprobleme. Hierdie leerders is op hierdie wyse geselekteer vir die program.

1.9. BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Die volgende beperkings en leemtes is tydens die ondersoek ondervind:

- Taal: Die respondente praat Tswana as moedertaal, Engels as tweede en Afrikaans as derde taal. Dus moes die vrae (in Engels) so gestel word dat dit maklik verstaanbaar en interpreteerbaar kon wees. Die respondente kon hulself nie altyd behoorlik uitdruk nie, en tolke moes soms die vrae aan die respondente verduidelik.
- Die groepsessies by die skool is nie 100% bygewoon nie omdat sommige van die respondente ver van die skool af woon en soms direk na skool by die huis moes kom. Sommiges kon vanweë redes buite hul beheer (byvoorbeeld om sussies of boeties te gaan oppas) nie al die sessies bywoon nie.
- Die skool het nie altyd die nodige ondersteuning gegee nie en die respondente moes daaraan herinner word om die groepbyeenkomste by te woon.
- Nie al die grade is by die program ingesluit nie maar slegs respondente wat onder die voor- en natoets onderworpe was.

1.10. BEGRIPSOMSKRYWING

1.10.1. Adolessent

Die adolessent word gedefinieer as die persoon (kind) in die lewensfase beginnende by puberteit en eindigende in volwassenheid (Nuwe Maatskaplike Werk Woordeboek, 2004:2). Outeurs soos identifiseer tienerjare tussen 12 en 15 jaar,

sommige outeurs meen dat daar vroeë adolessensie jare bestaan tussen ouderdomme 13 en 15 en latere adolessente jare tussen 16 tot 19 jaar onderskeidelik (Borgen & Amundson, 1998:1; De Man et al. 1993:31). Navorsers het die tydperk tussen 13 en 21 jaar as verwysraamwerk vanweë die swarte se agterstand op talle samelewingsvlakke, maar veral op sosio-pedagogiese vlak.

Die adolessente fase kan dus ook beskou word as 'n fase tussen kindwees en vroeë volwassenheid. Adolessensie is volgens McWhirter (2004:40) die tydperk waarin onsekerheid beleef word en identiteit en onafhanklikheid ontwikkel word; 'n tydperk waar druk van sosiale aanpassing en heraanpassing verdere onstabieleit kan meebring. Daar word veral onderskei tussen die volgende emosionele aspekte wat kenmerkend by die adolessent voorkom:

- Vrees om nie sosiaal aanvaar te word nie, byvoorbeeld bang om anders, arm en skaam te wees.
- Gevoelens van minderwaardigheid, gevoelens van onvergenoegdheid en onsekerheid, veral as die adolessent hom op 'n vreemde terrein bevind.
- Die behoefte aan liefde, wat 'n sterk faktor in die adolessent se lewe is.

Uit bogenoemde skrywers se beskrywing van adolessensie is dit duidelik dat die adolessent 'n moeilike ontwikkelingsstadium bereik en dat hy begrip en aanvaarding nodig het om lewenssituasies te hanteer. Vir hierdie studie sal daar voortdurend verwys word na die tiener en die adolessent, en dat dit belangrik is om in ag te neem dat die adolessent op 'n vlak is waar hy nog lewenslesse leer en waar dit tot sy voordeel sal wees om hom met die nodige oorlewingsmeganismes toe te rus.

1.10.2. Selfmoordpoging

'n Selfmoordpoging kan beskou word as “..the intentional taking of one’s own life” (Shlain, 2007:6). Die navorsers meen dat 'n selfmoordpoging die ontneming van die eie lewe is. Selfmoordgedagtes behels inderwaarheid reeds 'n poging tot selfmoord omdat die gevolg van hierdie gedagtes soms op selfmoord uitloop.

1.10.3. Selfmoord

Selfmoord word deur Zastrow en Kirst-Ashman (2013:330) beskryf as “an act or instance of taking one’s life”, terwyl die Thesaurus (Wikipedia, 2012) die woord

„deliberately“ in die definisie byvoeg. Die navorser se begrip oor hierdie konsep is die beëindiging van 'n mens se lewe deur jou eie hand.

1.10.4. Voorkoming

Die Nuwe Woordeboek van Maatskaplike Werk (2004:32) beskryf voorkoming as 'n proses wat daarop gemik is om die impak van toestande wat aanleiding kan gee tot maatskaplike wanfunksionering te verminder en te elimineer. Voorkoming is beter as behandeling, en die maatskaplike werker kan voorkomende stappe doen om gemeenskappe se lewe te verbeter en grootskaalse verligting vir hulle te bring. Verder beskryf Zastrow en Kirst-Ashman (2013:336) voorkoming soos volg: “ ... it refers to the implementation of measures to prevent the onset of suicidal crises by eliminating or mitigating situations...”

1.10.5. Program(me)

'n Program is 'n sistematiese patroon van aktiwiteite met die oog daarop om doelstellings te bereik (Nuwe Maatskaplike Werk Woordeboek, 2004:67). Daar word melding gemaak van die maatskaplike werker se insette in die geval van voorkoming, dus is dit weereens die maatskaplike werker wat 'n inset lewer deur van programme gebruik te maak om 'n wye spektrum van die gemeenskap te bereik om sosiale of maatskaplike vraagstukke aan te spreek. Royse et al. (2006:5) beskryf 'n program as “an organized collection of activities designed to reach certain objectives”. Die adolessent word in hierdie opsig betrek in die daarstelling en ontwikkeling van so 'n program om verligting in sy probleem te bring.

1.10.6. Bemagting

McWhirter (2004:236) beskryf bemagtiging as “a process by which people, organizations or groups become aware of the power dynamics at work in their life context, to develop skills and the capacities for gaining control in their lives”. Adams (2003:8) sê dit is “a transformational activity by which individuals, groups and/or a community become able to take control of their circumstances and achieve their own goals, thereby working towards helping themselves”. Kirst-Ashman en Hull (2009:15) beskryf bemagtiging as “a process of increasing personal, interpersonal or political power so that individuals can take action to improve their life situations”, terwyl Zastrow (2001:213) die individue, asook die familie, groepe en gemeenskappe in sy beskrywing van die bemagtigingsproses insluit. Die innerlike kragte waarna

bogenoemde skrywers in hul beskrywing verwys, is die rede waarom die navorser adolessente op hoërskoolvlak betrek om deel van hierdie bemagtigingsveldtog te wees.

1.11. STRUKTUUR VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag bestaan uit sewe hoofstukke. Die struktuur van die verslag sien soos volg daar uit:

Hoofstuk 1: Inleiding

Hierdie hoofstuk handel oor die algemene inleiding en sluit die probleemstelling, navorsingsdoelstelling, navorsingsdoelwitte, navorsingsmetodologie, hipotese, voorondersoek, afbakening van die ondersoek asook die begripsomskrywings in. Die beperkings en leemtes van die ondersoek word ook in hierdie hoofstuk genoem. 'n Kort samevatting word aan die einde van die hoofstuk gegee.

Hoofstuk 2: Navorsingsmetodologie

Die navorsingsmetodologie, -doelwitte, -prosedure en -ontwerp word in hierdie hoofstuk bespreek. Die gebruik van die DR&U-model sowel as die tipe vrae wat gestel is, word hierin uiteengesit.

Hoofstuk 3: Die verskynsel selfmoordpoging onder swart adolessente

Die verskynsel selfmoordpoging onder swart adolessente, die verskillende teorieë oor selfmoord, die aard en omvang van selfmoord, asook die oorsake en verskillende metodes van selfmoordpogings word in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 4: Behoeftes van die swart adolessent met selfmoordneigings

Die behoeftes, kennis en vaardighede van die adolessent geniet aandag in hierdie hoofstuk. Die profiel van die adolessent, en spesifiek die swart adolessent, asook sy behoeftes word in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 5: Die rol van die maatskaplike werker en die daarstelling van 'n voorkomingsprogram

Riglyne word gegee vir die maatskaplike werker ten opsigte van die opstel van voorkomingsprogramme. Die maatskaplike werker se rol word in hierdie hoofstuk

bespreek en veral die skool, die gemeenskap en sakelui word by die bemagtiging van die adolessent betrek. In hierdie hoofstuk word daar gerapporteer oor 'n voorkomingsprogram wat geloods en geïmplementeer is. Die toepassing van die enkelstelselontwerp vind plaas.

Hoofstuk 6: Evaluering van die voorkomingsprogram

Die vraelys se data word bespreek. Die data vervat in hierdie hoofstuk is verkry uit die vraelys wat deur Perspektief Kollege opgestel is. Dit is gebaseer op die individu se persoonlike kenmerke en sy funksionering op verskillende vlakke van sy lewe soos godsdiens, lewensbeskouing en verhoudings. Hierdie aspekte word breedvoerig in hierdie hoofstuk bespreek.

Hoofstuk 7: Algemene samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

Na aanleiding van die voltooide navorsingsondersoek word daar in hierdie slothoofstuk opsommings aangebied, gevolgtrekkings gemaak en aanbevelings gedoen.

1.12. SAMEVATTING

Selfmoordpoging, -pleging en -gedagtes is samelewingsprobleme wat in baie gemeenskappe ondervind word. Uit die inligting hier bo blyk dit dat die swart adolessent ook 'n besliste neiging tot hierdie maatskaplike probleem toon. Die toename in aangemelde gevalle het as motivering vir hierdie ondersoek gedien.

Die ouderdomsgroep wat hulle tot selfmoord wend, wissel en kan op sommige gevalle vroeg in adolessensie (13 jaar) plaasvind (Joe et al., 2009:1). Uit bostaande gegewens is dit ook duidelik dat verskeie redes vir of oorsake van selfmoord bestaan. Dit wil voorkom asof die **gesin**, en veral die verhouding wat die adolessent met sy gesin het, beide op negatiewe en positiewe wyse bydra tot die adolessent se selfmoordgedrag en selfmoordneigings. Dit is ook volgens die literatuur duidelik dat nie alle selfmoordpoginggevalle bedoel is om deurgevoer te word nie, maar dat dit 'n noodkreet of manier is om die aandag op die individu te vestig. Die **omgewing** speel ook 'n moontlike rol by die adolessent met selfmoordneigings. Ander faktore soos **kultuur** en **gesondheidsaspekte** word in 'n geringe mate genoem as moontlike bydraende faktore.

Metodes wat aangewend word om selfmoord te pleeg wissel ten opsigte van **geslag** en dit is in die literatuur bewys dat mans gewelddadiger optree as vroue wanneer dit kom by die selfmoorddaad en die metode wat aangewend word om die daad uit te voer. Veral vergassing en die gebruik van vuurwapens word uitgebeeld as metodes wat meestal deur mans aangewend word. Vroue is geneig om oordosering en vergiftiging as metodes te gebruik.

Die literatuurstudie, navorsingsmetode en navorsingsontwerp sal die ondersoek vergemaklik in die soeke na antwoorde.

HOOFSTUK 2 NAVORSINGSMETODOLOGIE

2.1. INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing was om die aard van selfmoordpogings onder swart adolessente te bestudeer betreffende die redes daarvoor en oorsake daarvan, die metodes om selfmoord uit te voer en om 'n voorkomingsprogram op te stel. Die wyse waarop die inligting bekom word en die navorsingsmetodes wat hiervoor gebruik word, is van die grootste belang in enige wetenskaplike studie. Die huidige ondersoek is verdeel in drie fases, naamlik behoeftebepaling, programontwikkeling en evaluering. In hierdie hoofstuk sal die metodes van ondersoek en die DR&U fases bespreek word.

2.2. ONTWIKKELINGS- EN BENUTTINGSNAVORSING

Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (2004:46-47) word ontwikkelings- en benuttingsnavorsing beskryf as 'n model wat uit 'n analitiese, ontwikkelings- en evalueringfase bestaan. Dit is gerig op die ontwikkeling van werkswyses om maatskaplikewerk-doelstellings te bereik.

Ontwikkelingsnavorsing is volgens Grinnell (1981:590) gerig op die ontwikkeling van nuwe maatskaplikewerk-tegnologie. Barker (1995:99) meen dat ontwikkelings- en benuttingsnavorsing vir maatskaplike werkers 'n innoverende werkswyse kan wees om diensleweringstelsels te ontwikkel en te evalueer. Die DR&U-model verloop in vyf fases (Grinnell, 1981:595; Strydom, 2003:151-156) en hierdie fases word vervolgens uiteengesit.

2.2.1. Fase 1: Probleemanalise

Die analisefase is die eerste fase in die DR&U-model. Dit bestaan uit die volgende vyf stappe, naamlik probleemidentifisering en -analise, beskikbare maatskaplikewerk-tegnologie, 'n uitvoerbaarheidstudie, die selektering van tegnologiese doelstellings en die selektering van inligtingsbronne.

Volgens Strydom (2000:156) is daar drie voorwaardes waaraan noodwendig voldoen moet word voordat daar tot die ontwikkelingsfase oorgegaan kan word. Hierdie voorwaardes behels dat die saak wat bestudeer word, 'n problematiese menslike

situasie moet wees, die stand van die bestaande maatskaplike tegnologie en die tegnologie se inligting en hulpbronne. Na navorser se mening is hierdie navorsing geregverdig omdat dit sal help om die gebrekkige literatuur oor die onderwerp aan te vul. Na die bestudering van die literatuur is vraelyste opgestel om die teoretiese stelling te toets. Hierdie vraelyste is in lyn met die voorafbeplande doelwitte en doelstellings, en poog om groter insig in die probleem te kry.

Om by die kern van die probleem uit te kom, moet etlike navorsingsvrae betreffende die adolessent se persoonskenmerke in sy totale lewenswêreld beantwoord word. Mites, spekulاسie en veralgemening sal nie aanvaarbare antwoorde bied om die probleem op te los nie.

2.2.1.1. Identifisering en analise van die probleem

Selfmoordpoging is 'n maatskaplike probleem alhoewel verskeie professies dit vir hul vakgebied toe-eien. Daar bestaan verskillende aanname oor die oorsake van selfmoordpoging. Lester (2004:10) gee die volgende voorbeelde as moontlike oorsake van selfmoordpogings naamlik, depressie, affektiewe en psigiatryse ongesteldheid terwyl die Teologie se siening oor selfmoordpogings 'n pastorale benadering neem. Daar is egter ander sieninge wat selfmoordpogings betref, naamlik dat adolessente wêreldwyd hulself tot selfmoord wend om van hul probleme te ontsnap (Wang et al., 2012:459). Syfers en data uit die literatuurstudie oor selfmoordpogings onder swart adolessente is beperk en die huidige studie het juis gepoog om hierdie tendens onder swartes te ondersoek. Die navorser het na aanleiding van die voorvalle wat by die Klerksdorp/Tshepong-hospitaalkompleks aangemeld word, en nie soseer deel van die navorsing is nie, hierdie tendens as probleem by die swart adolessent geïdentifiseer. Die volgende aspekte is ondersoek ten einde die probleem te formuleer.

2.2.1.2. Beskikbare -tegnologie

Geakkrediteerde tydskrifte, boeke en koerantberigte is gebruik om meer inligting te bekom rakende selfmoord en selfmoordpogings. Daar is talle inligting oor die onderwerp maar nie oor die swart adolessent met selfmoordneigings nie. Die navorser het vasgestel dat daar talle literatuur oor voorkomingsprogramme in oorsese manuskripte en die internet bestaan en dié is benut om meer en tersaaklike

inligting te bekom. Webwerwe is besoek vir nuwe inligting. Die NWU-biblioteek se verwysingsmateriaal is grotendeels gebruik, terwyl statistiek uit die rekords van die Klerksdorp/Tshepong Hospitaalkompleks en Potchefstroom Hospitaal bestudeer en geanaliseer is.

2.2.1.3. Uitvoerbaarheidstudie

Die uitvoerbaarheid van die studie is getoets deur die literatuur te bestudeer. Hierdie oefening is gebaseer op 'n noukeurige studie en die professionele analise van selfmoordpoging as onderwerp (Morris, 2006:138). Die beplanning en samestelling van die groep om hulle te bemagtig soos bespreek in 2.2.2.2 het die uitvoerbaarheid van die studie bevestig.

2.2.1.4. Seleksie van tegnologiese doelstellings

Die vierde stap het die seleksie van tegnologiese doelstellings behels. Die eerste doelstelling met die aanwending van die kwalitatiewe navorsing was dus om die swart adolessent se maatskaplike funksionering in groepverband te meet. Die navorsers se doel hiermee was om die adolessent se algehele welstand in verband te bring met sy gedagtegang ten opsigte van fisiese voorkoms, verhoudings (hetsy met familie, vriendskappe – romanties of op skoolvlak) en neigings tot selfmoord en dit deur middel van 'n metingskaal (PMSI) te bereken. Tweedens is „n maatskaplike werk voorkomingsprogram daargestel deur middel van „n bemagtigingsgroep (groepwerk) met die adolessente. Verskeie aspekte is as besprekingspunte voorgelê om die adolessente in staat te stel om die lewensdruk te verduur en nie toe te gee aan selfmoordpoging-gedagtes en selfmoordneigings nie as dinge skeef loop.

2.2.1.3. Seleksie van inligtingsbronne

Tydens hierdie stap is alle moontlike gemeenskapsbronne bestudeer wat van nut sou wees vir die adolessent om verligting vir sy probleem te bied. Bronne soos die kliniek, die Departement van Onderwys en die Departement van Arbeid, sakelui en professionele persone is geraadpleeg.

2.2.2. Fase 2: Ontwikkelingsfase

Die ontwikkelingsfase is die tweede fase van die DR&U-model en staan sentraal in die soeke na antwoorde. Volgens Grinnell (1981: 601) is dit die fase wat die minste verstaan word in ontwikkelingsnavorsing. Die navorser het in hierdie navorsing vraelyste opgestel en dit is daardeur gepoog om tydens 'n persoonlike onderhoud, verskillende vrae te beantwoord (Huysamen, 1993:108-110; Strydom, 2003:78). Daar is van 'n beskikbaarheidsteekproef gebruik gemaak, aangesien die navorser aangesluit het by die reeds bestaande en goedgekeurde PLAY-navorsingsprojek van die NWU onder leiding van die Vakgroep Voeding.

Altesaam 211 leerders in die ouderdomsgroepe 14 tot 18 jaar het aan die opname deelgeneem. Die leerders is almal van Seiphemelo Hoërskool en van die Groter Potchefstroom-woonbuurt, Ikageng, afkomstig. Hierdie leerders toon nie selfmoordneigings nie, maar is die hoë risikogroep waarop druk geplaas word om hoër te presteer en die vraelys is so opgestel om moontlike snellers te identifiseer. 'n Vraelys waarop die demografiese inligting van die leerders ingevul moes word, is opgestel om inligting te bekom. Geslote sowel as oop vrae is gebruik vir die insameling van kwalitatiewe en kwantitatiewe data om die emosionele en psigososiale behoeftes van leerders bepaal.

'n Program is saamgestel op grond van die inligting wat vanuit die vraelyste van leerders verkry is asook op grond van die literatuur wat bestudeer is. Hierdie program is met die respondente bespreek en almal het met die samestelling daarvan saamgestem. Respek, vertroulikheid, ondersteuning en verdraagsaamheid is ook deur die respondente beaam as synde belangrike aspekte. Toestemming is van die skoolhoof verkry om met die leerders te werk.

2.2.2.1. Relevante data

In Fase 2 van die ondersoek is van die inligting wat tydens Fase 1 ingesamel is, in werking gestel. Hierdie inligting het die navorser aangespoor om 'n fokusgroep in die lewe te roep ten einde die inligting te toets en na afloop van die ondersoek te evalueer. Die leerders in die groep is deur die Lewensoriënteringsonderwyser geselekteer vanweë hul gedrag. Volgens die onderwyser wat navorser bygestaan het in die keuring en selektering van hierdie leerders, het sommige van die leerders wat geselekteer is gedrag openbaar wat hulle klassifiseer as hoërisiko gevalle.

Leerders wat dus beskou word as hoerisiko gevalle is geselekteer om deel te wees van die groep. Die vrae in die selfopgestelde vraelys was op so 'n manier opgestel dat die antwoorde daarop die navorser sou help om by die kern van die probleem uit te kom; dus, was die vrae relevant en op die adolessent (groeplede/respondente) se vlak. Die vrae wat opgestel was, het rondom die adolessent se behoeftes gesentreer en die navorser wou daardeur bepaal of die swart adolessent dieselfde behoeftes as ander rassegroepe het; wat hul vlak van begrip van selfmoord en selfmoorpoging is en hul opinie daaromtrent asook hul bereidwilligheid om deel te wees van die beplande voorkomingsprogram. Gesien uit bogenoemde, was die doel met die vraelys juis om te poog om die behoeftes te identifiseer en ander vrae wat die jongmense pla te probeer beantwoord. Daar is aan al die vereistes vir die totstandkoming van 'n groep voldoen en sodanige vereistes sal breedvoerig in hoofstuk 5 bespreek word.

2.2.2.2. *Selektering van 'n navorsingsgroep*

Twintig leerders is geselekteer om deel te neem in die groep. Die geselekteerde leerders is vanuit die Lewensoriënteringklas en het gedrag openbaar wat hulle as geskik gestel vir die deelname. Alhoewel hierdie leerders nie soseer selfmoordneigings en selfmoordgedagtes openbaar het nie, was hulle gedrag kommerwekkend genoeg om hulle deel te maak van die proses. Navorser noem graag ook dat data oor die vlak van selfmoordneigings onder die swart tiener baie beperk is. Alpaslan (2005:3) stem saam oor die min inligting oor swart selfmoordneigende tiener as hy sê; “ ... the apparent dearth of basic information and research, particularly within the ambit of Social work pertaining to this area ... and is especially apparent in the south African context and from the perspective of self knowing adolescents who had attempted suicide”. Tussen 15 en 17 van hierdie 20 leerders het die byeenkomste bygewoon. Die groep het uit dogters en seuns tussen graad 10 en graad 12 bestaan.

2.2.2.3. *Doelstelling van die groep*

Soos reeds vermeld, is die groep by die skool gestig en die doel hiermee was om die program daar te stel. Etlke doelstellings met die groep was om

- die jongmens (adolescent) daarvan bewus te maak dat selfmoord 'n maatskaplike vraagstuk geword het;
- die lede met inligting te bemagtig sodat hulle op hul beurt vir die ander adolessente van waarde kon wees;
- kennis, insig en vaardighede aan die adolessente oor te dra;
- die swart adolescent se lewenservarings, kennis, vaardighede en behoeftes te ondersoek – dus om selfhelp aan te moedig.

In die volgende hoofstukke, Hoofstukke 3 en 4, sal hierdie aspekte breedvoerig bespreek word.

2.2.3. Fase 3: Evalueringsfase

Patton (2002:10) beskryf progamevaluering as die sistematiese data-insameling oor die aktiwiteite, karaktereenskappe en finale uitslae of resultate van die program. Royse et al. (2006:11) beskryf progamevaluering as “applied research used as part of the treatment process”. 'n Program ter voorkoming van selfmoord is beplan en by Seiphemelo Hoërskool geloods.

2.2.3.1. Nuwe produk

Die navorser se veldaantekeninge ten opsigte van waarneming, diagnose en beplanning is na elke byeenkoms in 'n verslag saamgevat om sodoende inligting te bekom wat die kwantitatiewe inligting kon aanvul. Die meetinstrument wat gebruik is, was die PMSI (Personal Multi-Screening Inventory) wat verskeie vrae oor aspekte soos lewensperspektief, aspirasies en selfmoordgedagtes bevat het. Die vrae is ingedeel in lewensbeskouing, verhoudings (vriendskaps-, gesins- en liefdesverhoudings en godsdiens) asook selfmoord.

2.2.3.2. Veldimplementering

Die navorser het verskeie rolle beklee en onder andere as beplanner, „instaatsteller“ en programleier opgetree. Groep lede is by groepbyeenkomste take gegee om uit te voer, byvoorbeeld 'n groepleier is gekies om die lokaal vir die byeenkomste voor te berei, die presensielys te sirkuleer, ensovoorts. Die rede hiervoor was om eienaarskap aan die lede te gee en hulle betrokke gemaak. Hierdie take is by

spesifieke aspekte uitgedeel namate dit noodsaaklik geword het, byvoorbeeld die groep het 'n leier gekies wat die byeenkomste gekoördineer het. Na gelang van die bespreking vir die spesifieke sessie is huiswerk ook aan groep lede gegee om hulle vir die volgende sessie voor te berei (voorbeeld is aangeheg). Die doel hiermee was spesifiek om al die groep lede 'n geleentheid te gee om aan die groepbesprekings deel te neem. Interaksie is op hierdie wyse bewerkstellig.

2.2.3.3. Resultate van die nuwe tegnologie

Tydens hierdie fase is relevante data ingesamel en geëvalueer deur middel van die selfopgestelde vraelys. Soos reeds aangedui, is die groepsessies elkeen na afloop daarvan geëvalueer. Die respondente is almal by die besprekings betrek deurdat hulle die geleentheid gegun is om hul eie mening te lug deur debattering, bespreking, sowel as in vraag-antwoordvorm (na afloop van elke groepbyeenkoms). Die doel hiervan was om te bepaal of die programaanbieding doeltreffend was, en/of dit aangepas moes word.

2.2.4. Fase 4: Diffusiefase

Die nuwe produk en voorlopige veldimplementering is tydens fase vier bespreek.

2.2.4.1. Die nuwe produk

Daar is van die adolessente wat deel van die bemagtigingsgroep uitgemaak het, verwag om na afloop van die program ander groepe of individue te bemagtig. Dit wat die proefpersone in die groepsessies geleer het, moes 'n verlenging van die program wees. Dit moes ook 'n uitreikingsprogram word vir alle jongmense met probleme, veral in swart skole.

2.2.4.2. Voorlopige implementering in die veld

Die inligting wat van hierdie groep verkry is, is met die distrikbestuurder van die Departement van Onderwys gedeel. Die distrikskoolhoofde asook ander belangegroeppe in die Departement van Onderwys was teenwoordig by 'n geleentheid waar respondente se behoeftes in besonder bespreek is.

Die navorser is van mening dat indien daar in die adolessent se behoeftes voorsien word, minder skoolprobleme sal voorkom en die skool aangenamer vir die leerders

sal wees. Al die ander probleme wat die skool en leerders ondervind, kan deur die aanbod van sulke skoolprogramme die hoof gebied word. Bemagtiging is bewerkstellig en die groep het nie alleen selfvertroue ontwikkel nie, maar ook die vermoë om ander leerders te help. Sodoende kan probleme, veral dié wat tot selfmoordgedagtes lei, verminder word.

Aanbevelings is aan die Departement van Onderwys gemaak om soortgelyke programme in hoërskole te vestig, en dit is die navorser se hoop dat dit aanvaar en in werking gestel sal word. Die plaaslike skole sal ook gebruik kan maak van die leerders van Seiphemelo Hoërskool wat aangebied het om as beraders op te tree en om ander leerders in tye van nood te help en te ondersteun.

2.2.5. Fase 5: Aanvaardingsfase

Hierdie program is vir die eerste keer by Seiphemelo Hoërskool geloods en die intensie is dat leerders wat deel van die bemagtigingsgroep uitgemaak het, die ander leerders by die skool sal bystaan met inligting waarmee hulle self bemagtig is. Grinnell (1981:604) bevestig die navorser se insette omdat die leerders as primêre begunstigdes die program vir hulself, asook breedweg kan aanwend. Die program is geloods om as verwysingsraamwerk en hulpbron vir ander adolessente te dien.

2.3. NAVORSINGSMETODES

Die navorsing is met behulp van twee metodes uitgevoer. Vir die doel van hierdie ondersoek is daar gebruik gemaak van 'n opnameprosedure en die enkelstelselontwerp. Die doel van navorsing was driedelig, naamlik verkennend, omrede navorser meer oor die omvang van die selfmoord tendens onder die swart adolessent met behulp van die kwalitatiewe navorsingsmetode wou verken; verklarend, omdat navorser hierdeur faktore asook redes wat tot die selfmoordgedagte kan lei wou identifiseer en laastens, beskrywend om die aard en omvang van selfmoordpoging onder die swart adolessent te kan beskryf. Vanuit die drie is almal toegepas maar grotendeels die verkenende en die verklarende vir redes wat alreeds verstrekkend is. Al drie kan beide die kwalitatiewe en die kwantitatiewe prosesse volg.

2.3.1. Navorsingsopname

'n Opname is 'n navorsingsmetode waarvolgens data uit 'n geselekteerde steekproef ingesamel word om die kenmerke of menings van die populasie te beskryf (Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk, 2004:47). Navorsers het die metode gekies omdat dit nie-eksperimenteel is en dit gebruik kan word op alle soorte studies naamlik die beskrywende, die verklarende en die verkennende (De Vos et al., 2011: 156). Die volgende maatreëls is tydens hierdie opname toegepas:

2.3.1.1. Navorsingsontwerp

Die definisie van navorsingsontwerp is volgens Mouton (2001:55) 'n plan van hoe die ondersoek ingestel gaan word. De Vos et al. (2011:143) beskou dit as; "a step in the research process". Navorsers het die gemengde metode gebruik wat volgens Delport en Fouché (2011:434) in De Vos et al. (2011) gedefinieer word as "a combination of at least one qualitative and at least one quantitative component in a single research project". Die konsep is toegepas en gebruik om die volgende redes:

- * die respondente wat in hierdie navorsing gebruik is was van die reeds bestaande navorsingsgroep van die Noordwes Universiteit
- * daar was slegs een groep (211 leerders) en een toets (eenmalige toetsing) en
- * die metodes van data insameling wat gebruik is was vraelyse

Bogenoemde was van toepassing op die 211 leerders van Seiphemelo Hoërskool en die kwantitatiewe navorsing is toegepas. Die navorsers stem saam met Maree (2011:257) dat, "the quantitative researcher tests the theories about reality, looks for cause and effect and uses quantitative measures to gather data to test hypotheses"

2.3.1.2. Proefpersone

Die Seiphemelo Hoërskool in die Ikageng-woonbuurt van die Groter Potchefstroom is gebruik in die ondersoek. Hierdie skool het deel gevorm van die NWU se navorsingsprojek (PLAY-projek). Daar was 300 leerders in die ouderdomsgroep 14 tot 18 jaar wat deel uit maak het van die hele navorsingsprojek. (In die projek was daar ander professies wat ook deelgeneem het). Die Projekleier van PLAY het die skool self geselekteer om deel van die navorsingsprojek te wees. Navorsers het

hierby aangesluit en die leerders as proefpersone gebruik. Slegs 211 van die 300 vraelyste is uiteindelik voltooi.

2.3.1.3. Meetinstrumente

Strydom (2000:119-124) tref onderskeid tussen die posvraelys, die persoonlike onderhoud-vraelys, die telefoniese onderhoud-vraelys, die handafgelewerde vraelys en die groeponderhoud-vraelys. Vir hierdie navorsing is daar van 'n gestruktureerde vraelys (Farral, et al., 2001:23) gebruik gemaak vir beide die kwalitatiewe en die kwantitatiewe prosesse. Hierdie vraelys, het bestaan uit verskillende tipes vrae, byvoorbeeld oop en geslote vrae gegee is onder die leerders uitgedeel vir voltooiing.

2.3.1.4. Prosedures

Die respondente is deur middel van verduideliking gehelp om die vraelyste in te vul. Die vraelyste is in Engels opgestel en waar daar onduidelikhede was, is van voorafopgeleide tolke gebruik gemaak. Hierdie reëling was noodsaaklik sodat die respondente die vraag so volledig en eerlik moontlik kon beantwoord.

Daar is van veldwerkers gebruik gemaak om te help met die invul van hierdie vraelys. Die navorser self het ook hulp verleen ten opsigte van die invul van die vraelys.

2.3.1.5. Etiese aspekte

Vertroulikheid is aan die deelnemers verseker en die navorser het onderneem om die ingesamelde inligting anoniem te hou. Die deelnemers is verseker dat hierdie ingesamelde data, geensins beskikbaar gestel sal word nie tensy dit slegs vir navorsingsdoeleindes is. Die leerders se ouers het toestemming verleen dat hul kinders mag deelneem aan hierdie navorsingsondersoek.

2.3.1.6. Data analise

Die data wat deur middel van die voltooide vraelyste verkry is, is deur die NWU se Statistiese Konsultasiediens verwerk. Hierdie data word in hoofstuk 4 bespreek.

2.3.2. Enkelstelselontwerp

Volgens Grinnell (1993:115-116) kan die enkelstelselontwerp soos volg omskryf word: “The single system design provides a valuable means of evaluating both agency-based social work programs and the services provided to clients by social workers ...and can be used in virtually all types of social work practice models; in work with couples, families, small groups, communities and organizations.” Strydom (2011:159) haal verskeie skrywers aan en beskryf die enkelstelselontwerp as “the ideal way to evaluate the effectiveness and impact of treatment intervention to establish the existence of a cause-and-effect relationship between variables”. Dit behels volgens Ruben en Babbie (2005:80) die bestudering van ’n subjek/groep op herhalende grondslag. Die kwantitatiewe metode is tydens hierdie studie gebruik omdat die adolessent met selfmoordneigings verskillende redes aanvoer waarom hy selfmoord probeer pleeg en deur die gebruik hiervan kon sy agtergrond, vrese, drome, siening, houding en toleransie vermoë bepaal word. Navorser het groepwerk as metode van maatskaplike werk gekies om bogenoemde aspekte aan te spreek.

Die enkelstelselontwerp is ook gebruik omdat dit volgens De Vos et al. (2011:365) voor, na of tegelyktydig met die kwantitatiewe proses gebruik kan word. In hierdie studie is dit na die kwantitatiewe proses gebruik.

2.3.2.1. Proefpersone

Die aard van die navorsingsondersoek was kwantitatief (Neuman, 2000:28). Die vraelys is deur Perspektief Kollege opgestel en by die skool aan 20 leerlinge uitgedeel. Aanvanklik is daar beplan om 40 leerlinge in die voor-toets te betrek, maar slegs 37 het as deel van die enkelstelselontwerp aan die voor- en natoets deelgeneem waarvan slegs 20 gebruik is. Tussen 14 en 17 leerders het aan die groep deelgeneem. Die verskil in die 37 leerders het ontstaan omrede die onderwyser nie die getal kon bereik met die leerders wat vooraf geselekteer was nie. Hierdie leerders is uit die Lewensoriënteringklas van Seiphemelo Hoërskool geselekteer.

Die leerlinge is gesamentlik as groep ontmoet en die doel van die ondersoek is aan hulle verduidelik. Hulle is die keuse gegee om deel te neem en diegene wat aangedui het dat hulle deel wil wees van die groep het na afloop van hierdie sessie

agtergebly vir verdere verduideliking oor hoe die groep gaan funksioneer. Die hoof se samewerking het daartoe gelei dat die onderwyser wat vir die Lewensoriënteringsklas verantwoordelik is leerders vanuit daardie klas geselekteer het om deel van die program te wees. Die seleksie van deelnemers kan volgens Rubin en Rabie (2005:244) sistematies geskied. Daar is gepoog om 20 meisies en 20 seuns as deelnemers te kry, maar dit was volgens die onderwyser nie moontlik nie. Die kriteria wat gebruik is om die deelnemers te selekteer het met hul intellektuele en begripsvermoë verband gehou. Gedragsprobleme is ook ingesluit wat tot 'n selfmoordpoging kan lei, asook hul sosiale funksionering veral op aspekte van probleemoplossing.

2.3.2.2. Meetinstrument

Die meetinstrument wat gebruik is, was die Personal Multi-Screening Inventory oftewel PMSI (2005:1-11), 'n persoonlikheidstoetsvraelys wat aan die begin en aan die einde van die proses toegepas is. Die leerders moes die vraelys voltooi.

'n Kort selfopgestelde - vraelys (aangeheg) wat uit kort en oop vrae bestaan het, is ook as meetinstrument in die ondersoek gebruik (selfopgestelde meetinstrument).

2.3.2.3. Prosedures

Die navorser het die skool genader om toestemming te verkry om die leerders as steekproef te gebruik. Die skool is gekies omdat dit die skool is wat hoër presteerders het en wat aanvanklik deelgeneem het aan die Noordwes universiteit se navorsingsprojek. Die skoolhoof het ingestem en die ouers is ook genader vir toestemming.

Die onderwyser van die Lewensoriënteringsklas is deur die hoof versoek om die navorser by te staan. Die beplanning om 'n groep van 40 leerders te betrek het gefaal, soos alreeds vermeld is. Tydens die eerste byeenkoms is aan hulle verduidelik wat die ondersoek behels en hoe die voltooiing van die PMSI-vraelys werk.

2.3.2.4. Etiese aspekte

Toestemming is vanaf die ouers van die leerders wat deel van hierdie ondersoek was verkry. Die ouers is deur die skool verwittig van die projek en het ingestem dat die leerders kon deelneem. Creswell (2008:64) beklemtoon die belangrikheid van

vrywillige deelname, en die leerders het die groepbyeenkomste *vrywillig* bygewoon. *Vertroulikheid* is aan die leerders verseker en is deurentyd handhaaf.

Daar is verseker dat daar geen gevaar of probleme kon ontstaan vir dié wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het nie. Die proses het *geen gevaar* self ingehou nie. Die *lokaal* (klaskamer is gebruik) was veilig en gepas vir die deelnemers se gebruik. Die navorser het op drie belangrike aspekte gelet: die *ras* en *taal-* (leerders is almal Tswana sprekend selfs die Kleurling was die taal magtig), *etniese* en *kulturele* raamwerk van die groep (soos reeds vermeld is die leerders almal van Ikageng woonbuurt); die implikasies van die *uniekheid* van hierdie groep (hierdie leerders het een of ander gedragsprobleem gehad); en die *bemagtigingsproses* wat die einddoel van die studie was (Hepworth et al., 2010:434).

2.3.2.5. Data-analise

Die PMSI-vraelys is aan die deelnemers gegee vir voltooiing per hand, en die data wat daaruit verkry is, is deur die NWU (Potchefstroom Kampus) se Navorsingsafdeling verwerk. Volgens De Vos et al. (2011:415) “one should determine how useful the data are in illuminating the questions being explored and how central they are to the story that is unfolding about the social phenomenon being studied”. Die analisering van data orden die inligting wat bekom is in die soeke na antwoorde.

2.3.2.6. Stappe van die enkelstelselontwerp

Volgens die navorser kan geen program aangebied word sonder dat dit deur 'n mate van beplanning voorafgegaan is nie, anders sal so 'n program misluk.

Wessels (1996:16) haal Everitt et al. (1992:58-59) se stappe in tabelvorm soos volg aan:

Tabel 2.1: Stappe van die enkelstelselontwerp

Research-minded practice	Themes					
Stages	Values	Ethics	Purposes	Communication	Roles	Skills

Formulating the issues	Reciprocity Participation in context Empowerment	Ownership Values Openness Realities	Theoretical analysis Needs Responses	Demystifying Sharing Boundaries Permission	Multi-role Partners	Sharing Honesty Team
Generating Data	Empowerment Anti-oppressive Practices	Rights Reciprocity Define Knowledge	Asking: "in whose Interest?"	Engagement Reaching out Redressing inequalities	Facilitator Involving Intervene Reflect	Involve people Listen Observe Record Interpret
Analysing data	Tentative, Co-produce meaning	Judging the truth Openness	Making sense Being prepared	Dialogue between all participants Recognising complexity	Educator Enabler Facilitator	Interpret Put to the test
Evaluation	Place value on activity Involve parties	Overt/covert Confidentiality	Critical reflection Develop good practice	Dialogue Appropriate use of power	Enabler Educator Change agent	Data Collection Analysis Recording Report

Bron: Everitt et al. (1992:58-59)

Uit hierdie prosedure van inligtingsinsameling blyk daar etlike feite wat van belang is, naamlik dat die ondersoek wetenskaplik moet geskied, dat die probleem deeglik geformuleer moet word, dat 'n wetenskaplike werkwyse toegepas moet word om data in te samel en dat daardie ingesamelde data geanaliseer moet word. Navorsers het gepoog om bogenoemde te volg in die ondersoek en is tevrede dat die inligting wat bekom is, betroubaar en geldig is. Tesame met bogenoemde, word die volgende stappe deur Strydom (2011:162) uiteengesit:

2.3.2.6.1 Probleemidentifisering en probleemformulering

Vereistes waaraan probleemidentifisering en probleemformulering moet voldoen, word deur Grinnell (1993:20-24) verder soos volg gelys:

- Dit moet relevant wees
- Dit moet nagevors kan word
- Die studie moet lewensvatbaar wees
- Dit moet eties aanvaarbaar wees

Die navorser het volgens prioriteit die probleem bestudeer en daarop gefokus. 'n Toenemende aantal gevalle van selfmoordpogings is aangemeld by die Klerksdorp/Tshepong hospitaalkompleks waar die navorser werksaam is. Die meeste gevalle was hoërskoolleerders en een van die algemeenste redes wat deur die jongmense gegee is vir hierdie gedrag, was dat hul familie min aandag aan hulle skenk en nie in hul behoeftes voorsien nie. Sommiges het verhoudingsprobleme ondervind by die skool en ander het probleme met 'n sekondêre verhouding gehad. Die aansienlike styging in hierdie aantal gevalle het die navorser aangespoor om 'n studie/ondersoek oor selfmoord en selfmoordpogings te onderneem.

2.3.2.6.2 Ontwikkeling van doelstellings en van die hipotese

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om „n maatskaplike voorkomingsprogram daar te stel, om sodoende selfmoordpogings onder swart adolessente te help voorkom. Die navorser het gepoog om die doelstellings ooreenkomstig die doelwitte te formuleer. Algemene en spesifieke doelstellings is opgestel om die navorser te lei oor hoe om die studie te benader. Sy wou spesifiek aandag gee aan swart adolessente en het dus in die studiedoelwitte klem gelê in die swart adolessent.

Die ontwikkeling van 'n hipotese stel die navorser in staat om te bepaal wat die probleem behels en wat die verhouding tussen veranderlikes is. Onwetenskaplike inligting oor selfmoord en selfmoordpoging het dit laat lyk asof die meeste gevalle van selfmoord en selfmoordpogings onder ander rassegroepe, veral blankes, voorkom. Namate die syfers in die swart gemeenskap styg, het dit egter duidelik geword dat veral swart adolessente hulle skuldig maak aan selfmoordgedrag, en dat hierdie fenomeen begin posvat in hierdie gemeenskappe. Die navorser wil dus

wetenskaplik ondersoek instel na wat die ware toedrag van sake is met betrekking tot selfmoordpoging onder swart adolessente.

2.3.2.6.3 Literatuurstudie

Die navorser hou Grinnell (2001:434) voor as hy sê dat, “ a literature review interacts with and supports the framework by introducing and conceptually defining the key variables that are the subject of the study”. ’n Oplettende navorser sal beide nasionale (plaaslike) sowel as internasionale literatuur nagaan om op hoogte van die probleem te kom en ’n basiese agtergrond van die ondersoek te verkry. Navorser het boeke, tydskrifte, koerantberigte, navorsingstukke asook die internet gebruik om inligting te bekom. Die biblioteek van die Noordwes Universiteit is gebruik om boeke te leen om inligting te bekom. Soos reeds vermeld is daar min inligting en min studies oor selfmoord onder swart tieners beskikbaar. Die probleme wat die adolessent ondervind, daag die maatskaplike werker uit om ondersoek in te stel na hoe dit verlig of opgelos kan word.

2.3.2.6.4 Omskrywing van die afhanklike veranderlike

Die navorser het meetbare indikatore aangewend om enige verandering sedert die eerste fase aan te dui. Vanuit hierdie afhanklike veranderlike het die navorser die kernprobleem verder probeer aanspreek deur die fokusgroep wat daaruit gespruit het. Die afhanklike veranderlikes van hierdie ondersoek was selfmoordpoging, swart adolessente en bemagtiging deur middel van ’n voorkomingsprogram. Die navorser stem saam met Grinnell (1993:350) dat die afhanklike veranderlike in die enkelstelselontwerp die probleem is wat die maatskaplike werkers by hul kliënte moet oplos. In hierdie geval is selfmoordpoging die probleem wat die jongmens ervaar en die standpunt word daarom geneem dat dit opgelos moet word.

2.3.2.6.5 Omskrywing van die onafhanklike veranderlike

Herhalende intervensie beklemtoon die betroubaarheid van die veranderlike. Die navorser het dieselfde leerders van Seiphemelo Hoërskool gebruik wat reeds aan die PLAY-projek deelgeneem het. Soos Strydom (2011) in De Vos et al. (2011:165) verduidelik, is die rede hiervoor soos volg: “to determine reliability of the effect of intervention the independent variable must be repeatedly manipulated with the same participants”.

Beide bogenoemde stappe soos in Everitt (1992:58-59) en Strydom (2011:168) het volgens die navorser belangrike wetenskaplike doeleindes, naamlik die identifisering en formulering van die probleem, verkryging en insameling van data, die analisering van die verkrygte of ingesamelde data, die evaluasie van hierdie data, asook die opstel van die verslag. Ander aspekte soos navorsingsmetodes en -beginsels vorm ook deel van die proses waarsonder volledige navorsing nie kan geskied nie. Die verskil is dat Everitt slegs vier stappe identifiseer met verskillende waardes, redes, kommunikasierolle en vaardighede wat bruikbaar is en wetenskaplike doeleindes het.

2.3.2.6.6 Opstel van navorsingsverslag

Dit is die laaste stap en behels die wetenskaplike ordening van die studie wat bevindings en aanbevelings bevat. Die verslag wat die navorser opgestel het, poog dus om die gestelde doelwitte en doelstellings te bereik en die navorsingsvrae te beantwoord.

Die navorsingsverslag is volgens voorafbeplande hoofstukke ordelik opgestel en het gepoog om wetenskaplike inligting te vervat wat uiteindelik verandering in die gemeenskap en die swart adolessent se lewe kan bring. Die informele, selfopgestelde vrae is aan die einde van die sessies gebruik om die kennis en begrip van die proefpersone te toets. Na afloop van die sessie is 'n verslag geskryf oor die proefpersone se response op hierdie vrae. Die navorser het ook na afloop van die sessies haar eie notas gebruik, soos aanbeveel word deur Wessels (2004:41).

2.3.2.6.7 Verwerking van die data/ Ontleding van data

Na die intervensie het die Statistiese Konsultasiediens van die NWU (Potchefstroomkampus) die data verwerk. Die ontleding is gedoen om te bepaal of daar enige veranderinge by die veranderlikes plaasgevind het. Die metingskaal wat gebruik is, het die volgende aspekte ingesluit: Lewensbeskouing; Seksuele verhouding; Religieuse aspekte; Gesinsverhouding; Vriendskapsverhouding; Emosionele funksionering; Selfmoordneigings.

Na afloop van die ondersoek is die data ontleed vir enige verandering en bepaling van die verhouding tussen veranderlikes. Die NWU se Statistiekafdeling het die data verwerk.

2.3.2.6.8 Evaluering van die program

Die doel met evaluering is om die waarde van 'n bepaalde aspek te bepaal en te assesser (De Vos, et al., 2002:374). Outeurs soos Patton (2002:10) definieer program evaluering as “a systematic collection of information about the activities, characteristics and outcomes of programmes to make judgement about the programme, to improve its effectiveness...” Leerders is aan die einde van die reeks groepbyeenkomste die geleentheid gegun om deur middel van 'n selfontwerpte evalueringvraelys(aangeheg) die program te evalueer. Die doel hiervan was om ooreenkomstig hierdie evaluering aanpassings aan die voorgestelde finale program aan te bring om die doeltreffendheid daarvan te verhoog.

2.3.2.6.9 Opstel van die navorsingsontwerp

Hierdie aspek behels hoe die data ingesamel gaan word, wie dit gaan insamel en by wie dit ingesamel gaan word. Om by die kern van die probleem te kom, naamlik die evaluering van 'n maatskaplike voorkomingsprogram, het navorser ondersoek ingestel en oorweeg watter navorsingsontwerp hiervoor geskik sal wees.

Die doel met die enkelstelselontwerp is om die gehalte van die adolessent se lewe te verbeter deur sy huidige funksionering te evalueer en aanbevelings vir die toekoms te maak. Die navorser het self vrae opgestel wat deel uitgemaak het van die besprekingspunte, en wat as deel van die program gedien het. Die navorser het vasgestel dat die PMSI as meetinstrument veral ideaal is vir die enkelstelselontwerp.

Basislyn: Ingesamelde data word getoets voordat die onafhanklike veranderlike geïmplementeer word en dien dus as basislyn data (yardstick). Hierdie resultate het die navorser in staat gestel om te bepaal watter voorkomingsprogram sou werk en hoeveel respondente daaraan moes deelneem.


'n Meetinstrument wat betroubaar is, sal dieselfde resultate oplewer indien dit deur 'n onafhanklike toepassing gemeet word. Delport (2002) in De Vos et al. (2011:162) stel dit so: “A reliability of a measurement procedure is the stability or consistency of the measurement.”

Die PMSI-vraelys het uit 265 vrae bestaan wat soos volg afgebaken is: persoonlike aspekte soos selfbeeld en lewensperspektief/beskouing; verhoudings met die self, familie en vriende; liefdesverhoudings asook die verhouding met God; en laastens

selfmoord. Dit is as 'n voor- en natoets ingevul, en die prosedure wat gevolg is, het behels dat die antwoord as respons op die vraag omkring moes word

Hier onder volg 'n voorbeeld van hoe die PMSI toegepas moet word:

Voorbeeld:



Basislynfase

Die PMSI is bruikbaar gevind in hierdie opsig. Die skaalwaardasie het tellings tussen 0-100% gehad en afhangend van 'n negatiewe of positiewe funksionering is elke konstruk se telling soos volg bereken:

- 'n Telling van meer as 35% = kan verbeter
- Minder as 25% = aanbevole skaal
- Tussen 25%-35% = waarskuwing, verg aandag

Voorbeeld 1: Positiewe Funksionering

Aanbevole Reeks	Waarskuwing		Vra Aandag		Vra Onmiddellike Aandag					
0	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

Voorbeeld 2: Negatiewe Funksionering

Vra Onmiddellike Aandag			Vra Aandag		Waarskuwing		Aanbevole reeks			
0	10	20	30	40	50	60	70	80	90	100

Intervensiefase

Die intervensiefase word bereik wanneer die basislyn stabiel vertoon. Volgens Wessels (1996:21) moet die navorser presies weet wanneer pogings aangewend moet word om verandering te bewerkstellig, en doelstellings moet dus duidelik en spesifiek wees. Dit is die fase waartydens die onafhanklike veranderlike toegepas word. 'n Voor- en natoets is voorgelê en 37 respondente het daaraan deelgeneem.

2.3.2.6.10 Bepaling van struikelblokke

Die grootste struikelblok tydens die intervensie was die sportaktiwiteite waaraan sommige van die proefpersone deelgeneem het. Smiddae het die skool die een of ander aktiwiteit aangebied, meestal onbepland, wat die bywoning en vloei van die sessie belemmer het.

2.3.2.6.11 Verskillende enkelstelselontwerpe

Die verskillende enkelstelselontwerpe word vervolgens kortliks genoem:

- Gevallestudie gekoppel aan die basiese enkelstelselontwerp
- Basiese eksperimentele ontwerpe
- Meervoudige ontwerpe

2.3.2.6.12 Ontwerpe betrokke by veranderinge in intervensie

- Komplekse ontwerpe (Strydom, 2011:165-167)

Vir hierdie ondersoek het die navorser voorkeur verleen aan die „ontwerpe betrokke by intervensie om verandering” mee te bring. Voor- en natoetse is gedoen om hierdie verandering te meet.

2.4. SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die metodes en prosedures wat in die navorsing gebruik is, bespreek. Die doel hiermee was om te bepaal of swart adolessente ook bewus is van selfmoord en hulle sodoende by 'n voorkomingsprogram te betrek waaruit hulle voordeel sou trek. Hierdie voordele sluit in die beskikbaarheid van inligting, insigontwikkeling asook bemagtiging om ander adolessente te help.

Die navorser se insette het daartoe bygedra dat sy van naderby insig kon kry in die swart adolessent se behoeftes, kennis en vaardighede om hom toe te rus met die nodige gereedskap om die samelewing en lewe met vertroue tegemoet te gaan.

In Hoofstuk 3 word die verskynsel selfmoordpoging bespreek.

HOOFSTUK 3 SELFMOORDPOGINGS ONDER SWART ADOLESSENTE

3.1. INLEIDING

Suid-Afrika ondervind 'n toename in die aantal aangemelde selfmoordpogings, veral onder swart adolessente (Sookha, 2005:2). Schlebusch (2004:1) spreek hom soos volg hieroor uit: "... in South Africa, the frightening reality is that the percentage of children who have attempted suicide is as high as 23% in parts of South Africa". Talle skrywers in die Verenigde State van Amerika (VSA) het studies onderneem wat die toename aan selfmoordpogings veral onder swartes toon en word as volg aangehaal: "... historically, black teens and young adults have lower suicide rates than white teens, but in recent decades, the suicide rate for black youth has increased dramatically (Aseltine en DiMartino, 2007:1; Joe et al., 2009:1;). Laasgenoemde meen dat in die vorige jaar daar tussen 17-24% selfmoordgedagtes onder die tiener was en 5-10% daarvan as werklike selfmoordpogings aangemeld is. Beide skrywers onderskei tussen ouderdome tussen 13-17 jaar en 10-19 jaar waarin die swart tiener selfmoord probeer pleeg. Dit is dus noodsaaklik dat die voorkoms van selfmoord en selfmoordpogings onder adolessente opnuut bestudeer moet word om insig in die probleem te kry.

Die voorkoming van selfmoordpogings stel dus nie slegs 'n uitdaging aan die slagoffer as enkel persoon nie, maar ook aan sy familie, sy vriende en professionele persone in die helpende professies. Die mening word gehuldig dat selfmoordneigings in enige stadium van die individu se lewe kan posvat, soos later in hierdie navorsingsverslag bewys word.

Vir die doel van hierdie ondersoek word in die onderhawige hoofstuk veral aandag geskenk, in die algemeen, aan die adolessent wat selfmoord oorweeg. Die teorieë, aard en omvang, oorsake, asook metodes van selfmoord sal in hierdie hoofstuk bespreek word. 'n Kort bespreking en samevatting sal daarop volg.

3.2. TEORIEË OOR SELFMOORD

Om die verband tussen die adolessent en die selfmoordverskynsel beter te verstaan, is dit belangrik om verskillende teorieë te bestudeer. Daar bestaan 'n verskeidenheid teorieë oor selfmoord en in hierdie studie is daar slegs aan die sisteemteorie,

ontwikkelingsteorie en sosiale teorie aandag geskenk. Die sisteemteorie voer aan dat die adolessent deel is van die gesin, wat as 'n sisteem beskou word, terwyl die ontwikkelingsteorie die selfmoordpoging van die adolessent as 'n ontwikkelingsaspek aanpak omdat adolessensie algemeen as 'n krisistydperk beskou word. Laastens is die sosiale teorie gebruik omdat die adolessent deel van die samelewing is en omdat sy omgewing 'n invloed op sy lewe het.

Navorsers het die ekologiese model as deel van die geïntegreerde benadering voorgelê omdat dit deur Zastrow (2004:55) as volg verduidelik word, “ the ecological model tries to improve coping patterns so that a better match may be attained between the individual's needs and characteristics of his/her environment and individual, families and small groups have transitional problems and needs as they move from one life stage to another”. Navorsers verkies hierdie model omdat dit benewens die integreringsfunksie van behandeling en hervorming, dit die interne en eksterne faktore ook eksploreer, wat van toepassing is op die adolessent as deel van die sisteem, die gesin wat op sy beurt deel is van die breë sosiale sisteem in interaksie is met ander sisteme en sy algehele funksionering beïnvloed.

3.2.1.Sisteemteorie

Die sisteemteorie is gebaseer op 'n groep individue wat as eenheid funksioneer, byvoorbeeld die gesin (Walsh, 2004:583). Dit word deur Payne (2005:142) gesien as, “... emphasizing social focus and providing a way of understanding how all members of the family can affect and influence one another”. Die navorsers is van mening dat die gesin as 'n sosiale sisteem ten doel het om aan die kind geborgenheid te bied, asook om leiding, bystand en ondersteuning te gee. Dus staan die adolessent nie alleen in die breë samelewing nie, maar maak deel uit van die gesin as 'n sisteem. Gesinstwiste en gebrek aan kommunikasie binne die gesinsisteem kan egter nie vermy word nie. Indien die adolessent nie binne sy gesin ondersteuning ontvang nie, sal hy dit buite die gesinsisteem soek – iets wat nie altyd in die beste belang van die kind is nie. Dis ook belangrik om in ag te neem dat talle swart adolessente in enkelouergesinne grootword waar die vaderfiguur in die meeste gevalle ontbreek.

Talle gesinne en van die leerders wat deel van die fokusgroep was, ondervind een of ander probleem, hetsy finansiële, sosiaal of andersins wat die funksionering van die

individu kan belemmer. Die gedragsprobleme wat elkeen openbaar het, volgens die keuring van die LO onderwyser, kan toegeskryf word as gevolg van gesinsprobleme. Die Macmaster-model soos beskryf deur Walsh (2004:581) is gebaseer op gesonde gesinsfunksionering (alhoewel sy erken dat daar nie so 'n definisie is nie). Die model is dus gebaseer op die sisteemteorie aangesien dit verwys na 'n samehang van individuele entiteite. Walsh (2004:583) som die stappe van die MacMaster-model soos volg op:

- Identifiseer van die probleem
- Kommunikeer die probleem
- Ontwikkel aksie vir die alternatiewe
- Neem besluit oor die alternatiewe
- Neem aksie
- Evalueer sukses duidelik, direk en indirek, asook gemaskerd, direk of indirek. Dus moet dit of oop of geslote wees en ofskoon dit oop of geslote is, moet daar direk en indirek evaluering wees.

Die ouer-kindverhouding behels ouerliefde en speel 'n belangrike rol in die adolessent se lewe. Die gebrek daaraan mag 'n oorsaak wees van die adolessent se selfmoordneiging en -denke. Die navorser meen dat die gesin as deel van die sosiale sisteem ten doel het om die kind te beskerm en Suid-Afrikaanse wetgewing soos die Wet op Kindersorg, nr. 38 van 2005, en die wysigingswet nr. 41 van 2007 maak voorsiening vir algehele kindersorg. Interaksie binne die gesin kan lei tot die ontwikkeling van 'n goed aangepaste kind of 'n kind met uitbarstings en onaanvaarbare gedrag. Selfmoord kan beskou word as 'n voorbeeld van onaanvaarbare gedrag. Enkele moontlike veroorsakende faktore word vervolgens bespreek.

3.2.2. Ontwikkelingsteorie

Die sosiale ontwikkelingsmodel word deur Patel (2005:206) beskou as „n multi-dissiplinêr wat sektore soos die onderwys, gesondheid, ekonomie, bestaansbeveiliging en welsynsdienste insluit. In hoofstuk 5 word daar in tabel 5.1 aangedui hoe die adolessent bemagtig kan word deur die aanwending van

bogenoemde eenhede. Die siening wat navorser hier voorhou, is dat ontwikkeling 'n groeiproses is en dat die adolessent as 'n groeiende individu fisies, intellektueel en sosiaal ontwikkel. McWhirter (2004:200) meen dat die adolessent se selfmoordgedagtes en -gedrag tydens hierdie kritieke ontwikkelings stadium 'n beduidende uiting is van unieke interne teenstrydighede waarmee hy te kampe het. Die adolessent maak verskillende groeistadia deur, en dit kan hom oorweldig.

Hierdie oorweldigende emosies laat die jongmens verward en onkundig, selfs vatbaar vir negatiewe gedagtes en/of beïnvloeding. Die navorser meen dat die adolessent psigies onryp is en dikwels onseker is oor die take wat hy moet vervul. Gevolglik word nabootsing en eksperimentering deel van sy lewe en verwysingsraamwerk. Volgens die navorser wend die adolessent in sy soeke na antwoorde hom tot eksterne bronne vir groei, begrip en aanvaarding. Indien laasgenoemde dus nie bevredig word nie, kan dit lei tot negatiewe gevoelens soos onvergenoegdheid en teleurstelling. Dié kan op sy beurt ontaard in selfmoordgedagtes.

3.2.3. Sosiale teorie

Soos reeds hier bo vermeld, maak die adolessent deel uit van die sosiale sisteem, en is geneig om hom tot eksterne bronne te wend vir groei, aanvaarding en begrip. Die navorser is van mening dat faktore in die breë samelewing 'n bydrae lewer tot die adolessent se selfmoordneigings. Hy word dus baie keer negatief deur die eksterne bronne beïnvloed.

In die webblad Wikipedia (Wikipedia, 2010:1-10; 1997: 4-5) word die volgende negatiewe beïnvloeding genoem wat tot selfmoordneigings bydra:

- Probleme wat deur gesinne ondervind word
- Verlies van of afname in norme en waardes
- Minder belangstelling van kerke in sosiale groepe en die gesin
- Verskuiwing of voortdurende verhuising van een dorp na die ander – migrasie na stede of dorpe
- Die massamedia se berigte van selfmoord en selfmoordpogings
- Die beskikbaarheid van wapens, veral in die VSA

'n Onderskeid word getref tussen die vier soorte selfmoord, te wete *egoïstiese*, *altruïstiese*, *fatalistiese* en *anomie* selfmoord wat byna 120 jaar gelede deur die Franse sielkundige, Emile Durkheim (1951), geïdentifiseer is. Vir hierdie studie val die fokus op die anomiese selfmoord omdat die adolessent dit moeilik vind om aan te pas by die verandering wat hy in sy omgewing beleef. Volgens Durkheim se teorie is anomie 'n sosiale wanbalans wat voorkom as gevolg van 'n daling in standaarde en waardes. Die adolessent wil deel van die groep wees, en as dit daarop neerkom dat reëls en regulasies verbreek moet word, sal die adolessent nie huiwer om hom skuldig te maak en dikwels bloot om te konformeer nie, omdat hy deur die groep aanvaar wil word.

Uit bostaande bespreking kan die volgende sintese oor die teorieë gemaak word, naamlik dat die adolessent deel van 'n sisteem is omdat die gesin ook deel uitmaak van die sosiale sisteem. Daar kan ook afgelei word dat die adolessent deur eksterne faktore in sy omgewing beïnvloed word en dat hy deur modellering homself skuldig maak aan selfmoordpogings en/of selfmoordgedagtes. Adolessente is ook nabootsers, en wanneer daar 'n geval van selfmoord aangemeld word, volg daar dikwels 'n reeks selfmoordpogings volgens min of meer dieselfde metode. Navorser koppel hierdie teorie met die sosiale ontwikkeling perspektief omdat dit daaruit is om individue se welstand aan te moedig asook die hantering van probleme.

3.3. METODES WAT VIR SELFMOORDPOGINGS GEBRUIK WORD

'n Selfmoordpoging manifesteer in verskillende vorme en word vervolgens kortliks bespreek. Verskeie navorsers het bewys dat selfmoorddenke en -neigings reeds van 'n vroeë ouderdom plaasvind; in sommige gevalle reeds van tienjarige ouderdom af. Direk of indirek het die meeste jongmense dus 'n idee van wat selfmoord behels. Schlebusch (2004:1) het ook bewys dat alle rasse-groepe en alle ouderdomsgroepe in die tienerjare hierdie maatskaplike probleem ondervind, en meld verder (2004:1) dat "the average is 15 years old and 50% know someone who has tried suicide before".

Die metode of vorm van selfmoordgedrag verskil van individu tot individu. In verskeie koerantberigte (Pace, 2003:15) is aangedui dat die inasem van gifstowwe en die inname van giftige bleikmiddels blyk die vernaamste metodes te wees, terwyl vergassing, oordosering en ophanging ook genoem word.

Talle navorsers (Carr, 2002:41; Dacey, et al., 2004:314; Hawton in Matla & Madu, 2003:127) kom tot die gevolgtrekking dat mans gewelddadiger metodes kies as vroue. Mans is geneig om hulself te skiet, op te hang of van 'n brug of hoë gebou af te spring. Portes et al. (2002:810) redeneer dat hierdie keuse dalk toegeskryf kan word aan die feit dat mans geleer het om hul gevoelens te verberg, terwyl vroue aangemoedig word om hulle emosie te toon, byvoorbeeld deur te huil. Hieroor sê Lester (2004:19), “males haven’t learned to deal effectively with emotional problems as have females” en dat daar 'n groter aantal geslaagde of voltooide selfmoordpogings by mans as by vroue voorkom. McWhirter (2004:196) is van mening dat “males are three times more likely to kill themselves than women and tend to choose more violent means to kill themselves, such as firearms”.

'n Studie wat deur Caruso (2005:7-13) onderneem is, bevestig dat mans die meer gewelddadige metodes van selfmoord kies. Tabel 3.1 dui die nuutste syfers rakende selfmoord volgens Caruso se navorsing aan en die skematiese voorstelling dui die metodes aan wat deur mans en vroue verkies word.

Tabel 3.1: METODES WAT VIR SELFMOORDPOGINGS GEBRUIK WORD

Metodes	Vroue	Mans
Vuurwapengevalle	32.4%	56.8%
Ophanging	19.7%	23.4%
Vergiftiging	37.8%	12.5%
Ander	10.0%	7.3%

(Caruso, 2005:6 &13)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat skietgevalle (56.8%) meer gereeld by mans voorkom as by vroue, gevolg deur ophang, 23.4%. Soos reeds vermeld, is hierdie soorte selfmoordpogings ook meer geslaagd. Bogenoemde metodes is ook deur gevalle gesien in Klerksdorp/Tshepong hospitale, en behalwe die gebruik van vuurwapens as „n metode, kom ophanging, vergiftening en ander soort mtodes voor.

Vanweë die aard van die metode wat verkies word, is die navorser van mening dat meer mans aan selfmoord beswyk, terwyl dit dikwels slegs 'n poging by vroue is. Vroue verkies die minder gewelddadige metodes, soos gifstowwe (37.8%) of 'n oordosis pille of medikasie, vergeleke met mans (12.5%). Dit blyk ook uit Tabel 3.1 dat veral die inname van gifstowwe soos bleikmiddels, haarprodukte wat chemikalieë bevat en skoonmaakmiddels die vernaamste metodes is wat deur vroue verkies word. Hierdie gedrag is gewoonlik 'n poging om die aandag op hulle te vestig, of kan beskou word as 'n hulpkreet.

Die 2004-2009-statistiek van die Klerksdorp/Tshepong Hospitaal dui hoë syfers van oordosering as selfmoordpoging aan. Baie keer neem adolessente dogters 'n oordosis van die ouer of ander persone in die huis se pille, byvoorbeeld vir hoë bloeddruk of epilepsiemedisyn, en in die meeste gevalle weet die dogter nie eens watter soort pille sy gedrink het nie. Volgens dieselfde statistiek kom verbranding as 'n wyse waarop selfmoord gepoog word by mans sowel as by vroue voor. Die adolessent steek hom-/haarself gewoonlik met paraffien aan die brand en ernstige brandwonde word gevolglik opgedoen. Hierdie gedrag vind gewoonlik plaas as gevolg van liefdesverhoudings wat beëindig is. Dit lyk vir die navorser asof die fisiese pyn en merke wat self-verbranding as 'n selfmoordpogingsmetode laat, van minder belang vir die adolessent is (Klerksdorp/Tshepong Hospitaal 2004-2009) en dui intensiteit van die gevoelens wat hulle moes deurgaen om tot so drasties op te tree.

Kultuur en religie speel soms 'n rol by selfverbrandingsgevalle as *metode* van 'n selfmoordpoging. Sookha (2005:3) dui aan dat "burning themselves is a prevalent sight amongst black teenagers ... Hindu females also use burning as a method of suicide". In sommige gelowe word die selfmoordpoging 'n soort offer ter aanbidding van die gode, of word dit selfs gekies as 'n reinigingsmetode. Soms laat lede se geloofsoortuigings nie toe dat hulle medikasie of hulp vir hul siektetoestande ontvang nie en dan wend hulle hul tot (volgens hulle) die enigste uitweg, naamlik selfmoord.

Sookha (2005:1) meen dat slegs ongeveer 60% van selfmoordpogings aangemeld word. In Suid-Afrika is die tendens van 19 uit 100 000 mense wat probeer selfmoord pleeg meer algemeen as die wêreldwye 16/100 000 (Sookha, 2005:1). Soos vroeër genoem, is die navorser van mening dat ras en etnisiteit ook 'n groot rol by selfmoordpoging speel, en die swart adolessent is blootgestel aan hierdie gedrag. 'n

Anonieme skrywer op die webblad Wikipedia (2010) merk op dat daar verskille is tussen etnisiteit en kulturele aspekte by individuele adolessente. Die webblad berig verder dat wit adolessente meer as die helfte (56%) uitgemaak het van die persone wat gedurende 1998 probeer het om selfmoord te pleeg. Onder hulle was 41% seuns en 13% dogters. Schlebusch (2005:12) rangskik verder die verskillende rassegroepe volgens die syfers van aangemelde selfmoordpogings: 43% swart, 38% wit, 16% Kleurling en 2% Asiër. Dieselfde skrywer het in 'n onlangse berig in die Sunday Times (Schlebusch, 2011:1) sy kommer uitgespreek oor die stygende selfmoordsyfers in Suid-Afrika. In dieselfde berig voorspel die Wêreldgesondheidsorganisasie dat selfmoordsterftes teen die jaar 2020 waarskynlik tot 1,53 miljoen per jaar gaan styg. Hieruit kan afgelei word dat kultuur en etnisiteit 'n faktor is by selfmoordpogings.

Navorser het agtergekom dat die swart adolessent byvoorbeeld meer dikwels as ander rassegroepe verbranding as 'n metode van selfmoordpoging kies. Volgens die Klerksdorp/Tshepong Hospitaalkompleks se 2004-2009 statistiek is etlike gevalle van swart adolessente met brandwonde in die hospitaal opgeneem. Die navorser wil graag melding maak van die feit dat daar tydens dieselfde tydperk *geen* selfmoordpoginggevalle van wit, Kleurling- of Indiër-pasiënte (adolessente) by die Klerksdorp/Tshepong Hospitaalkompleks met selfverbranding aangemeld of opgeneem is nie. Gevalle van oordosering met pille het wel voorgekom, asook die inname van gifstowwe. Hierdie persone word gewoonlik by Ongevalle van „n hospitaal hanteer en opgeneem in die betrokke saal en na die maatskaplike werker verwys vir verder hantering.

3.4. RISIKOFAKTORE IN DIE ADOLESSENT SE ONMIDDELLIKE OMGEWING

Die navorser is van mening dat ten spyte van die feit dat adolessensie as 'n moeilike tydperk beskryf word, die jongmens in die algemeen sorgvry en vol lewe is. Sommige jongmense ervaar egter verwarring (veral waar identiteit ter sprake is), stresvolle situasies en probleme met aanpassing. McWhirter (2004:199) stem saam en sê: “for other adolescents this period is filled with stressful events and adjustments and can be exacerbated by low socio-economic status, absence of parental support and lack of educational and economic opportunities”. Die volgende

faktore word genoem om die adolessent wat selfmoordgedagtes koester of in die een of ander stadium selfmoord sal oorweeg, te tipeer. Hulle is kinders

- uit gebroke gesinne;
- by wie die vaderfiguur ontbreek;
- wat deur grootouers en/of enkelmoeders grootgemaak word;
- wat stresvolle situasies beleef;
- wat aan alkohol- en dwelmmisbruik blootgestel word;
- met kroniese siektetoestande, byvoorbeeld VIGS;
- wat psigiatriese tekens toon;
- met aggressiewe en antisosiale gedrag (Pelkonen & Marttunen, 2003:260).

Volgens 'n plaaslike koerantberig (Rapport, 2011:1) is daar altyd 'n aanloop van gebeure tot selfmoord. Hierdie aanname word gemaak na aanleiding van die gevalle waarvan die navorser kennis dra. Die selfmoordgeneigde persoon het waarskynlik probleme of frustrasies van die een of ander aard ondervind wat hom tot die selfmoordpoging aangespoor het. Soms vind selfmoordgedrag op die ingewing van die oomblik plaas, soos gevind by talle gevalle uit die navorser se gevalleregister.

Die adolessent het gewoonlik 'n geskil met sy sibbe of 'n misverstand met die ouer(s) en wend hom tot buitensporige gedrag deur byvoorbeeld die een of ander gifstof, bleikmiddel of 'n oordosis pille (gewoonlik 'n familielid se medikasie) in te neem (Klerksdorp/Tshepong Hospital, 2004-2009).

Die individu as deel van sy samelewingsmilieu word geraak deur sy onmiddellike omgewing asook deur die samelewing in die algemeen. Die risikofaktore wat die adolessent op alle lewensvlakke beïnvloed – die individu en sy eie persoonlikheidsamestelling; die gesin waaraan die adolessent behoort; die adolessent se sekondêre verhoudings met die portuurgroep, die skool en die gemeenskap, moet dus bespreek word om die moontlike oorsake van hierdie tendens aan te dui.

3.4.1. Die individu self

Soms hou probleme by kinders direk verband met hul biologiese of persoonlikheidsamestelling, en in ander gevalle vertoon hulle bepaalde persoonlikheidseienskappe wat hulle weerloos laat teen lewenstrauma of beskik hulle oor onvoldoende kommunikasievaardighede (McWhirter, 2004:201). Hieroor brei Pretorius en Buys (2003:54) verder uit: "... certain personality traits, for example, a negative attitude towards life or social factors such as poverty and weak interpersonal relationships, precipitate suicidal tendencies". Die navorser stem saam dat adolessente dikwels deur omstandighede buite hul beheer daartoe gedryf word om onvanpas op te tree.

Bogenoemde outeurs meen ook dat nabootsing en modellering in hierdie geval 'n rol speel omdat die adolessent in die meeste gevalle net soos sy ouers sal optree deur hulle na te aap. Daar bestaan 'n teorie dat die adolessent wie se ouers selfmoord gepleeg het, moontlik ook selfmoord sal probeer pleeg (Pelkonen & Marttunen, 2003:199). Sulke ouers kan dikwels nie uiting gee aan hul gevoelens nie of nie openlik kommunikeer oor wat hulle dink en voel nie. Hierdie toedrag van sake veroorsaak dan swak kommunikasie tussen die ouer en die kind; gevolglik leer die adolessent nooit om sy/haar gevoelens met ander te deel nie.

Wagner (2003:34) noem die volgende as moontlike risikofaktore vir selfmoord: "cognitive and personality factors i.e. hopelessness or interpersonal problem-solving deficits, sexual orientation, biological factors, family history of suicide behaviour, parental divorce, impaired parent-child relationships, stressful life events, sexual and physical abuse, school problems, imitation of suicide acts among teenagers". Dus sal die adolessent met 'n ontoereikende persoonlikheid asook ongunstige omgewing aan negatiewe invloede op sy algehele funksionering blootgestel word en die risiko loop om selfmoord te oorweeg. Wagner (2003) noem as verdere risikofaktore die adolessent se kognitiewe en persoonlikheidsamestelling wat hom hopeloos laat voel omdat hy nie weet hoe om sy interpersoonlike probleme op te los nie, die verbrekking van sy ouers se huwelik en ontoereikende ouer-kindverhoudings. Die adolessent in hierdie ondersoek sal dus met 'n oog op bogenoemde aspekte bejeën en hanteer word omdat navorser van mening is dat onwetenskaplike aanname oor die adolessent dikwels foutief gemaak word.

Ten opsigte hiervan meen die navorser dat liefde, aandag, hartlikheid en geborgenheid 'n mate van sekuriteit aan die individu bied. 'n Gebrek hieraan laat die adolessent minder selfversekerd en meer teruggetrokke voorkom, maak hom aggressief en tas sy selfbeeld aan.

In sommige gevalle kan selfmoord toegeskryf word aan biologiese aspekte byvoorbeeld siekte, of depressie. Druk van lewenstressors kan ook aanleiding gee tot selfmoordgedagtes of -pleging, byvoorbeeld verhoudings wat misluk, hetsy op skool-, vriendskaps- of romantiese vlak, of met ouer(s).

3.4.2. Die gesin

Uit die ondersoek wat die navorser uitgevoer het, het geblyk dat nie alle swart gesinne kerngesinne is nie. Vier en sestig persent (64%) van die deelnemers kom uit kerngesinne, dit wil sê huishoudings wat uit ouers sowel as kinders bestaan. Twintig persent van die adolessente kom uit enkelouergesinne. Hierdie enkelouergesinne het ontstaan as gevolg van die ouers wat nooit getrou het nie of nooit getroud was nie, dus is die kind(ers) buite-egtelik gebore. Soms het die een ouer weggeval en in ander gevalle het 'n egskeiding die gesin geskei. Uitgebreide gesinne (grootouers (albei) en kleinkind(ers)) maak ook deel uit van hierdie enkelouergesinne, veral as die enkelouer (meestal die moeder) en haar kind(ers) by haar eie ouers gaan inwoon (Henn, 2005:5).

Sommige gesinne is onvolledig omdat een ouer, veral die pa, vanweë werksomstandighede ver van die huis af is. Die meerderheid ouers wat by die ondersoek betrek is, werk by myne en fabriek in stede wat ver van hul tuisdorpe en gesinne is. Die vrou/moeder is gevolglik verplig om die kinders alleen groot te maak. Hierdie situasie, saam met die feit dat verstedeliking 'n groot rol speel by probleme wat die swart gesin betref, maak dit moeilik om die struktuur te behou soos die geval is by die tradisionele gesin. Bogenoemde word deur Ramphele (2002:62), veral met betrekking tot die enkelouer, bevestig: "single female headed households are common in the townships even though the ideals of the family are heavily influenced by patriarchal values".

Vir die swart gesin impliseer dit dat daar by 'n ouer manspersoon aangeklop word vir raad oor probleme, en wat hy ook al sê, word aanvaar. Hierdie tradisie is veral

belangrik vir die handhawing van dissipline, en 'n gebrek daaraan kan tot onaanvaarbare gedrag lei. De Witt en Booyesen (1995:20) bevestig hierdie stelling deur te sê dat “the patriarch may be a grandfather or an uncle in an extended family and this patriarch has the final word in family decisions”. Volgens die navorser vervul die manlike grootouers (oupa of oupagrootjie) die rol van die patriarg. Alle besluite word deur hom geneem en hy maak al die planne. Sy eggenote, kinders, kleinkinders en agterkleinkinders luister na hom en voer al sy bevele uit. Hierdie gebruike en leefwyse van swartmense word deur almal in die gesin aanvaar en eerbiedig.

Dit is bekend dat uitgebreide gesinne algemeen in die swart gemeenskappe voorkom. Verwantskap is al bewys as 'n belangrike kultureienskap van die swart gesin. Dit is dus nie vreemd dat kinders by 'n tannie of oom grootword nie of deur ander familielede grootgemaak word nie (Henn, 2005:28). Die navorser wil hier noem dat hierdie situasie nie uniek aan Suid-Afrika is nie, maar soos McWhirter (2004:45) dit stel: “often families of color rely on a larger social base and extended family support to guide African American families and extended kinship system includes uncles, aunts, cousins and grandparents are central in children’s live”. Zastrow en Kirst-Ashman (2013:247) stem saam dat “[blacks are more likely than whites to care for their children in extended families”. In talle gevalle waar die grootouers die kinders grootmaak, word hulle ooreenkomstig die grootouers se waardestelsel opgevoed – soms strydig met dié van die ouers. Die ouers sukkel dan om aanklank by hul kinders te vind wanneer hulle „huis toe” kom en die opvoeding hervat. Die navorser is van mening dat verwarring met betrekking tot dissipline kan intree, en so vind wanaanpassing by veranderde waardestelsels en gebruike plaas. Die ouers en die kind lewe by mekaar verby en kom ook in konfliktsituasies teenoor mekaar te staan.

Tug en dissipline word 'n probleem indien die vrou moet wag dat die man/pa die tugtiging moet kom waarneem (patriargale waardes). Hieroor berig 'n studie oor swart gesinne (Wikipedia, 2012:1) dat “... for many African families the struggle to keep the family unit together and provide sufficient upbringing for the children is hindered by the decrease in the ascribed diminishing parental authority... the economic development in areas of mining, harbors and industrial growth resulted in the traditional family structure changing”. Die sosiale en ekonomiese faktore wat

hier genoem word, verwys veral na die afwesigheid van die vader as gevolg van sy werk wat gewoonlik ver van sy gesin af verrig word.

Soos vroeër reeds aangedui, is die gesin nie verantwoordelik vir slegs een aspek van groei by die adolessent nie, maar vir sy groei in die geheel. Volgens die navorser kan dissipline byvoorbeeld nie van die algemene opvoeding van die individu geskei word nie, maar dit moet konstant toegepas word om gewenste of positiewe gedrag te bewerkstellig. Die navorser is verder die mening toegedaan dat die ouers deur hul aanvaarding en begrip aan die kind die geleentheid gun om persoonlikheidsgewys te groei en te ontwikkel. Dit bevorder by die adolessent aanvaarding en probleemoplossende gedrag.

Teen die agtergrond van bostaande uiteensetting, moet daar nie aanvaar word dat die kind wat nie deur sy biologiese ouers grootgemaak is nie, noodwendig problematiese gedrag as gevolg daarvan sal openbaar nie. Alhoewel daar nie betroubare statistiek hieroor bestaan nie, is dit algemeen bekend dat daar goed aangepaste kinders is wat deur ander ouers as hul biologiese ouers grootgemaak is. Baie kinders met probleme word in hul eie biologiese gesinne grootgemaak waar die kind deur die gehalte van hul gesinslewe (dus die gehalte van of gebrek aan liefde en aandag wat hulle van hul gesin ontvang) geaffekteer word. Om bogenoemde te staaf, word McWhirter (2004:48) aangehaal: "Many young people come from families characterized by parental psychopathology, poor marital adjustment with a low level of parental solidarity, warmth and support and thus have frequent poor emotional and behavior control as well as school adjustment problems". Die navorser erken dus dat kinders uit gesonde gesinne waar die twee ouers 'n nukleêre gesin vorm, ook probleme kan ondervind.

Langille et al. (2012:1550) bevestig dat die gesinsatmosfeer 'n mate van vertroue voorhou vir die adolessent en dat enige onstabieleit kan tot onaanvaarbare gedrag lei. Miller et al. (2012:522) noem dat "reports of suicidality were particularly elevated among adolescents who reported high family conflict and low family cohesion". Dit is belangrik dat die kind (adolessent in hierdie verband) se vroeë jare vol liefde en aanvaarding moet wees sodat hy 'n gesonde en gebalanseerde persoonlikheid kan ontwikkel wat hom sal toerus om invloede van buite te weerstaan.

Die navorser is van mening dat adolessente wat emosioneel geïsoleer voel en diegene wat meen dat die nodige ondersteuning ontbreek, veral ondersteuning van hul gesinne, die uitdagings van die lewe nie kan hanteer nie en dan begin selfmoordgedagtes koester. Gesinsprobleme, psigososiale probleme en ouerlike patologie is van die oorsake hiervoor wat deur verskeie outeurs uitgewys word (Alpaslan, 2002:11; Matla & Madu, 2003:13; Pelkonen & Marttunen, 2003:247-9). Hierdie toedrag van sake lei die adolessent daartoe om te dink dat sy probleme opgelos sal word indien hy sy eie lewe probeer neem.

Volgens die navorser blameer kinders in die algemeen hulleself ook vir gesinsverbrokkeling (egskeiding of vervreemding tussen hul ouers). 'n Gesin wat verbrokkel, kan meebring dat die adolessent selfmoord probeer pleeg – in die eerste plek om hierdeur uiting te gee aan sy gevoelens of in die hoop dat versoening daaruit sal voortvloei. McWhirter (2004:160) bevestig hierdie stelling deur te sê, “problems of parents are sad and distressing, their effects on children are tragic”.

Die navorser is dit eens met ander outeurs, byvoorbeeld Portes et al. (2002:810) Pelkonen en Marttunen (2003:24), asook Pretorius en Buys (2003:53) dat die volgende situasies adolessente in gevaar stel om in die een of ander stadium in hul lewe selfmoord te oorweeg:

- Die kinders maak deel uit van groot gesinne. Hierdie gesinne het soms lae of geen inkomste nie, of die gesinne word gekenmerk deur swak sosio-ekonomiese omstandighede.
- In gesinne met 'n selfmoordpoginggeskiedenis waar die ouers selfmoord gepleeg het, stel Portes et al. (2002:609) dit dat, “research has found that individuals whose parents had attempted suicide were more likely to attempt suicide than those without a family history of suicide”. Hulle meen verder dat 'n swak ouer-kindverhouding asook gebrekkige intimiteit en nie isolasie nie soseer nie, sal bepaal of die adolessent in sy latere jare selfmoord sal oorweeg/pleeg.

Dit blyk dat hartlike gesinsverhoudings 'n gevoel van geborgenheid en intimiteit skep of na vore bring. 'n Kind wat in 'n positiewe atmosfeer grootword, sal die vrymoedigheid neem om sy ouer of getroue gesinslid te nader en te raadpleeg indien hy probleme ondervind. Die ouer is die betekenisvolle ander persoon in die kind se

lewe. Die navorser is van mening dat die kind op hierdie wyse ook vertrouwe in ander mense opbou.

3.4.3. Die portuurgroep

Die adolessent word dikwels deur portuurdruk vasgevang. Gedrag waarmee die adolessent in die portuurgroep gekonfronteer word en waarmee hy hom dan in baie gevalle ook begin besig hou, is onder andere rook, dwelmmisbruik (of eksperimentering daarmee), stokkiesdraai, en premature seksuele verkeer.

Nieteenstaande hierdie feit meen McWhirter (2004:68) dat “children’s experiences and their peers provide them with an opportunity to learn how to interact with others, develop age-related skills and interests, control their social behavior and share problems and feelings”. Die volgende kenmerke van die adolessent, soos uiteengesit deur Dacey et al. (2004:252), is baie belangrik om te verstaan hoe die adolessent deur die groep beïnvloed kan word:

- Verhoudings op bepaalde / alle vlakke – volgens die navorser is die gevoel om te behoort ’n fisiologiese behoefte wat ook onder adolessente voorkom. Dus word verhoudings ook met individue buite sy gesin en familiekring opgebou.
- Vrees vir verwerping – elke mens is kwesbaar en aanvaarding is van die allerhoogste belang. Die adolessent vrees soms dat hy nie deur ander adolessente aanvaar sal word nie.
- Selfmoord van ’n vriend – alhoewel geeneen van die adolessente in die ondersoekgroep ’n naby vriend(in) aan selfmoord afgestaan het nie, is een van die kinders in die skool dood deur selfmoord te pleeg. Dit was duidelik uit hul reaksie dat dit vir hulle onaanvaarbaar was en dat dit die hele skool geskok het.
- Seksuele verhoudings met lede van die teenoorgestelde geslag – drie van die dogters in die fokusgroep is jong moeders en een van die seuns het twee kinders. Hierdie jong kinders is dus seksueel aktief, wat ’n bewys is van die adolessent se neiging tot konformiteit en sy drang om „in” te wees en aan gesprekke wat seksueel van aard is, te kan deelneem.
- Homoseksuele verhoudings – een van die seuns in die groep is homoseksueel en is as sodanig deur die groep en almal by die skool aanvaar. Die feit dat sy

seksuele oriëntasie anders is as dié van die ander seuns is nie as abnormaal beskou nie en dit het hom ook nie daarvan weerhou om deel te neem aan verskeie skoolaktiwiteite nie. Hy is 'n klasleier en jong berader wat ander jongmense met hul probleme ondersteun.

- Keuse van vriende en betrokkenheid by bendes – hierdie aspek sluit aan by die eerste, naamlik dat die adolessent verhoudings op bepaalde (of alle) vlakke aanknoop. Soms kies hy verkeerd en beland in die verkeerde groep, soms by bendes.

3.4.4. Die skool

Die skool is 'n sekondêre sosialiseringsstelsel en dit is waar die adolessent sekere vaardighede aanleer. Die adolessent se verhouding met die onderwyser is ook baie belangrik en kan negatief of positief deur hom beleef word.

Skool is deel van die adolessent se lewe en hy word daagliks met eise binne die skoolverband gekonfronteer. Faktore wat binne skoolverband kan bydra tot selfmoordgedagtes, sluit in kompetisie (akademies, sport, ensovoorts), druk om te presteer, leerprobleme, te veel toetse of skoolwerk, buitemuurse bedrywighede, eksamen- en toetsvrees, onregverdigde dissiplinering en streng onderwysers (Dacey et al., 2004:254).

In die verlede was die hoofdoel van die skool om die kind akademies vir sy toekoms voor te berei. Voorbereiding op primêreskool-vlak was gemik op doeltreffende funksionering op sekondêreskool-vlak en dié van die sekondêreskool-vlak, op tersiêre opleiding. Tans word daar toenemend veranderinge aangebring aan die skoolkurrikulums; onder andere lewensoriënteringsprogramme wat deesdae by skole aangebied word. Die navorser is van mening dat dit 'n goeie stap is omdat dit talle aspekte van die adolessent se lewe raak. Hierdie programme is daarop gemik om die skoolkind vir die toekomstige lewe voor te berei. Om gedragsverandering en ontwikkeling van die adolessent te rig, is die skool genoodsaak om relevante programme aan te bied of te ondersteun, anders word die kind in die steek gelaat en ondervind hy probleme om sy weg te vind.

Arnold (2003:1-3) stem saam dat die doel van die skool tot sy reg kom: “the basic mission of the school is to prepare the youth effectively in society, a means of

providing functional living skills". Benewens lees- en skryfvaardigheidsleer, doen die skole tans veel meer om die adolessent voor te berei om die samelewing te betree. Hy word in die lewensoriënteringklas toegerus met bykomstige vaardighede wat vroeër nie die geval was nie.

Die skoolgaande kind bestee 'n aansienlike aantal ure by die skool, dus kan die skool wel 'n aanleidende rol speel in die adolessent se selfmoorddenke en -pogings. Akademiese prestasie (of die gebrek daaraan) kan 'n rol speel by die adolessent se probleme by die skool. Swak beplanning en verkeerde studiemetodes, min aandag aan skoolwerk, konsentrasieprobleme en passiewe studiehouding kan volgens Arnold (2003:3) as oorsake beskou word waarom die adolessent die skool as negatief beleef. Hierdie sake bring swak punte of onderprestasie mee en plaas weer druk op die adolessent wat hy nie kan hanteer nie. As gevolg van hierdie druk kan gevoelens van onvergenoegdheid by die adolessent gewek word waaraan hy dalk kan probeer uiting gee deur selfmoord te oorweeg.

Die ontwikkeling van die adolessent se kognitiewe vermoëns (kwalitatief en kwantitatief) stel hom in staat om aan toenemend komplekse opvoedkundige eise te voldoen (Alpaslan, 2002:3). Die navorser meen egter dat 'n gebrek aan sodanige ontwikkeling verskeie leemtes by die adolessent na vore bring. Die affektiewe en konatiewe kenmerke moet as deel van die adolessent se ontwikkeling beskou word. Sy behoefte aan liefde of aan 'n gevoel van „behoort aan" maak 'n groot impak op sy wese; dus is die ontwikkelingstake wat hier onder bespreek word volgens Perkins (2010:11) belangrik vir die adolessent se algehele funksionering op sosiale vlak.

3.4.4.1. Skepping van nuwe en volwasse verhoudings met ander individue

Beide adolessente seuns en dogters het die behoefte om meer betekenisvolle verhoudings aan te knoop met ander mense van hul eie ouderdomsgroep, buite die gesin. Die adolessente wat deel was van die groep was gemeng; seuns en dogters en dit was tot voordeel van almal dat hulle van mekaar se ervaring kon leer. Sommiges was saam in een klas, terwyl van hulle nie mekaar geken het nie en dus is die geleentheid aangebied dat hulle nuwe verhoudinge kan aanknoop en van mekaar se teleurstelling te leer. Eksperimentering en teleurstellings kom voor, en nuwe dinge word aangeleer as deel van die groeiproses (Perkins, 2010:11).

3.4.4.2. Bereiking van manlike en vroulike maatskaplike rolle

Die adolessent het 'n volgens Dacey et al. (2004:287) eie definisie van wat manlikheid en vroulikheid beteken. Hierdie rolle word ooreenkomstig die adolessent se behoefte uitgebeeld of aangepas. Roldefiniëring is in die groep bespreek en dit is verbasend hoe die seuns op tradisionele gewoonte vashou deur byvoorbeeld te noem dat slegs meisies spesifieke take moet verrig, en nie seuns nie (Perkins, 2010:11).

3.4.4.3. Bereiking van emosionele onafhanklikheid

Die adolessent moet hom los maak van die emosionele gesinsbande en nuwe affektiewe verhoudings ondersoek. Tog word die adolessent beïnvloed deur die ouers se waardes en houdings en soms internaliseer die adolessent hierdie waardes en houdings (Wang et al., 2012:1). Die adolessent in die groep het baie min met ouers se toesig op hulle vanweë die uitgebreide gesin, maar tog het die gesin waar hy/haar bevind 'n rol gespeel in sy/haar emosionele stand.

3.4.4.4. Voorbereiding vir die huwelik en gesin

Seksuele ryphed vorm die basis van hierdie ontwikkelingstaak. Soms verwar die adolessent intimiteit met seksuele gevoelens. Vroeë seksuele aktiwiteit en tienerswangerskappe wat voorkom by die jongmense wat aan die studie deelgeneem het, is duidelike tekens van hierdie verwarring. Sommige groeplede het 'n kind of twee en het dus vinniger ryphed bereik en verantwoordelikhede waarvoor hulle nog nie bereid was nie. Die aspek van tienerswangerskappe en onveilige seksuele verhouding is bespreek om grotendeels te beman, bemagtig en te voorkom (Perkins, 2010:12; Pringle, 1990:15).

3.4.4.5. Voorbereiding vir ekonomiese beroep

Dit behels finansiële onafhanklikheid – iets wat die adolessent nie kan verwesenlik terwyl hy op skool is nie. Die adolessent moet in hierdie fase tot die insig kom dat hy hom vir toekomstige finansiële onafhanklikheid moet voorberei (Zastrow en Kirst-Ashman, 2013:307). As gevolg van armoede en gebrek aan finansiële ondersteuning verlaat baie jongmense die skool op 'n vroeë ouderdom sonder die nodige opleiding en sukkel dan om tot die arbeidsmark toe te tree omdat hulle nie oor die nodige vaardighede beskik nie. Dit is een van die doelwitte met die

voorkomingsprogram om die adolessent besig te hou deur middagwerkies aan te pak en sodoende geld verdien, en hom/haar voor te berei om vakansie werk te bekom. Dit sal help om die armoedevlak te verlaag (Perkins, 2010:12).

3.4.4.6. Verkry van waardes en 'n etiese sisteem

Die adolessent moet 'n ideologie ontwikkel, abstrak begin dink en ook probleemoplossingsvermoë ontwikkel. Hierdie aspek is tesame met die voorafgaande bespreek; om die adolessent toe te rus met 'n keuse vir goeie morele waardes en religie was dus 'n besprekingspunt waar die adolessent se verhouding met God en die kerk bespreek was (Perkins, 2010:12).

3.4.4.7. Strewe na en bereiking van maatskaplik verantwoordelike gedrag

Die adolessent moet homself bewys en status buite sy gesin verwerf. Die algemene neiging is dat adolessente betekenis vind in hulleself, hul eie wêreld, ooreenkomstig hul sosiale rolle. Verhoudings met hul portuurgroep, skoolmaats en ander sekondêre verhoudings is bespreek en die adolessent is bemagtig met kennis hoe om verhoudings te hanteer.

Hierby voeg Gouws et al. (2000:67) by dat “development tasks of the adolescent includes socialization, finding place in society, acquiring interpersonal skills, cultivating tolerance for personal and cultural differences as well as self-confidence”. Die navorser is van mening dat die vroeë sosialisering wat elke kind ondergaan, belangrik is vir sy aangepastheid in latere jare, veral gedurende die moeilike groeistadium van die adolessente jare. Deur daardie sosialisering leer hy by sy portuurgroep ander vaardighede aan (byvoorbeeld hoe om te kommunikeer) en die adolessent vind op hierdie wyse aanklank by sy kulturele lewe.

Kentrick et al. (2007:1) neem die volgende emosies of onstuimigheid waar by die adolessent: spanning tussen die adolessent en die samelewing; uitdagende houding; aliënasië of vervreemding; weerstand teen sosialisering en verontagsaming van sosiale of voorgeskrewe reëls; selfbeheptheid; transisie van konkrete na abstrakte denke; keuse van aktiewe bo passiewe leer; sterk gevoelens van aanvaarding; mismoedigheid, aanhang van tiener/adolessent sub-kultuur; waardebevestiging van verandering en transformasie.

Soms kom die adolessent in opstand en bots met sy ouers, die gereg of die skool, en die navorser is van mening dat hierdie botsings konflik in sy lewe bring. Sy houding is by ander tye uitdagend en dan konformeer hy nie met die samelewing se norme en waardes nie. Die navorser meen verder dat bogenoemde gevoelens by die meeste adolessente voorkom en deel vorm van die adolessente „kultuur“.

3.4.5. Die gemeenskap

Sosiale probleme kan 'n kind in so 'n mate oorweldig dat hy lewenstrauma nie kan hanteer nie en dan gebeur dit dat selfmoordgedagtes op die voorgrond tree. Walsh (2004:402) meen dat “problems are seen as resulting from an interaction of individual and family vulnerability to the impact of stressful life experiences and social context”. Volgens Brunson en Janse van Rensburg (2003:128) speel omgewingsinvloede 'n rol waar jeugdiges tot selfmoord geneig is.

Die navorser is van mening dat die dinamiek in die verhoudings tussen ouer en kind, kind en portuurgroep, en kind en onderwyser ook 'n beduidende faktor is wat die kind se sosiale netwerke bepaal. Die adolessent se toegeneentheid tot elkeen word beïnvloed deur sy interaksie met elkeen van hierdie netwerke. Lester (2004:69) sê dat sosiale probleme, werkloosheid, geestesgesondheid, depressie en isolasie deel vorm van die oorsake van poging tot selfmoord onder adolessente.

Die omgewing speel 'n belangrike rol, aangesien die individu met ander individue in sy onmiddellike omgewing identifiseer. In 'n gesonde omgewing sal die adolessent positief beïnvloed word deur die interaksie wat hy met ander het. Waar die omgewing nie bevorderlik is vir positiewe groei nie, is die teenoorgestelde vanselfsprekend. Bogenoemde stelling bevestig volgens die navorser die belangrikheid van 'n gesonde omgewing en die feit dat die adolessent positief of negatief deur die omgewing beïnvloed kan word.

3.5. SAMEVATTING

In Hoofstuk 3 is die verskynsel *selfmoord* bespreek, veral met betrekking tot die swart adolessent. Voorts is verskillende teorieë oor selfmoord bespreek. Die aard, omvang en oorsake van selfmoord, asook die metodes waarop daar gepoog word om selfmoord te pleeg, is verder beredeneer (soos uiteengesit in tabelvorm).

Selfmoord is 'n sosiale probleem wat nie slegs die adolessent raak nie, maar die samelewing as geheel. Vanweë die feit dat adolessente nog steeds kinders is, is hulle afhanklik van leiding en hulp. Die gesin, as deel van die sosiale sisteem, is uitgewys as belangrik vir die adolessent se ontwikkeling en funksionering. Ouers moet gehelp word om veral beter met hul kinders te kommunikeer en algemene ouerlike vaardighede toe te pas. Dus is 'n gesinsbenaderingintervensie uiters belangrik.

Die adolessent as individu ervaar en ondergaan gevoelens wat hom negatief laat optree. Sy lewensomstandighede veroorsaak soms hierdie negatiewe gevoelens wat pogings tot selfmoordoorweging meebring. Verder oefen sy portuurgroep druk op die adolessent uit en dra ook by tot die adolessent se negatiewe denke.

Die skool se betrokkenheid by die kind se lewe, nie alleen op intellektuele en opvoedkundige vlak nie, sal die adolessent help om goeie of gebalanseerde lewenskeuses te maak, vry van verwarring en onguns. Samewerking tussen die ouers en die skool moet gevestig en handhaaf word. Die skool, asook die gemeenskap, speel 'n rol in die lewe van die adolessent – nie bloot as individu nie, maar ook as iemand behorende tot die breë sisteem.

In Hoofstuk 4 word vervolgens aandag geskenk aan die profiel van die adolessent wat selfmoord oorweeg en spesifieke aandag word gewy aan die swart adolessent se profiel, behoeftes, kennis, vaardighede, asook ontwikkelingstake.

HOOFSTUK 4

DIE PROFIEL EN BEHOEFTE VAN DIE SWART ADOLESCENT WAT SELFMOORD PROBEER PLEEG

4.1. INLEIDING

Adolesensie is seker een van die moeilikste groeifases in die lewe van die mens. Sommige skrywers beskou adolesensie as 'n fase of tydperk van identiteitskrisis en identiteitsontwikkeling, en Dacey et al. (2004:48) en Marcia (1991:4) beaam hierdie siening deur te sê "... adolescence is a complex process of growth and change". Alle adolessente se ervaring van en ontwikkeling tydens hierdie fase is nie eenders nie. Sommige van hulle ervaar stres en frustrasies terwyl ander sonder probleme met die lewe aangaan en na die volgende lewensfase oorgaan. Volgens die webblad social.jrank.org (social.jrank, 2008:1-3) is identiteitsontwikkeling multidimensioneel omdat dit seksuele en fisiese ontwikkeling, beroepsdoelstellings, godsdienstige gelowe en etniese agtergrond kan behels. Dit is dus bepaald, soos hier bo gestel, 'n gekompliseerde groeifase.

Die adolessent het verskeie behoeftes waarin daar voorsien moet word. Gebrekkige bevrediging van een of meer van hierdie behoeftes kan in negatiewe gedrag of denke omsit. Navorsing het ook getoon dat die adolessent verskeie ontwikkelingstake deurmaak (Dacey, 2004:47) en dat adolessente se behoeftes in die algemeen dieselfde is. Die navorser is egter van mening dat enkele individuele verskille mag voorkom, en dat dit deur elke individu se agtergrond bepaal word.

4.2. DIE PROFIEL VAN DIE ADOLESCENT IN DIE ALGEMEEN

Ter inleiding noem die navorser dat die ontwikkeling en eienskappe van die adolessent wat selfmoord oorweeg uit die literatuurstudie verkry is en sal in verskillende afdelings weergegee word. Volgens McWhirter (2004:137) is "adolescence ... an important time in formation of identity, including sexual identity, career" en hierdie stelling word deur Marcia (1991:4) soos volg uitgebrei: "identity development begins with children's awareness that they are separate and unique individuals". Hulle bedoel hiermee dat elke persoon uniek is en dat die adolessent sekere ontwikkeling moet deurmaak om 'n mens in eie reg te kan wees. Die navorser gaan poog om die adolessent se identiteit, seksualiteit, beroepsaspekte,

selfbeeld en sy algemene behoeftes te ondersoek om "n geheelbeeld van hom te kry. Om daaruit te kom word die volgende aspekte bespreek, naamlik emosionele ontwikkeling en eienskappe van die adolessent wat selfmoord oorweeg

4.2.1. Emosionele ontwikkeling van die adolessent

Benewens die ontwikkelingstake wat in 3.4.4.1 – 3.4.4.7 bespreek is, word daar onderskei tussen die volgende ontwikkelingseienskappe wat eie is aan die adolessent en waardeur hy:

- homself leer ken, wat sy rol is, sy persoonlikheid, sy karakter asook sy interaksie met ander mense in sy lewe;
- homself ontdek wat die seksuele betref en 'n eie waardestelsel opbou;
- 'n beroepsbelangstelling begin ontwikkel (McWhirter, 2004:137); en
- emosionele outonomie verkry om kritiek, struikelblokke en teleurstellings te hanteer en deur innerlike kragte die nodige emosionele ryphed en vryheid opbou en ontwikkel om as volwassene te kan funksioneer.

4.2.2. Eienskappe van die adolessent wat selfmoord oorweeg en daartoe neig

Die adolessent met selfmoordneigings kan gewoonlik aan die volgende eienskappe geëien word:

- Swak portuurgroepverhoudings: gebrek aan standvastige en langtermyn-sosiale verhoudings, hetsy met vriende of skool-/klasmaats. Identifisering met ander adolessente vind dus nie plaas nie en dit het die opbou van 'n swak selfbeeld tot gevolg.
- Ontoereikende kognitiewe vermoë wat irrasionele denke meebring. Die adolessent neig daartoe om negatiewe gedagtes te koester.
- Gebrekkige oorlewingspatrone: gebrek aan diep gevoelens wat soms oppervlakkig is veroorsaak frustrasies en angs, dus loop die adolessent die risiko om homself fisiese leed aan te doen. Hy het dus nie die vermoë om te oorleef nie.

- Patologiese egoverdedigings: hierdie gedrag bring repressie, teruggetrokkenheid, projeksie, ontkenning en somatisering mee. Dissosiasie met familieledede vind plaas as gevolg hiervan.
- Gesinsdisfunksie: die adolessent disasosieer hom van sy gesin – veral as gesinstwiste voortdurend voorkom. Dit is een van die redes wat adolessente soms aanvoer vir hul selfmoordpoging. 'n Liefdesverhouding wat deur die familie afgekeur word, asook laasgenoemde se verwagtings dat hy beter moet presteer, lei die adolessent soms ook tot selfmoorddenke en -optrede.
- Hierteenoor toon die meeste adolessente geen begrip vir hul ouers se besorgdheid oor hulle nie (Brunsdon et al., 2003:2). Hulle beskou dit as inmenging, of glo dat hul ouers hulle nie vertrou om self besluite te neem nie.

Verskillende metodes van maatskaplike werk kan aangewend word om die adolessent se selfmoord/-pogings hok te slaan. Die jongmens wat selfmoord probeer pleeg het, moet onmiddellike emosionele ondersteuning, berading en algemene hulp ontvang. Die adolessente wat by die Klerksdorp/Tshepongse hospitaal gesien is, het eienskappe soos hierbo genoem word, openbaar.

Die veranderings wat die adolessent op fisiese vlak ondergaan, bring normaalweg stres mee. Die jongmens kan hierdie stres die hoof bied indien hy 'n positiewe houding jeens die self koester (McNamara, 2005:9). So 'n positiewe houding sal meebring dat die adolessent minder onaantreklik of onaanvaarbaar sal voel en dat sy selfbeeld spoedig sal stabiliseer (McNamara, 2005:9). By seuns bring veranderings in die fisiese voorkoms, soos lengte- en/of gewigstoename, vreemde/growwe stemtoon, moontlike aknee, gesigshare, ensovoorts, die adolessent se aanvaarding van homself in die gedrang en veroorsaak verwarring oor hoe hy hierdie groeiproses moet beheer en hanteer.

Volgens Dacey et al. (2004:48) is daar 'n korrelasie tussen persoonlikheidseenskappe en selfbeeld. Die navorser meen dat dogters min of meer dieselfde verandering ondergaan en dat dit vir hulle moeilik is, veral omdat dit gepaard gaan met seksuele ontwaking. Die wil om te beïndruk en aantreklik voor te kom, is in stryd met hierdie soms onaantreklike fisiese veranderinge.

Die navorser is van mening dat die maatskaplike werker tydens die interaksie met die adolessent wat selfmoord probeer pleeg, ook aandag moet skenk aan die

adolescent se psigiese toestand. Die volgende metodes kan in die hantering van die adolescent wat probeer selfmoord pleeg aangewend word, naamlik, psigoterapie, gesinsterapie, gedragsveranderingsterapie, groepterapie en bemagtiging. Voorafgaande word in hoofstuk vyf breedvoerig bespreek en sal met die volgende ontwikkelingstake van die adolescent (Dacey et al., 2004:51) bespreek word:

- Vervulling van nuwe en meer volwasse verhouding met beide geslagte
- Aanvaarding van die liggaamsbou
- Strewe na en die aanvaarding en vervulling van sosiaal verantwoordelike gedrag
- Voorbereiding vir 'n loopbaan en finansiële selfstandigheid
- Voorbereiding vir die huwelik
- Verwerwing van 'n eie intellektuele waardestelsel
- Behoefte aan inligting
- Emosionele onafhanklikheid

Die eerste drie aspekte is vir die adolescent van belang indien hy 'n gebalanseerde lewensbeskouing en beheerbare gedrag nastreef.

4.2.3 BEHOEFTE VAN DIE ADOLESCENT

Die navorser het afgelei dat die swart adolescent nes alle adolescent van ander rasse behoeftes het. Die volgende behoeftes is ook by selfmoordneigende swart adolescent opgemerk en word as volg opgesom; behoefte aan erkenning, behoefte om te behoort, behoefte aan passie, behoefte om te droom en idealisering, behoefte aan identifisering en nabootsing, behoefte aan 'n gesonde lewe asook behoefte aan inligting. Volgens Maslow se behoeftehiërargie het elke mens fisiologiese, sekuriteits-, behoort aan- en liefde-, selfaktualiserings- en estetiese behoeftes, en die adolescent is geen uitsondering op hierdie gebied nie (Dacey et al., 2004:49). Daar word onderskei tussen “groeibehoeftes” en “gebrekbehoefte” en veral die eerste ses behoeftes op Maslow se behoeftehiërargie kom sterk by die adolescent voor.

Hierdie behoeftes word hieronder as volg bespreek:

4.2.3.1 Behoeftte aan erkenning

Die navorser meen dat idealisme en sukses een van die adolessent se mikpunte is. Met sukses kom selfvervulling en erkenning; die erkenning waarna die adolessent smag. Hierdie idealisme verhoog die adolessent se selfbewustheid en kritiese en abstrakte denke. Erkenning verhoog die adolessent se eiewaarde en sal vriende en ander belangrike netwerke aan hom besorg (Dacey, 2004:51).

4.2.3.2 Behoeftte om te behoort

Hierdie aspek verwys daarna dat die adolessent kan voel (of weet) hy behoort by hetsy 'n groep, klub of vriendekring, sonder om fisies daar te wees. Dit skakel gevoelens van isolasie en verwerping uit.

Positiewe invloed van die Portuurgroep op die adolessent word hieronder deur McWhirter (2004:266) weergegee:

- “the group gives an opportunity for compliance, aggression, leadership and need satisfaction to the teenager”: binne die groep kry die adolessent die geleentheid om nuwe rolle aan te leer en te eksperimenteer, wat alles bydra tot goeie sosiale funksionering, dit bied ook die geleentheid vir kommunikasie met die teenoorgestelde geslag en vir die sluit van nuwe vriendskappe
- “the peer group exemplifies a the world outside the home- as children grow older, the importance of parents decrease ... peer influence becomes the dominant factor for many teenagers”: identifisering met die groep bevorder emansipasie van die ouerhuis en die invloed kan beide voordelig en nadelig wees vir die adolessent.
- a peer group influences the beliefs, attitudes and values of each member: in die groep kan die adolessent vryelik praat oor sy vrese, verwarrende gevoelens, ideale en drome – sodoende raak hy ontslae van emosionele spanning die groep bied aan die adolessent wat probleme in sy verhouding met die ouers ervaar 'n warm vriendskaplike kameraadskap wat aan hom 'n gevoel van veiligheid, aanvaarding en begrip gee en laastens bied die groep aan die adolessent gedragsnorme vir hierdie oorgangstadium en hierdeur ontwikkel hy 'n groepsidentiteit (McWhirter, 2004:266).

Dacey et al (2004:256) noem die volgende as die funksies van die portuurgroep:

- “control aggressive behavior
- Improve social skills, develop reasoning abilities and learn to express feelings in more mature ways
- Develop attitudes towards sexuality and sexual role behavior
- Strengthen moral judgement and values
- Improve self-esteem”

4.2.3.3 Behoefte aan passie

Vanweë die adolessent se verandering op die fisieke vlak kom die behoefte aan passie sterk na vore. Die navorser is van mening dat die gesin kan in die eerste plek daardie intimiteit gee wat die kind nodig het deur middel van affektiewe gebare en onvoorwaardelike aanvaarding. Dus is oop kommunikasie basies van die allergrootste belang.

In die tweede plek het die adolessent die intimiteit van sekondêre verhoudings nodig, byvoorbeeld 'n kêrel of 'n meisie, 'n groep of vriende. Die navorser is van mening dat adolessente dogters 'n negatiewe selfbeeld opbou weens hul veranderende voorkoms en dat hierdie gedagtegang veroorsaak dat die adolessente minderwaardig voel en besluit dat hulle vanweë hul voorkoms nie by 'n romantiese verhouding betrokke kan raak nie (Perkins, 2010:36).

Dit is belangrik om daarop te let dat frustrasies en ongewenste verwagtinge die adolessent in 'n toestand van depressie kan laat verval indien hierdie behoefte aan passie verkeerd hanteer word, of selfs 'n obsessie word.

4.2.3.4 Behoefte aan droom en idealisering

Die adolessent droom baie maar dit werk negatief in of sy/haar emosies. Anon, (2008:1) sê dit is omdat die adolessent intellektueel tot die vlak van abstrakte denke ontwikkel het. Hy idealiseer ook baie en hierdie idealisering word soms vergestalt in gedrag en optredes.

4.2.3.5 Behoefte aan identifisering en nabootsing

Die navorser sien identifisering en nabootsing – die soeke na die self – as die adolessent se moeilikste aanpassingsfase en meen dat die aanpassing die adolessent so kan oorweldig dat identifisering met betrekking tot verskeie aspekte

van sy lewe skipbreuk ly, byvoorbeeld rol-identifisering en geslagsrolidentifisering. Dus meen skrywers (Anon, 2008) dat die adolessent soveel tyd moontlik in die teenwoordigheid van volwasse persone (positiewe rolmodelle) moet deurbring. Identifisering (positief) het nie in die algemeen by die groep na vore gekom nie, maar nabootsing wel.

4.2.3.6 Behoefte aan gesondheid (gesonde lewe)

Die navorser is van mening dat die behoefte aan gesondheid omvattend is. Jongmense se lewe loop nie altyd seepglad nie, en hulle word aangetas deur siektes wat soms buite hulle beheer is of nie regstreeks deur hul eie toedoen opgedoen is nie. Onder hierdie soorte siektes kan onder andere wanvoeding en onhigiëniese toestande gelys word, maar kan ook natuurlike oorsake hê.

Toestande soos tienerswangerskappe (alhoewel dit nie 'n siekte is nie, kan komplikasies wel intree), seksueel oordraagbare siektes, MIV/VIGS, alkohol en dwelmverslawing kan wel voorkom word, en navorser is van mening dat, met die nodige inligting aan hulle te verskaf, adolessente bemagtig kan word, en ook dat daar tans 'n groot behoefte hieraan bestaan (Anoniem, 1998:1-8).

4.2.3.7 Behoefte aan inligting

Anoniem (1998:2) meen hieroor dat, "... young people need information on careers, educational programs and market trends". Indien adolessente goed ingelig is, kan hul aanvanklike behoeftes grootliks onder die loep geneem word. Die adolessent het behoefte aan aanvaarding en sukses, regverdigheid, geleenthede, eksperimentering, outonomie, erkenning en ook behoefte daaraan om te behoort. Hierdie behoeftes kan geklassifiseer word as synde die fisies, emosioneel, sosiaal en kognitief.

4.3. PROFIEL VAN DIE SWART ADOLESSENT

4.3.1. Inleiding

Die kinders wat aan hierdie ondersoek deelgeneem het, is almal van Seiphemelo Hoërskool. Daar was 211 respondente en hulle is blootgestel aan verskillende opnames aangesien dit 'n multidissiplinêre navorsingsprojek was. Die groep respondente is oor 'n tydperk van vier agtereenvolgende dae hanteer.

Die respondente het deel uitgemaak van 'n bestaande navorsingstudie, naamlik die Noordwes-Universiteit se „Play Group Research Project“. Al die respondente was swart, omdat die skool in 'n swart woongebied geleë is. Slegs een leerder was van Kleurling afkoms, maar was woonagtig in dieselfde gebied as die ander deelnemers. Dit dien gemeld te word dat daar 'n Kleurling-woongebied (Promosa) en swart woongebied (Ikageng) in die buitewyke van Potchefstroom is. Hoewel afsonderlike woongebiede strukture is wat tydens die apartheidsjare in Suid-Afrika tot stand gekom het, voer hierdie twee rassegroepe deesdae saam 'n bestaan en woon in dieselfde gebied.

4.3.2. Geslag

Uit die huidige ondersoek blyk dit dat geslag 'n rol speel in die voorkoms van selfmoordpoging onder swart adolessente.

Tabel 4.1: GESLAG VAN RESPONDENTE

Geslag	Getal	%
Dogters	104	49.3
Seuns	107	50.7
N=	211	100%

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat daar 'n eweredige verdeling tussen seuns en dogters was wat die geslag van die deelnemers betref. Dus is die verskil in persentasie gering.

4.3.3. Ouderdomme van respondente

Uit ervaring is die navorser bewus daarvan dat leerlinge se ouderdomme in die swart skole nie altyd in lyn is met die beleid van die Departement van Onderwys en Opleiding nie – dus is die ouderdomme van die respondente van belang vir hierdie studie/ondersoek en daar word redes genoem hoekom dit die geval is.

Tabel 4.2: OUDERDOMME VAN RESPONDENTE

Ouderdom	Getal	%
12- 15	16	7.5
15-18	23	11
18-21	172	81.5
Totaal	211	100%

Die adolessente wat by die navorsing betrek is, was almal tussen 14 en 21 jaar oud. Daar was van die respondente wat ouer as 18 was maar wat as gevolg van omstandighede nog in graad 9, 10 of 11 was. In sommige gevalle was die rede hiervoor herhaling van die graad en of dat sommige leerders later as hul portuurgroep met hul skoolloopbaan begin het. Die navorser wil hier daarop wys dat dit 'n algemene verskynsel by swart gemeenskappe is dat kinders nie betyds by die skool inskakel soos deur die Skolewet 84 (3)(1) van 1996 vereis word nie, aangesien die kinders soms nie oor geboortesertifikate beskik nie. Hierdie wet beveel aan dat 'n kind op sewejarige ouderdom sy skoolloopbaan moet begin en op 15 jaar in graad 9 moet wees. Soms is armoede en ongeletterheid van die ouer die rede waarom die kind se skoolopleiding laat 'n aanvang neem.

Die navorser is van mening dat dit gewoonlik tussen die ouderdomme 14 en 21 is dat adolessente neig om selfmoordgedagtes te koester of om selfmoordpogings aan te wend, omdat dit die tydperk van selfontdekking is en (soos reeds genoem deur skrywers) die tydperk wanneer die adolessent 'n identiteitskrisis ondergaan. Volgens Roberts (2004) is 15 die gemiddelde ouderdom waarop Suid-Afrikaanse kinders selfmoord pleeg, en daarom is kinders uit hierdie ouderdomsgroep by die huidige navorsing betrek. Respondente in hierdie studie wat in die meerderheid was, was tussen ouderdomme 14 en 21 jaar. Jordaan (2004:1) meen dat meer as 'n derde van alle pasiënte in hierdie ouderdomsgroep wat in Suid-Afrika in die hospitaal beland, selfmoordpoging-gevalle is. Dit was dan ook die tendens wat in die Klerksdorp/Tshepong hospitaal plaasgevind het.

Verskeie navorsers meen verder dat die ouderdomsgroep tussen 14 en 19 jaar diegene is wat hulle skuldig maak aan selfmoordgedagtes, selfmoordpogings en uiteindelijke selfmoordpleging (Larson et al., 2002:74; Matla & Madu, 2003:126).

4.3.4. Taalklassifikasie

Van die 211 respondente in die huidige studie was 210 'n swart taal magtig, terwyl slegs een Afrikaans as spreektaal gebruik. Dit dien gemeld te word dat daar minstens vier verskillende tale onder die swart taal as geheel by die bevolking van Ikageng geïdentifiseer is. Dit is Tswana en Sotho wat feitlik eenderse tale is en deur 41 (59%) van die respondente as huistaal gepraat is, en Xhosa en Zoeloe wat ook byna dieselfde klanke het (beide is Nguni-tale) en deur 39 respondente (40%) gepraat is.

Dit meeste Suid-Afrikaanse persone wat in 'n swart woongebied woon, is veeltalig, en die inwoners praat en/of verstaan dikwels al die inheemse tale. Die medium van onderrig by die skole is Afrikaans, Engels en Tswana. Die leerlinge by Seiphemelo Hoërskool word in die drie bogenoemde tale onderrig.

4.3.5. Portuurdruk

Tabel 4.3: DIE INVLOED VAN PORTUURGROEP

	Beïnvloeding (negatief)		Beïnvloeding (positief)	
Geslag	Seuns	Dogters	Seuns	Dogters
Getal	9	14	98	93 N= 211
%	8.4%	13.5%	91.6%	89.4%

Die respondente is gevra in watter mate hulle deur vriende beïnvloed word. Hierdie vraag is aan die respondente gestel om vas te stel in watter mate die respondent vriende toelaat om hom te beïnvloed om dinge teen hulle sin te doen. 'n Ander rede was om vas te stel in watter mate hulle hul vriende sal na-aap om byvoorbeeld ook 'n oordosis pille te neem omdat „almal“ dit doen. Die meerderheid seuns 98 (91,6%) en

dogters 90 (89,4%) onderskeidelik getoon het dat hulle sterk is en nie maklik beïnvloed word nie. Daar is egter gevind dat 9 (8.4%) seuns teenoor 14 (13.5%) dogters negatief beïnvloed kan word.

Die navorser het tot die slotsom gekom dat sommige adolessente ander naboots ten opsigte van modes, sosiale kringe, leefstyl en selfs selfmoordmetodes. Dit is die navorser se mening dat nabootsing aan die orde van die dag onder veral adolessente. Die adolessent wil deel van die groep wees en 'n mate van konformiteit word aan die dag gelê; soms bloot om te voel hulle behoort aan die groep. Die webblad Direct Essays.com (2002-2010:1-5) beskryf die invloed van portuurdruk soos volg: "peer pressure is explained to build self-image, independence and love relationships ... there are many more, for example, decision making regarding sexual activity, drug and alcohol use". Die navorser stem saam met Mattheus et al. (2003:4) dat portuurdruk soms positief en goed wees kan vir die adolessent se ontwikkeling indien dit met goeie bedoelings gepaard gaan. Die navorser aanvaar dat die geleentheid, byvoorbeeld waar die adolessent met die groep wat sy denke kan beïnvloed in interaksie verkeer, sowel as die omstandighede, byvoorbeeld die adolessent se leefwyse (armoede, gebrekkige dissipline en ander faktore) hierdie aanname verklaar.

4.4. GESINSGESKIEDENIS

Elke individu is en vorm deel van 'n gesin. Die adolessent kom uit 'n gesin waar emosionele bande gevorm word en wat sy hele siening van die lewe beïnvloed. Die navorser ag dit dus belangrik dat die adolessent binne die totale gesinsisteem hanteer word, insluitende saam met ander gesinslede onderling.

4.4.1. Gesinsamestelling

'n Vraag is gestel oor die samestelling van die respondent se gesin. Die seuns respondente waarvan slegs 67 (62%) vanuit kerngesin afkomstig is, se getal is hoër terwyl een deur 'n familielid grootgemaak word en 60 (56%) uit enkelouergesinne kom. Wat die dogter respondente betref, word tien (10%) deur 'n vader in die afwesigheid van die moeder grootgemaak. Die ander tien (10%) word deur 'n moeder alleen grootgemaak, terwyl 80 (37.8%) uit kerngesinne kom. Die vier respondente bly by „n familielid. Steyn (1993:20) het in sy navorsing bevind dat

36.9% swart gesinne nukleêre gesinne, 28.8% uitgebreide gesinne en 14% enkelouer-gesinne was.

Binne die gesin is die plek waar die kind eerste gesosialiseer word. Die gesin is dus verantwoordelik vir die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid en karakter. Die gesin moet ook voorsien in die kind se opvoeding, behoeftes, emosies, doelstellings en lewensopvattinge. Carr (2002:43) is van mening dat “warm family systems and cohesion ensure sound self-esteem”.

Die gesin is dus verantwoordelik vir die algehele groei van die adolessent, op alle vlakke van sy lewe. Hierdie soort groei kan slegs binne gesinsverband plaasvind, en dit is die soort groei wat die adolessent voorberei vir die buitewêreld en vir grootmensewêreld. Uit die navorsing blyk dit dat dit veral die seuns is wat nie uit kerngesinne kom nie. Daar kan dus aanvaar word dat daar nie in al die behoeftes van die seuns voorsien word nie. Dit blyk dus dat seuns meer blootgestel word aan en bemagtig moet word vir die eise van die grootmensewêreld.

Die navorser is van mening dat elke kind in alle stadia van sy lewe behoeftes aan bogenoemde aspekte ervaar en dat hierdie behoeftes binne die gesin bevredig moet word.

Ontoereikende gesinsinteraksie kan die adolessent emosioneel negatief beïnvloed. Indien die skool ook nie in die adolessent se behoeftes kan voorsien nie, kan hy maklik sy skoolwerk nalaat, belangstelling verloor en voel dat die „sisteem” hom in die steek gelaat het Miller et al. (2012:1).

Die navorser meen dat die kind ondersteuning en leiding nodig het om te funksioneer, en hy wil weet dat hy op die regte pad is. Van die respondente het ’n mate van aanvaarding getoon ten opsigte van hoe hul lewe op daardie tydstip was; ouers wat nie teenwoordig is nie, grootouers wat hul ouers se rolle ingeneem het, ensovoorts.

4.4.2. Getal van en Verhouding met sibbe

Volgens die ingesamelde data oor hul verhouding onderling, is dit duidelik dat die verhouding met die sibbe in die algemeen goed is; gevolglik kom broedertwis selde voor. Die navorser is van mening dat daar in elke gesin ’n mate van konflik tussen gesinslede onderling bestaan; veral tussen broer en suster. Daar is soms ’n gevoel

dat die een meer liefde en aandag ontvang as die ander, en kompetisie vir die ouers se aandag vind voortdurend plaas (Kentrack, et al., 2007:199).

Tabel 4.4: AANTAL SIBBE

Sibbe	Getal Sibbe	%
Broer(s)	2 =81	38.4
Suster(s)	3=90	42.6
Geen	0=40	19
Totaal	=211	100

Bogenoemde tabel toon hoeveel van die respondente „n broer of suster het en dit word verder uitgebrei en opgevolg met die vraag in hoe „n mate die verhouding tussen die sibbe onderling is. Die navorsingsvraag was dus of die respondente 'n broer(s) of 'n suster(s) het, en indien wel, is hulle gevra hoe hul verhouding met hierdie broer/suster is. Byna alle respondente het meer as een broer 81(38.4%) of 'n suster 90(42.6%) gehad – slegs 40 (19%) was alleenkinders.

4.4.3. Verhouding met ouers

Die ondersoek het aan die lig gebring dat 67 (62%) van die respondente wat by die navorsing betrek is, uit kern- en enkelouergesinne afkomstig is. Verskeie redes bestaan hiervoor, maar navorser glo dat die soeke na werk in groot stede die geval mag wees asook ander redes soos egskeings ensovoorts. In die meeste gevalle was die biologiese ouer in 'n ander stad werksaam. Die gevolg hiervan is dat die versorgingsrol deur 'n familielid ingeneem word, byvoorbeeld deur grootouers, ouer sibbe, of tannies en ooms (Henn, 2005:33). Hierdie versorger tree ook as gesagsfiguur op vir die adolessent in sy/haar sorg (Shlain, 2007:3) en dikwels is hierdie verhouding nie goed nie omdat die biologiese ouerfiguur ontbreek. Die voog of grootouer kan as positief of negatief deur die respondent beleef word. Navorser is van mening dat die afwesigheid van die biologiese ouer(s) 'n indikator van gesinsdisfunksie mag wees. Weens 'n gebrek aan ondersteuning van die ouers kan

die adolessent gepredisponeer wees tot onaanvaarbare of buitensporige gedrag (en dus selfmoord) wanneer dit by die hantering van moeilike situasies kom.

Op die vraag rakende die respondente se verhouding met hul familie het 25.1% (53) van hulle dit as 'n warme huisatmosfeer bestempel, teenoor 74.9% (158) wat dit as 'n koue huisatmosfeer beskryf het. Dit is belangrik om te noem dat daar geen spesifieke statistiek bestaan oor die invloed van die afwesigheid of teenwoordigheid van een of beide ouers op die adolessente se algehele funksionering nie. Daar kan egter wel aanvaar word dat die voorsiening in sy behoeftes gebrekkig sal wees indien een of albei ouers afwesig is.

Soos reeds genoem deur Dacey et al. (2004:379), Matla en Madu (2003:132) en Pelkonen en Marttunen (2003:247-249), kan gesinsprobleme, psigososiale probleme en ouerlike patologie tot selfmoordneigings aanleiding gee. De Man et al. (2003:245-250) se studie oor ouer-kindverhoudings in Hongkong het ook bevind dat 'n gebrek aan ouerliefde en aandag kan veroorsaak dat die adolessent selfmoordneigings koester en selfmoord oorweeg.

Die atmosfeer in die ouerhuis word hoofsaaklik bepaal deur die aard van die liefde wat ouers aan die kinders betoon en die aandag wat hulle aan die kinders skenk. Liefde ontlok liefde, en sekuriteit bring 'n gevoel van geborgenheid by die kind mee. Kentrick et al. (2007:231) verduidelik hierdie situasie en sê dat "children who are securely attached to their parents are also less likely to develop behavioral problems later".

Wat gesinsaangeleenthede betref, is dit dus duidelik dat die gesinsatmosfeer 'n bydrae lewer tot die swart adolessent se latere optrede in lewensituasies. Henn (2005:28) beaam hierdie stelling en sê: "black strength lies in kinship and community support to adapt to any situation".

4.5. SKOOLVERHOUDINGS

Dit blyk uit navorsing dat die skool 'n groot rol speel in die adolessent se akademiese en leerproses en dus is die adolessent se verhoudings by die skool 'n belangrike faktor in selfmoordgedagtes en -pogings.

4.5.1. Skoolgraad van respondente

Alle respondente in die studie was in graad 9 omdat die navorsingsprojek (die Noordwes-Universiteit se Play Group) gefokus het op graad 9 leerders. Spontane respons het aangedui dat 2.4% (5) van die respondente die graad herhaal.

4.5.2. Verhouding met onderwyser

Die verhouding met die onderwyser het by byna alle respondente geblyk goed te wees. Die respondente is gevra hoe hulle die verhouding met hul onderwyser beleef. Die respons was goed: 200 (94.8%) was positief oor hul verhouding met die onderwyser, teenoor 11 (5.2%) wat gesê het dat die verhouding swak is. Leerlinge wat die verhouding as goed bestempel het, se daaglikse interaksie met hul onderwysers word as positief en met respek beleef. Doan et al. (2012:3) noem dit “connectedness” en brei verder uit; “ research has shown that students who feel connected to their school felt teachers treated them fairly, felt close to people at school, felt like a part of their school and are thus less likely to experience suicidal thoughts...” Die navorser is van mening dat die verhouding tussen die onderwyser en die leerders van so „n aard moet wees dat laasgenoemde die vrymoedigheid sou het om die onderwyser te nader ten tye van nood. Hierdie stelling word deur Coetzee en Jansen (2007:2) as volg ondersteun, “ ... the emotional state of both teachers and learners affects the children’s attention, focus, perception, the time spent on tasks and their academic performance”. Dus, is dit belangrik dat die verhouding tussen die leerders en hul onderwyser positief moet wees.

4.5.3. Skoolprestasie

Die respondente is gevra hoe hulle op skool presteer. Daar is bevind dat die meeste 192 (90.9%) goed vaar, teenoor 3 (1.5%) wat swak of swakker presteer. Hierdie groep se punte is bo verwagting goed en hulle beskou die prestasie as goed. Diegene wie se punte baie swak is, onderpresteer waarskynlik en 16 (7.5%) meen dat hulle hul punte kan verbeter. Die navorser is bewus van die feit dat van die respondente se lewensomstandighede onbevredigend is. Die omgewing en atmosfeer skep nie „n plek waarin huiswerk gereeld gedoen kan word nie. Soms is

daar ook nie leiding en ondersteuning tuis om toe te sien dat skooltake uitgevoer en afgehandel word nie.

In Suid-Afrika se geskiedenis het die swart bevolking 'n gebrek aan basiese alledaagse benodighede soos water (in mindere mate) en elektrisiteit (in meerdere mate) ervaar. Die swart leerling kan dikwels nie sy huiswerk doen nie, aangesien baie swart woongebiede nie elektrisiteit het nie. Verder belemmer oorbewoning 'n rustige atmosfeer om skooltake te verrig (Henn, 2005:22), en aangesien gemeenskapsbronne soos biblioteke baie keer ontbreek, is daar geen sprake van naslaanwerk wat gedoen kan word nie.

Schlebusch (2003:2) is van mening dat “black children keenly feel the weight of their communities and with better access to education they are required to succeed but are burdened by financial costs, academic competition and exam stress”. Du Preez (2003:1) stem saam en sê: “... akademies is die druk op hulle ook onnatuurlik hoog” (Roberts, 2004:1). In 'n koerantberig (Rapport, 2004:11) word soos volg berig: “there is too much academic pressure, overcrowding, lack of guidance teachers, the burden of matric, low self-esteem, impulsivity and imitation amongst teenagers”. Die navorser stem met bogenoemde stelling saam: swart gemeenskappe sukkel nog om die mas op te kom, en die skoolloopbaan is steeds 'n uitdaging vir die swart gesin wat nie oor die middele beskik om die kind by die skool te kry nie.

4.5.4. Skoolaktiwiteite

Die respondente is gevra of hulle aan enige sportaktiwiteite by die skool deelneem. 'n Groot getal 170 (80.6%) neem geensins aan enige skool- of sportaktiwiteit deel nie, teenoor 40 (19.9%) wat wel sport beoefen. Slegs netbal en sokker word deur die skool aangebied. Negentien (41%) van die respondente se respons op hierdie vraag was dat daar 'n behoefte is aan 'n sportsoort soos tennis, die oprig van tennisbane en die aanbied van ander sportsoorte. Vanweë die apartheidsstelsel van ouds, is navorser bewus van die gebrek aan sporttoerusting by die meerderheid swart skole en sportkodes, en hierdie gebrek maak dinge moeilik vir die swart leerling wat moet kies by watter sportsoort hy wil/kan inskakel.

Hierdie toedrag van sake beperk 'n keuse ten opsigte van sportsoorte by die skool. Nie almal kan/sal die sokker of netbal speel wat by die meeste swart skole

aangebied word nie, en omdat daar so 'n beperkte keuse is, stel die ander leerlinge klaarblyklik nie belang nie. Doan et al. (2012:5) beaam hierdie stelling en sê: “schools that have an aesthetically pleasing environment, however, motivate students to take pride in their school”. Sommige leerlinge doen nie eens liggaamsoefening nie, want die skool bied dit nie aan nie.

4.5.5. Aspekte wat die skool aangenaam maak

Op die vraag oor wat die skool aangenamer sal maak, is verskeie response ontvang. Die behoefte aan 'n skoolbiblioteek of biblioteekdienste is deur 13 (30%) van die respondente uitgespreek terwyl ander voorstelle gemaak het ten opsigte van 'n skoner omgewing, konstante dissipline, respek, rekenaarklasse, finansiële steun asook skooltoere. Hierbenewens het die respondente ook aangedui dat die skool 'n beter plek sal wees as daar voorsiening gemaak word vir leerders met 'n fisiese gestremdheid. Die navorser stem hiermee saam en deur observasie is dit duidelik dat veral skole in die swart woongebiede nie toegerus is met toebehore wat die leerlinge besig hou en intereseer in die skool nie. Dit is ook duidelik dat die omgewing nie altyd tot voordeel van die leerders is nie.

4.6. SEKONDÊRE VERHOUDINGS

Sekondêre verhoudings vorm deel van die adolessent se sosialisering en die navorser is van mening dat hierdie verhoudings belangrik is om ondersoek te word.

4.6.1. Verhouding met die teenoorgestelde geslag

Die ondersoek het getoon dat 100 (96.2%) uit 104 dogters vriende het en 5 (5%) betrokke is by romantiese verhoudings wat reeds langer as 'n jaar duur. Wat hul reaksie betref ten opsigte van 'n liefdesverhouding wat tot niet gaan, het al die respondente (100% of 211) die beëindiging van 'n verhouding aanvaar. Die meerderheid van die seuns-respondente 75 (70%) het vriende, maar 40% (30) is daarvan oortuig dat hulle vriende hulle nie verstaan nie. Feitlik al die skoliere – 209 uit 211 (99%) – het vriende by die skool. Diegene 190 (2%) wat nie vriende het nie, sê dat hul vriende verhuis het en in 'n ander dorp woon.

4.6.2. Invloed van vriende

Die vraag is aan die respondente gestel of hulle maklik deur vriende beïnvloed word. Dit is opgevolg deur 'n vraag oor hoe die respondent se verhouding aangetas word deur verhoudings met die portuurgroep.

Ses-en-tagtig (40.8%) van die seuns het aangevoer dat hulle nie maklik deur vriende beïnvloed word nie, terwyl 14 van die dogters (6.6%) minder beïnvloeding deur vriende getoon het. (Oor hoe hul verhouding met hul vriende hul lewe in die algemeen raak, sê 80 (74.8%) van die seuns dat hulle staat maak op vriende om besluite te neem oor sosiale aktiwiteite, stokperdjies kies, romantiese verhoudings, ensovoorts. Die res 27 (25.2%) neem hul eie besluite onafhanklik van hul vriende. Kentrick et al. (2007:104) meen dat veral adolessente wat nie by hul ouers woon nie, kwesbaar is en meer op vriende staat maak: "... peers tend to be more important than parents for advice about current issues such as social activities, hobbies, alcohol and drug usage and sexual experiments". Hulle noem die volgende drie aspekte as belangrik vir besluitneming: die verhouding wat die adolessent met sy portuurgroep het, sy verhouding met sy ouers, asook die bepaalde besluit wat geneem moet word. Die navorser meen dat dit duidelik is dat die swart adolessent ook vriendskapsverhoudings in sy lewe belangrik ag.

4.6.3. Romantiese verhouding

Van die respondente was 185 (87.7%) betrokke by 'n romantiese verhouding (liefdesverhouding), teenoor 26 (12.3%) wat nie in 'n verhouding staan nie. Uit die voorgenoemde groep beweer 43.3% (80) dat die verhouding reeds tussen 6 en 12 maande aan die gang is. Die res (105 of 56.7%) was by romantiese verhoudings betrokke wat reeds langer as 'n jaar duur. Volgens die navorser maak dit vir enige adolessent by 'n hoërskool deel uit van konformiteit om by 'n liefdesverhouding betrokke te raak en dit hou vir die adolessent 'n mate van aanvaarding deur die portuurgroep in Borgen et al. (2010:4).

Die respondente is gevra hoe hulle sal reageer indien hierdie verhouding beëindig sou word. Nagenoeg 75 (40.6%) meen dat hulle hartseer sal wees indien die verhouding beëindig sou word. Dwang of oorreding om die liefdesverhouding te behou, wat tot aggressie lei, is deur 10 (5.4%) genoem. Byna die helfte (46.5% of

86) sê dat hulle die beëindiging van die verhouding sal aanvaar, teenoor 45 (24.3%) wat daarvoor kwaad sal word. Die volgende emosies is aangeteken: huil, kwaad, soebat en pleit indien hul liefdesverhouding tot 'n einde sou kom. Die respondente het bevestig dat dit traumaties is om afgesê te word. Al die respondente wat by 'n liefdesverhouding betrokke is, meen dat hulle sal aanbeweeg en afstap van 'n verhouding wat geen vooruitsigte inhou nie. Die eksaminator het gevra wat die literatuur hieroor se. Miskien moet jy „n paar bronne insit.

4.7. SELFMOORD

Onder selfmoord word bewustheid van selfmoord, metodes van selfmoord en die redes vir selfmoord bespreek.

4.7.1. Bewustheid van selfmoord

Die ondersoek het getoon dat van die 104 dogters wat aan die navorsing deelgeneem het, 70 (67.39%) die konsep *selfmoord* verstaan en 34 (32.7%) nog nooit daarvan gehoor het nie. Vier en sewentig 74 (69.2%) van die seuns het die konsep verstaan, teenoor drie-en-dertig (30.8%) wat nooit daarvan gehoor het nie. Dus het 43 seuns nog nooit van die konsep gehoor nie. Hierdie toedrag van sake was „n saak van kommer vir navorser omdat dit na „n aanduiding is van onkunde verwys. Bewusmaking inisiatiewe is dus noodsaaklik.

Die respondente was bewus van 'n skoolmaat wat selfmoord gepleeg het en sowat 88% teenoor 12% weet van iemand wat selfmoord binne of buite skoolverband probeer pleeg het. Geeneen van seuns het ooit selfmoord oorweeg nie, teenoor 78 (75%) van die dogters wat beweer dat hulle dit nog nooit oorweeg het nie. Vyf en twintig persent van die dogters het wel erken dat hulle selfmoord oorweeg het. Die hele groep seuns en dogters glo egter dat selfmoord nie 'n oplossing vir probleme is nie. Hierdie feit noodsaak ook verdere studie oor selfmoordpoging veral onder die swart adolessent, en soos Joe et al. (2009:3) dit stel; “research findings show the need for further studies on risk factors for suicide especially on ethnicity-specific risks and non-psychiatric suicide attempters... and suicide prevention efforts should include screening for suicidal behaviour in clinical and non-clinical settings like schools, community centers etc.”

Die navorser is van mening dat daar 'n mate van onkunde onder die jongmense heers wat selfmoord betref. Die indruk word geskep dat die dood 'n oplossing vir probleme is, en dat die verlangde respons daardeur verkry sal word. Volgens statistiek oor suksesvolle selfmoorde wat al plaasgevind het, blyk hierdie opvatting nie waar te wees nie. Hieroor sê Doan et al. (2012: 6), „most suicidal adolescents do not want suicide to happen, they are torn between wanting to end their psychological pain through death and wanting to continue living...” Portuurhulp programme word verder aanbeveel omdat dit tieners wat in risikolak is, daardeur geïdentifiseer en gehelp kan word. Sulke programme het volgens hierdie skrywers leerders en tieners se kennis asook waarskuwingstekens oor selfmoord verhoog.

4.7.2. Metodes van selfmoord

Die navorser het agtergekom dat verskillende metodes aangewend word in die poging tot selfmoord en 'n kort bespreking volg nou oor hierdie metodes van selfmoord wat die respondente sou verkies.

Tabel 4.5: VOORKEURMETODE VAN SELFMOORDPOGING

Oordosis pille	65	30.8%
Ophanging	20	9.5%
Vergassing	33	15.6%
Skiet met 'n wapen	13	6.2%
Ander	80	37.9%
TOTAAL	211	100

Die vraag is gestel oor watter metode die respondente sou toepas om selfmoord te pleeg indien hulle so 'n besluit sou moes neem. Die respons het verskeie reaksies uitgelok; metodes soos die inneem van giftige vloeistowwe, haarmooimaakmiddels of skoonmaakmiddels het die meeste voorgekom en word onder die afdeling „ander” gelys. Die neem van 'n oordosis pille is deur baie as 'n moontlike metode genoem, en die derde mees aangeduide metode was vergassing. Ophang was vierde op die lys, gevolg deur 'n skoot uit 'n vuurwapen. Doan et al. (2012: 2) het in hul studie

bevind dat, “method specific fatality rates for suicide among persons 15 years and older found that poisoning accounted for 74% acts of suicide but only 14% fatalities, whereas firearms and hanging accounted for only 10% of acts. Firearms were found to be the most lethal resulting in 91% fatalities”.

Alhoewel nie een van die respondente selfmoord oorweeg nie, is dit duidelik uit hul response dat die huidige tendens ten opsigte van metodes vir die pleeg van selfmoord, naamlik oordosering (meestal vroue) en vergassing (mense), die mees gesogte metodes is vir selfmoord.

Die feit dat mense meer drastiese metodes soos ophang, vergassing, afspring van hoë geboue of gebruik van ’n vuurwapen as metode van selfmoord aanwend, terwyl vroue minder drastiese of sagter metodes soos oordosering met pille of inname van gifstowwe toepas (Dacey et al., 2004:314; Matla en Madu, 2003:127) is weer ’n bewys van hoe geslag verskil ten opsigte van metodes vir die oorweeg of uitvoer van ’n selfmoordpoging.

4.7.3. Redes vir selfmoordpogings

Selfmoord is ’n drastiese stap om te neem, en dus is die navorser daarvan oortuig dat die adolessent met selfmoordgedagtes nie sonder rede sy lewe sal probeer neem nie. Daar moet iets gebeur wat hom tot so ’n daad dryf. In Tabel 4.6 volg etlike redes wat die respondente verstrek het as moontlike redes vir ’n adolessent se selfmoordpoging.

Tabel 4.6: REDES VIR SELFMOORD

Moontlike redes	Seuns	%	Dogters	%
Swak verhouding met ouers	50	46.7%	46	44%
Swak skoolprestasie	12	11%	10	10%
Ongelukkige liefdesverhouding	27	25%	37	36.4%
Eensaamheid	15	14%	7	7.6%
Ander	3	3.7%	4	3.7%

	N=107	100%	N=104	100%
--	-------	------	-------	------

Uit die bostaande tabel spreek dit duidelik dat swak verhoudings met ouers die rede is waarom so groot getal respondente selfmoord oorweeg. Die soort verhouding tussen die adolessent en sy ouers sal bepaal in watter mate hy in staat sal wees om on-/aanvaarbare gedrag aan te leer. Marcia (1991:1) sê dat; “supportive parents foster identity formation as well as esteem, critical thinking and moral reasoning” as basis tot „n gesonde verhouding tussen die tiener en sy ouer. Doan et al. (2012:5) het bevind dat in meer as 86% ouers van gevalle in hul studies onbewus was van die tiener se selfmoordneigings en dat die ouers minder voldoende verhouding met die tiener gehad het.

Daar is verskeie redes waarom 'n adolessent poog om selfmoord te pleeg. Volgens Watkins (2004:3) moet veral aandag geskenk word aan risikofaktore soos vorige selfmoordpogings, dwelm- en alkoholmisbruik, toegang tot vuurwapens en stresvolle situasies. Jacobs en Venter, (2002:1) en Jason, et al. (2004:77) beweer dat jongmense veral tussen die ouderdomme 10 tot 14 jaar baie traumatiese en voorspelbare lewenstres ervaar, asook drastiese veranderings in hul lewe. Die navorser is van mening dat oorsake van tienerselfmoord veelvoudig is. Sommige probleme by kinders hou direk verband met hul biologiese of persoonsamestelling, terwyl ander weer bepaalde persoonskenmerke het wat hulle weerloos laat teen lewenstrauma. Die ander 3 en 4 (3.7%) wat onder hierdie kategorie resorteer, is diegene wat benewens lae selfbeeld, nie besluite kan neem of konflik kan hanteer nie. Wang et al. (2012:463) koppel dit aan met gevoelens van wanhoop en sê, “black students experience elevated feelings of hopelessness, which in turn increases the likelihood of suicidal behaviours”.

Portes et al. (2002:805) beskou die oorsaak van selfmoordpoging onder adolessente as “a failure to construct a healthy identity and a cluster around disruption of specific developmental tasks ... and risk conditions in the immediate situation of the individual such as lack of emotional support”. Pule (1998:32) gee die volgende as oorsake: “fear of failure, pressure to achieve, excessive concern for material gain and a lack of acceptance amongst peers are all suicide related factors”. Hierdie aspek resorteer onder die 11% en 10% (seuns en dogters onderskeidelik) wat swak presteer. Die swart adolessent word ook deur persoonlike uitdagings gekonfronteer,

en om te presteer moet hy 'n groter poging aanwend om groepsdruk, samelewingsdruk ensovoorts te weerstaan as hy goeie resultate op skool wil behaal.

Alhoewel respondente in hierdie studie aangedui het dat hulle vriende het, is daar eensame tieners wat hul eensaamheid negatief beleef en die aanduiding van 7.6% en 14% is „n geringe persentasie wat selfmoordgedagtes kan ontwikkel. Navorser is van mening dat dit negatief is omdat hul denke irrasioneel raak as gevolg van eensaamheid, hulle deel word van portuurgroepe wat hulle negatief kan beïnvloed.

Ongelukkige liefdesverhouding 25% en 36.4% is aangedui as die tweede moontlike oorsaak van selmoordpoging. Hierdie syfers stem ooreen met die redes wat die tieners by Klerksdorp/Tshepong hospitaal weergegee het, benewens swak verhouding met ouers of gesinsprobleme.

4.7.4. Programme

Die respondente is gevra of hulle bewus is van die bestaan van enige voorkomingsprogramme wat daarop gemik is om adolessente te ondersteun. Sowaat 54 (51.9%) van die dogters is bewus van sulke programme, teenoor 50 (48.1%) wat nooit van sulke programme te hore gekom het nie. Wat die seuns betref, het 67 (62.6%) al van sulke programme gehoor, teenoor 40 (31.4%) wat nie daarvan bewus was nie. Sestig dogters (57.7%) en 55 seuns (51.4%) het aangedui dat hulle bereid sou wees om aan sulke programme deel te neem. Die res 44 (42.3%) dogters en 52(48.6%) van die seuns stel geensins belang daarin nie. Dit is egter nie duidelik of die programme waarna die respondente verwys, spesifiek oor selfmoordaspekte handel en of dit algemene programme is wat deur die skool geloods word nie.

Navorser is van mening dat skole buitemuurse aktiwiteite kan inisieer wat deel van „n program kan wees om die leerders te help met besluitneming, inligting oordrag van gevaarlike wapens, en so meer om spesifiek aandag te gee aan moontlike selfmoordgedagtes. Aspekte soos probleemoplossing, gedragsvaardigheidsleer en konflikthantering word deur Doan et al. (2012) aanbeveel op hul skoolgebaseerde program. Hul hoogsaaangeskrewe programme, te wete, die Resolving Conflict Creatively Program (RCCP), Halfmoon Bay Growing Pains Project, The School Transition Environment (STEP) en The Alberta Safe Caring Schools Initiative blyk geslaagd te wees en „n moontlikheid vir toepassing in Suid Afrikaanse skole.

4.8. BESPREKING

Uit voorgenoemde feite kan afgelei word dat die adolessent se behoeftes uniek is, en dat ouers, opvoeders en dies meer in gedagte moet hou dat indien daar nie in hierdie behoeftes voorsien word nie, ongewenste gedrag moontlik kan volg. Daar moet ook nie uit die oog verloor word dat hierdie tydperk vir die adolessent besonder moeilik is nie.

Aanvaarding en ervaring van hul eie ontwikkeling en verandering (liggaamlik en kognitief) bring ook meer verwarring by adolessente mee. Adolessente het hul portuurgroep nodig om hierdie veranderings met hulle te bespreek. Hierdeur beseff hulle dat hulle nie „alleen“ staan in hul stryd nie, en dat dit 'n natuurlike en normale proses is wat hulle deurmaak. Sodoende word die proses van verandering en aanvaarding vergemaklik (verlig) en bespoedig.

Emosionele en seksuele groei maak ook deel uit van die ontwikkeling van die adolessent. Indien dit geslaagd is, sal die adolessent sy emosies reg kan kanaliseer, wat dan tot emosionele rypheid lei (Wang, et al., 2012:5). Dit sal hom help om gesonde en rasonale besluite rakende sy lewe te kan neem. Portuurdruk sal dus minimale of geen invloed op die adolessent hê nie. Sy redenasies sal op feite gebaseer wees en nie op gevoelens nie.

Daar is in hierdie ondersoek bevind dat die adolessent se maatskaplike funksionering deur verskeie faktore nadelig beïnvloed kan word. Dit blyk dat die verhouding met ouers, individuele en persoonlikheidsfaktore soos eensaamheid asook ongelukkige liefdesverhouding 'n oorsaaklike rol speel by selfmoordgedagtes en selfmoordneigings onder adolessente.

Dit is ook 'n erkende feit dat die soort metode wat in selfmoordpogings aangewend word by die vroulike en manlike geslag 'n beduidende rol in die uiteindelijke voltrekking van selfmoord speel. Meer selfmoordgevalle en selfmoordpogings kom onder mans voor as onder vroue.

Ten slotte is dit duidelik dat die individu se agtergrondgeskiedenis en sy gesin, as sy eerste sosialiseringagent, 'n kardinale rol speel in sy volwasse-wordingsproses. Taal en leer, norme en waardes is uniek aan 'n gesin en dit sal bepaal hoe die kind in latere jare by die breë gemeenskap aanpas (Borgen et al., 2010:8).

4.9. SAMEVATTING

Adolesensie word gekenmerk deur verskeie positiewe en negatiewe stressors in die adolessent se lewe. Daar is vinnige groei (fisies, psigies en kognitief) wat verwarring by die adolessent kan laat ontstaan op identiteitsvlak en ten opsigte van gesag in die algemeen, in die skool asook in die samelewing in die breë.

Dit is algemeen bekend dat sommige adolessente dinge anders belewe as die meerderheid van hul portuurgroep. Laasgenoemde is 'n wesenlike kenmerk van die adolessentejare.

Indien adolessente gelei word om probleme op te los, om mekaar te help, om onderskraging te verstaan en te waardeer, het hulle die belangrikste vaardigheidsleer ooit ondergaan. Saam, as groep, sal hulle agterkom dat die ander jongmense dieselfde probleme en/of frustrasies ervaar as hulleself. In hoofstuk 5 sal daar na die maatskaplike werker se rol gekyk word in die daarstelling van 'n selfmoordvoorkomingsprogram.

HOOFSTUK 5

DIE INHOUD VAN 'N PROGRAM VIR DIE VOORKOMING VAN SELFMOORD EN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE ROL IN DIE DAARSTELLING DAARVAN

5.1. INLEIDING

Die vorige hoofstukke het die dringendheid van die voorkoming van selfmoord en selfmoordpoging onder swart adolessente beklemtoon. Die navorser is van mening dat daar genoegsame behandeling is wanneer 'n selfmoordpoging plaasgevind het, maar meer voorkomingsinisiatiewe is tans van belang en word benodig. Syfers wat deur talle skrywers gerapporteer word, regverdig ongetwyfeld die instel van voorkomingsprogramme. Schlebusch (2003:1-2) rapporteer byvoorbeeld dat 19 uit 100 000 selfmoordgevalle in Suid-Afrika hoër is as die 16 uit 100 000 selfmoordgevalle wêreldwyd en merk op dat “suicide is a process beginning with problems that teenagers feel that they cannot solve”. Horner en Fredericks (2005:1) meen verder dat voorkomingsinisiatiewe onder swart adolessente geregverdig is aangesien “a changing South Africa has exacted a heavy toll on black South Africans and the past decade has seen a 48% increase in suicide among black people”. Die navorser stem met bogenoemde stellings en met soortgelyke stellings in ander bronne wat reeds in vorige hoofstukke genoem is, saam. Hierdie statistiek ondersteun dan ook die noodsaaklikheid van die onderhawige studie.

5.2. DIE DOEL VAN VOORKOMINGSINISIATIEWE

Om die individu te help om nie alleen die probleem of las te dra nie, kan hulpverleningsmetodes, voorkomingsprogramme en ander maatskaplike insette aangewend word. Zimmerman en Asnis (1995:138) beklemtoon die benadering van “taking action before it happens”. Dit kan slegs gedoen word deur voorsorg te tref dat die poging nooit enduit gevoer word nie, en deur enige neigings daartoe vroegtydig in die kiem te smoor. Shlain (2007:669-676) meld dat selfmoord onder adolessente in die Verenigde State van Amerika, veral in die ouderdomsgroep tussen 15 en 19, tot die jaar 1990 gestyg het, waarna 'n daling voorgekom het. Suid-Afrikaanse feite oor selfmoordpogings word deur Sookha (2005:2) soos volg weergegee:

- “the average age of youth who attempt suicide is 15 – a full two years younger than that of the rest of the world
- 50% know someone who had tried before
- the youngest recorded suicide in South Africa was 10 years
- the sharpest rise in teen suicide is among Black communities.”

Hoewel literatuur oor die swart gemeenskap ontbreek, spreek berigte, verslae van gevalle in die Klerksdorpse hospitaal en die realiteit vanself, naamlik dat 'n selfmoordpoging tendens onder swart adolessente aan die toeneem is. In hierdie hoofstuk word verskillende riglyne en die verskillende soort voorkoming behandel, asook verskeie rolle wat die maatskaplike werker beklee in die daarstelling van 'n voorkomingsprogram. Laasgenoemde sal eerste bespreek word, gevolg deur ander hulpverleningsvorme wat deur middel van 'n diagram wat navorser van mening is dat dit deel van die program moet wees, aangetoon word. Daarna sal moontlike addisionele toevoegings tot in die program bespreek word en laastens die aanwending van groepwerk as 'n metode van maatskaplike werk. Hierdie toevoegings word in lyn met die regering se veldtog op armoede vermindering en bemagtiging aanbeveel.

5.3. VOORKOMINGSPROGRAMME

Voorkoming is een van die vernaamste insette wat die maatskaplike werker kan lewer om negatiewe tendense die hoof te bied. Sodanige programme is daarop gemik om maatskaplike vraagstukke te verlig en sodoende die individu, hetsy as lid van 'n gesin, groep of gemeenskap, te bemagtig om probleme self op te los.

Die skool is die gepaste omgewing om jongmense deur middel van sulke programme te bereik. Die navorser is van mening dat selfmoordpogings, tienerswangerskappe, alkohol- en dwelmmisbruik asook algemene ontoepaslike gedrag meestal by hoërskoolleerders aangetref word.

Dit is belangrik om daarop te wys dat voorkomingsprogramme slegs doeltreffend is wanneer dit die breë gemeenskap betrek, asook betrokke groepe omdat die adolessent hom nie in isolasie bevind nie, maar in interaksie verkeer met ander individue en bronne in die gemeenskap. Doan et al.(2012:2) sê dat: “research has

suggested that one of the most essential components, if not the central component for responding to potentially at risk students for suicidal attempt is to establish relations and links within the community ... as they have the potential to lead to changes in behaviours that impact rates of suicide". Dit is dus gepas dat die hulp van diegene met wie die adolessent in noue verband staan, ingespan moet word. Die navorser ondersteun hierdie stelling want die individu handhaaf verhoudings met ander lede van die gemeenskap ter wille van sy voortbestaan en om 'n mate van rigting en leiding daaruit te put.

Pule (1998:15) asook Zimmerman et al. (1995:138) onderskei tussen primêre, sekondêre en tersiêre voorkoming en hierdie kategorieë sal vervolgens bespreek word.

5.3.1. Primêre voorkoming

Barker (1995:330) beskryf primêre voorkoming soos volg: "actions taken to keep the condition known to result in social disease or social problems, from occurring", terwyl Juntunen en Atkinson (2002:5) hierdie fase as "a large scale re-education" beskou. Onmiddellike toetreding word benodig en moet plaasvind om die tendens hok te slaan.

Krisisingryping sal in hierdie stadium plaasvind om die situasie te red. Turner (2011:137) beskryf dit as volg; " crisis intervention is a brief treatment approach that is based on the premise that support, education, and guidance are provided in a timely manner and can assist individuals to mobilize their inherent strengths and resources for the purpose of moving toward speedy resolution..." Die hospitaal, kliniek of noodhulpsentrum kom hier ter sprake en kan as hulpbronne benut word. Die hospitaal word meestal gebruik waar die adolessent met selfmoordneigings deur 'n multi-professionele span behandel word. Die multi-professionele span bestaan uit die dokter, die verpleegkundige, die maatskaplike werker en die sielkundige. Waar verbranding as 'n metode toegepas is om selfmoord te probeer pleeg, word die hulp van fisio- en arbeidsterapeute ook ingeroep.

Die volgende program word aanbeveel om die adolessent te bemagtig. Dit is op hoërskoolleerders toegespits omdat hulle meestal nabootsing gebruik as 'n oplossing vir hul probleme.

5.3.1.1. **Skoolgebaseerde program**

’n Skoolgebaseerde program moet daargestel word om die hoëskoolkind te leer waar hy om hulp kan gaan aanklop, hoe om stres te hanteer en verwerping te verwerk. Vaardigheidsleer, verbeterde selfbeeldskepping, gedragsvaardighede, oorlewingsvaardighede en probleemoplossingsmeganismes vorm deel van sodanige program.

Lester (2004:213) meen dat “a greater number of youths attempt or seriously think about suicide as the solution to their life’s difficulties”. Hierdie lewensprobleme kan aangespreek word deur bogenoemde programtegnieke toe te pas. Die voorligtingsonderwyser word ook hier betrek; dus sê Flutter en Rudduck (2004:123) “the teacher can influence the development of children by his/her natural relationship with children including the way rules are set and discipline is administered”. Leerders wat probleme met die leerkrag of met swak prestasie ondervind, kan baat vind by intervensie. Die belangstelling in en betrokkenheid van die onderwyser by sy leerlinge sal tot voordeel van die adolessent strek.

Die navorser is dit eens dat onderwysers veral van hulp kan wees deurdat hulle:

- risikogevalle kan identifiseer wat by groepbesprekings kan inskakel;
- aandag kan skenk aan leerlinge met ander gedragsprobleme en/of huislike probleme;
- ondersteuning kan gee aan sulke leerlinge en hulle moontlik na toepaslike hulpinstansie kan verwys; en
- voorstelle aan die skool kan maak rakende die aanbod van voorligtingklasse en ander bykomende dienste.

5.3.1.2 In aansluiting hierby stel Pelkonen en Marttunen (2003:250) voor dat ’n “school-based suicide curriculum and skills training” ingestel moet word. Hierdie stelling word ook deur Doan et al. (2012:5) bevestig. Die skool se maatskaplike werker vervul ’n ewe belangrike rol. Portes et al. (2002:182) stem saam dat “intervention must be multi-dimensional as well as developmentally differentiated. It must start early at schools”, terwyl Lester (2004:213) die volgende opmerking oor skoolprogramme maak: “... schools are natural environments to address problems experienced by youths through prevention programs”. Die maatskaplike werker sal

veral probleme wat later in selfmoordpogings kan ontaard, vroegtydig kan identifiseer en aandag daaraan kan skenk. Die maatskaplike werker moet daar wees as skakel en hulpbron vir beide die skool en die adolessent. Groot skaalse veldtogte moet geloods word om 'n groot aantal skoolkinders te betrek. Dacey et al. (2004:390) sê: "School-based programs are there to raise awareness and to reduce known risk factors".

5.3.1.2. Risikoverminderingsprogram

Inligting wat van die Voorligtingsklinieke of -onderwysers bekom word, sal help om voorafwaarskuwing te gee oor aspekte soos oordosering, gebruik van wapens en berging daarvan, asook oor ander metodes van selfmoordpleging soos die gevaar van alkohol- en dwelmmisbruik. Wat ook belangrik is, is om die tekens en simptome van die adolessent met selfmoordneigings uit te ken en te herken.

5.3.1.3. Massamedia-programme

Plaaslike radiostasies en nuusblaaie en/of nuusbriewe moet benut word. Pamflette en inligtingstukke moet op gereelde grondslag versprei word om die gemeenskap te waarsku. Dit kan ook by skole in die vorm van strooibiljette versprei word. Hierdie soort inligtingsblaaie word gewoonlik pamflette genoem, terwyl Pelkonen en Marttunen (2003:250) dit "education flyers" noem.

Schlebusch (2005:1) sê: "using schools, universities and family as first level of prevention is important and these are obvious targets for identification and prevention of suicide behaviour especially among youngsters who need help in developing crisis resolution situations". Die navorser is van mening dat onderwysinstellings die gepaste plek is waar selfmoordneigings aangespreek en voorkom kan word.

5.3.2. Sekondêre voorkoming

Die fokus van hierdie studie was nie op die empiriese navorsing gebaseer nie, en dus noem navorser hierdie vlak van voorkoming sowel as die volgende slegs om die werksaamhede van almal wat betrokke sou wees by die selfmoordpoging van die adolessent aan te dui. Die navorser is van mening dat sekondêre voorkoming ten doel het om die gedrag en omgewing van die individu te verander. Wanneer die

selfmoordpoging aangewend is en dit gefaal het, kan pogings aangewend word om te verhoed dat dit weer gebeur deur berading, sielkundige intervensie, maatskaplikewerk-intervensie asook medikasie, indien nodig. Die navorser beskou hierdie middele as herlewingsdienste.

Die hospitaal speel weereens 'n belangrike rol hierin, aangesien dit die plek is waar die pasiënt geassesseer word ten opsigte van die metode wat vir die selfmoordpoging toegepas is, asook die graad van die poging, byvoorbeeld hoeveel pille in die geval van 'n oordosering ingeneem is. Dit is ook hier waar die toestand van die pasiënt gestabiliseer word. Sy familie word gewoonlik betrek om agtergrond inligting te verkry en om die moontlike oorsake van die poging vas te stel. McWhirter (2004:215) beveel aan dat die ouers die adolessent se selfmoordpoging as 'n gesinsprobleem moet beskou, omrede die adolessent se probleem ten minste gedeeltelik binne die gesin gewortel is. Die navorser is van mening dat die ouers gehelp moet word om die selfmoordgedrag te erken, dit as 'n krisis te hanteer en die dinamika daarvan te verstaan.

5.3.3. Tersiêre voorkoming

Bemagtiging is die wagwoord tydens hierdie intervensie. McWhirter (2004:237) stel die doel daarvan soos volg: "for young people this means learning how their lives are influenced by family, school, and the larger society; developing the skills to combat negative influences and make positive choices for their lives". Herhaling moet ten alle koste verhoed word; dus meen Zimmerman et al. (1995:4) dat "tertiary prevention is meant to reduce recidivism once a suicide has occurred whereby mobilization, problem solving and hopefulness is instilled". Die gemeenskap, groep en gesin vorm die basis van onderskraging wat gerig is op die adolessent se beter funksionering.

Intensiewe terapie moet toegepas word op beide individuele en gesinsvlak. Die individu word by terapiegroepe betrek en, indien nodig, word medikasie voorskryf.

Die adolessent se vordering word gemonitor en gereelde ondersteuning word ook gegee. Laasgenoemde is veral die gesin se rol en volgehoue ondersteuning is dus nodig. Juntunen en Atkinson (2002:85) beaam bogenoemde stellings: "Prevention of

social isolation and integration of the individual with a group is the most important task for suicide prophylaxis; thus establishing contact and abolishing loneliness”.

5.3.4. Groepterapie

Die leerders wat in hierdie program gebruik is, is hoë risiko-gevalle. Oor hierdie tipe intervensie het Carr (2002:32) die volgende te sê: “Group activity programs and group therapy may be used to help teenagers develop social skills so that they can initiate and maintain positive interactions with peers by conversation with each other and engaging in self-critic”.

Die portuurgroepdinamika kan tydens groepterapeutiese intervensie tot voordeel van die individu benut word. Mattheus en Ferreira (2002:105-6) definieër die portuurgroep as ’n sosiale verhouding tussen individue wat met mekaar in interaksie verkeer en norme en doelstellings deel wat tot aanvaarding in die groep lei, wat dan ook tot voordeel van die individu strek. Die portuurgroep het die volgende bykomende voordele, soos geblyk het uit die studie onder leerders by Seiphemelo Hoërskool:

- Persoonlikheidsontwikkeling en versterking van die selfbeeld: Tydens die groepsessie is aan elke leerling ’n beurt gegun om ’n mening oor die saak onder bespreking te lug.
- Sosiale vaardighede, kommunikasievaardighede en aanpassing by sosiale reëls: Die leerders het gewillig gestaan en wag vir die sessie om te begin en het spontaan deelgeneem.
- Kweek van ’n verantwoordelike sin en besluitnemingsvaardighede: Leerlinge het self besluit wanneer om te vergader en het hul klasmaats daaraan herinner om die sessies by te woon. Hulle het mekaar reggehelp in gevalle waar vrae beantwoord moes word en selfs die ander vermaan om aandag te skenk as hulle verkeerde response gee; hierdie aspek word deur Mattheus en Ferreira, (2002:106) aanbeveel.

5.3.4.1 Groepwerk teorie en tipe groep

Oor groepwerk teorie het Nicholas et al. (2009:87) die volgende te sê: “group work theory tends to idealize the value of groups in people’s lives ... such as peer groups

might exert enormous influence on young people and purposefully choose the degree of control and directiveness in the group based on democratic participation and letting group members take control of group process as a means of empowerment". Navorsers het bogenoemde voorgelou en stem saam met Zastrow (2004:53) dat deur groepwerk lede met gedragsprobleme baat kan vind met groepdruk.

Die tipe groep wat beplan was was "n voorligtingsgroep. Preston-Shoot (2007:60) sê die hoofdoel van so 'n groep is "to teach the ability to exchange support with the others as a source of strength and power", terwyl Linehan (1993:138) en Mattheus en Ferreira (2002:105-6) van mening is dat groeplede gevoelens van isolasie, alleenheid, lae selfbeeld, sosiale disfunksie en disfunksionele probleemoplossing binne die groep kan verminder. In hierdie navorsing het die navorsers bevind dat na afloop van die sessies van die respondente wat adolessente is vir die eerste keer oor hulleself kon praat en dat hulle verheug was dat daar iemand was wat daarin belang stel om daarna te luister. Respondente wat individuele terapie nodig gehad het na afloop van die groepsessies is na „n maatskaplike werker verwys.

5.3.5. Kognitiewe gedragsbenadering

Die individu se interpersoonlike verhoudings word hier onder die vergrootglas geplaas, asook enige vorige konfliktsituasies, sy respons daarop en sy oplossing (al dan nie) daarvoor. Dit is vir hierdie rede dat navorsers groepwerk as een van die maatskaplike werk metodes in die voorkomingsprogram aangewend het. Belange groep is as gemeenskapsbronne (sien tabel 5.1) gebruik om hierdie program te voltooi. Die groepsessie het ten doel gehad om die selfmoordpoging as 'n produk van die persoonlikheid en psige en aangeleerde en veranderde gedrag te bestudeer en te identifiseer, en om sodoende positiewe denke te kweek (Linehan, 1993:134).

Beter verhoudings onderling word bewerkstellig deur insigontwikkeling as tegniek aan te wend ten einde konflik beter te hanteer en probleme op te los. Omdat selfmoordpoging en/of selfmoordpleging deur Linehan (1993:34) as self-aangeleerde gedrag ter wille van oorlewing beskou word, was dit noodsaaklik om die gedrag aan te spreek en te help afleer. Lester (2004:135) noem hopeloosheid as 'n faktor in kognitiewe gedrag en maak die stelling dat, "...to alleviate hopelessness and to

identify and restructure maladaptive cognitions by rewarding behavior will bring order and balance in the suicidal individual”.

Kameraadskap, portuurgroep-gevoel, asook nuttige wenke word aangemoedig as oorlewing om moeilike situasies te hanteer, hetsy die leerder se eie of dié van ander leerders. Voorbeelde van sulke situasies is teleurstellings in liefdesverhoudings, verwerping, ensovoorts. Insigontwikkeling veral as tegniek kan toegepas word vir die hantering van konflik en goeie interpersoonlike verhoudings deur innerlike versterking. Die simptome wat by die adolessent met selfmoordneigings voorkom, moet veral breedvoerig bespreek en uitgelig word.

5.3.6. Gesinsbenadering

Die navorser meen dat die gesin 'n besonder belangrike rol in die sosialisering van die individu in sy sosiale milieu vervul. Die gesin en vriende is belangrike verstaansbronne vir die individu.

Pelkonen en Marttunen (2003:258) stel voor dat “home-based family intervention” moet plaasvind. Hierdie sessies moet intensief en op beter kommunikasie en probleemoplossing ingestel wees (Harrington, in Pelkonen & Marttunen, 2003:258). Veral as die adolessent op medikasie geplaas is na die poging tot selfmoord, moet die behandeling deur die ouers gemonitor word met betrekking tot die regte dosis, nuwe-effekte, ensovoorts.

Zimmerman en Asnis (1995:221) sê oor die gesinsbenadering dat “not only should parents be included in our interventions, but also siblings, friends, teachers, priests, elders, doctors – anyone who serves, directly or indirectly, to nullify the pain”. Linehan (1993:137) meen gesinsterapie is “strategically oriented for therapeutic interventions to ameliorate family dysfunction and that the family should be shown how to be specific about expectations and feelings and how to solve problems in a systematic manner”. Dit is ook die navorser se oortuiging dat die ondersteuning wat die gesin aan die individu bied, van die allergrootste belang is.

Lester (2004:137) noem 'n baie belangrike punt wanneer daar met gesinne gewerk word: “the common thread is the view that the family environment influences family members in important ways and that ameliorating family dysfunction can go a long way toward relieving perturbation in suicidal individuals”.


5.3.7. Onmiddellike emosionele ondersteuning

Die individu word op 'n een-tot-een basis beraad en gehelp om oor die ergste skok te kom. Redes vir die selfmoordpoging word tydens hierdie intervensie ondersoek en deurgewerk, en daar word na moontlike oplossings gesoek. 'n Multidissiplinêre benadering, indien nodig, word toegepas deur die persoon se toestand met die dokter en ander gesondheidswerkers, 'n sielkundige en 'n psigiater te bespreek. Krisisingryping en verwysing na hulpbronne wat opgelei is om met sulke pasiënte te werk moet plaasvind, byvoorbeeld die gebruik van telefoonberadingsdienste. Lester (2004:132) verwys na hierdie intervensie as “developing new soothing objects” en die navorser is van mening dat dit soms gerusstellend is om probleme oor die telefoon te deel met 'n vreemdeling wat bloot daar is om te luister en so verligting te bring.

5.3.8. Ander hulpverleningsvorme wat in die program benut kan word

Die adolessent staan sentraal in sy omgewing, en met almal se insette kan hy sy probleme oorbrug. Die navorser illustreer hierdie stelling en siening met behulp van die diagram hier onder:

Diagram 1: ADOLESCENT IN SY ONMIDDELLIKE OMGEWING



Bogenoemde diagram is opgetrek om te bewys waar die adolessent staan; dat hy omring is deur sisteme wat sy funksionering kan verbeter.

Insette wat in/deur die gemeenskap gelewer kan word

- Reël van bewusmakingsveldtogte om sodoende die gemeenskap te betrek.
- Betrek die SAPS met die oog op lesings en bewusmaking oor wapengebruik/misbruik en dwelmmisbruik.
- Betrek die plaaslike kerke se leraars met die oog op preke vir die gemeente. Ook dié wat jeugklubs bedryf, moet ingespan word om die boodskap onder die jeug te versprei.
- Betrek welbekende welsynorganisasies soos Lifeline, Childline, Crisis Clinic ensovoorts by die program.
- Benut gemeenskapsentra of bring dit tot stand indien dit ontbreek.

Insette wat in/deur die Gesondheidssektor gelewer kan word

- Gemeenskapsverpleegsters moet die skoolkinders by hulle werksarea insluit.

- Plaaslike en munisipale klinieke moet ook betrek word.
- Die gesondheidswerkers in die hospitaal, en veral die multidissiplinêre span bestaande uit dokters, verpleegsters, maatskaplike werkers, psigiaters, sielkundiges en so meer moet ook insette in die voorkomingsprogram lewer.
- Personeel in die gesondheidsektor moet hulle besig hou met uitreikprogramme wat hoofsaaklik die jeug betrek.

Insette wat in/deur die Sakesektor gelewer kan word

- Plaaslike sakelui moet genader word vir werkskepping vir jongmense tydens skoolvakansies en oor naweke indien moontlik.
- Entrepreneurskap en vakmanskap kan ondersteun en aangemoedig word ooreenkomstig die regering se „Skills Development Initiatives“, ASGISA (Accelerated Skills Growth Initiative in SA) sowel as EPWF (Extended Public Works Framework).
- Vrywillige indiensopleiding moet aangemoedig word om die jongmense uit die kwaad te hou.
- Finansiële steun moet bekom word om bronne in die gemeenskap beskikbaar te stel (Lester, 2004:186).
- Sakelui kan as mentors vir jongmense optree. Flutter en Rudduck (2004:47) sê 'n mentor (i) “is approachable (ii) a good listener (ii) has the skill to encourage and (iv) is knowledgeable and experienced”.

Insette wat in/deur die Skool gelewer kan word

Behalwe en gepaard met alles wat onder die skoolprogram genoem is, beaam die navorser Lester (2004:231) se aanbeveling dat die skool

- selfmoordvoorkoming as deel van onderwys moet ag;
- die leerder moet help in sy ontwikkeling en om probleme geassosieer met die jeug op te los, en
- die leerder se selfbeeld moet opbou.

5.3.9. Addisionele toevoegings tot die program

Tabel 5.1: MULTIDISSIPLINêRE SPANBENADERING

STRATEGIE	RIGLYNE	VERANTWOORDELIKE PARTYE
Beroepsvoorligting	<ul style="list-style-type: none"> • Reël sprekers uit verskillende beroepe om die tieners toe te spreek 	<ul style="list-style-type: none"> • Skool • Departement van Onderwys • Beroepslui
Naweek- en vakansiewerk	<ul style="list-style-type: none"> • Keuring vir werk • Plasing by firmas en besighede 	<ul style="list-style-type: none"> • Besigheidsektor • Kleinhandel • Ander belangegroep
Stig van 'n Jeugklub	<ul style="list-style-type: none"> • Gebruik die bestaande groep vir ondersteuning • Gebruik die groep om die ander by te staan • Rig die klas in met byvoorbeeld 'n rekenaar • Skenk byvoorbeeld sporttoerusting 	<ul style="list-style-type: none"> • Skool • Dept. van Onderwys • Maatskaplikewerkdienste • Gemeenskapsentra • Sakesektor
Mentorwerk en Afrigting (Mentoring and Coaching)	<ul style="list-style-type: none"> • Span deskundiges in om die leerlinge/tieners oor relevante onderwerpe toe te 	<ul style="list-style-type: none"> • Deskundiges • Professionele liggame

	spreek	
Ondersteuningsdienste	<ul style="list-style-type: none"> • Voorligting oor gesondheidsaspekte soos drank- en dwelmmisbruik • HIV/VIGS-berading • Inligting oor selfmoord (poging, metodes, redes en oorsake) 	<ul style="list-style-type: none"> • Gemeenskapsentra • Klinieke • Hospitale • Ander gesondheids-agentskappe

(Navorser se voorstel op gemeenskapsbronne)

Met bostaande tabel wil navorser weereens wys hoe die jongmens gehelp kan word deur insette van verskillende samelewingsisteme, tydens en na afloop van sy skool loopbaan. Hy kan gehelp word om na skool te werk en homself besig te hou en te bemagtig.

5.3.10. Riglyne vir die maatskaplike werker wat met die adolessent werk in die voorkomingsproses

Die navorser is van mening dat die adolessent in totaliteit beskou moet word en dat daar bronne en belangrike instellings in die gemeenskap bestaan wat sy maatskaplike funksionering kan bevorder. Kosky et al.(1999:264-6) stel vier moontlike strategieë voor waarmee selfmoord by die adolessent voorkom kan word. Hulle noem dit “potential strategies”, naamlik “Information Initiatives, Education Sector Initiatives, Health Sector Initiatives and Legislation”. Meer resent is Lester (2004:231) se voorstelle vir praktiese strategieë ter voorkoming van selfmoord, naamlik:

- “recognize suicide as a multi-dimensional malaise;
- schools need help;
- sound prevention is needed and multi-dimensional approach;
- research is needed to evaluate approaches for the future”

Die intervensie en prosesse in hierdie hoofstuk handel oor die eerste drie strategieë. Die navorser is van mening dat daar belangrike tegnieke en hulpverleningsvorme, wat in hoofstuk vier genoem is, sowel as aspekte bestaan wat in gedagte gehou behoort te word wanneer daar met die adolessent gewerk word.

Die navorser het die volgende aspekte gebruik om die adolessent in die groep te bemag. Hierdie aspekte word soos volg deur die volgende skrywers opgesom (Jones, 1990:363-364; McWhirter, 2004:234; Sheafor et al., 1997:395-6):

- Om selfmoord ernstig op te neem
- Hulp aanbied aan diegene wat selfmoord probeer pleeg het
- Om rapport en verhouding asook vertroue te wen met die adolessent wat selfmoord probeer pleeg
- Die inwin van inligting om by die oorsake uit te en om te fokus op die adolessent se belangstellings
- Om die probleem te identifiseer en alternatiewe oplossings voorstel
- Om te probeer fokus op spesifieke plan van aksie, optimisties en ondersteunend wees
- Geen onwerklike beloftes moet gemaak word nie
- Die hulp van vriende, familie en professionele lui moet ingeroep word

As 'n verhoudingswese behoort die adolessent te kan staatmaak op die mense naaste aan hom om hom te help, en hulle kan betrek word by pogings om hom in sy nood by te staan.

Die mite bestaan dat diegene wat dreig om selfmoord te pleeg, net maar dreig en dit nie werklik sal deurvoer nie. Die navorser is van mening dat dit nie waar is nie. Die nodige ondersteuning moet aangebied word om die adolessent se vertroue te wen. Klem word dus op die oorsake gelê. Sommige adolessente dink aan oplossings, maar meen dit sal nie raadsaam wees nie. Met die nodige leiding en ondersteuning kan hierdie oplossings egter tog geslaagd wees. Onrealistiese oplossings, daarenteen, sal verwagtinge skep wat die adolessent moontlik net sal teleur stel en hom dieper in die depressie sal dompel.

Die maatskaplike werk-insette betreffende die voorkoming van selfmoordneigings onder adolessente behels verskeie professionele optredes soos hulpverleningsvorme, tegnieke, ensovoorts. Onder talle sodanige professionele optredes en hulp onderskei Zimmerman en Asnis (1995:221) die volgende:

- Berading
- Psigoterapie
- Onmiddellike emosionele ondersteuning
- Gesinsterapie
- Gedrag-kognisieterapie
- Groepterapie
- Ondersteuning met alkohol- en dwelmmisbruik
- Bemagtiging

Bogenoemde kan as hulpmiddels tydens voorkomingsprogramme aangewend word. Om sulke programme saam te stel verg die insette van professionele persone uit 'n verskeidenheid ondersteuningsdienste. De Leo et al.(1998:173) brei hierop uit en sê: “suicide reduction requires a multi-pronged approach, including improved management of depression in general education of primary and secondary health and social care, professionalism about assessment and management of suicidal risk, reducing availability of certain methods used in suicide, targeting high risk groups, developing mental health services, audit and research”.

Cilliers (2004:2) meen dat voorkoming van selfmoordpoging en selfmoordpleging by die adolessent 'n breë begrip vereis van selfmoorddinamika, asook doelgerigte optrede. Pule (1998:170) beaam bogenoemde stelling en sê dat “professional awareness and expertise should be harnessed to manage problems efficiently and effectively”. Sy sê verder dat opleiding vir gemeenskapswerkers en onderwysers belangrik is om die simptome van selfmoordpoging te kan identifiseer en die persoon dan te kan verwys. Lester (2004:231) stem saam en beweer “suicide in youth is an issue for students, schools and their communities”.

Die navorser meen dat bogenoemde stellings onbetwisbaar waar is en dat insette om die adolessent te help bereik kan word deur die adolessent se behoeftes in ag te neem, naamlik deur:

- erkenning te gee aan die individu as mens op alle vlakke;
- sy portuurgroep en klasmaats te aanvaar;
- te verstaan dat die sosiale gedragskodes van die volwasse lewe vir tieners verwarrend is;
- ekstra klasse te reël vir veral dié wie se akademiese prestasies nie na wense is nie;
- voorsiening te maak vir sportdeelname (die tieners het aangedui dat daar te min sportaktiwiteite by die skool aangebied word waaruit hulle kan kies om aan deel te neem, en dat dit tot ledige gedrag lei);
- werksgeleenthede na matriek en tydens skoolvakansies te probeer organiseer;
- jeugsentra te vestig wat as ondersteuningsbron kan dien; en
- voorligtingsklasse aan te bied wat veral handel oor dwelms en alkoholmisbruik, MIV/VIGS en tiener swangerskappe.

Die oorgangstydperk van die kinderjare na puberteit/adolessensie is bo alle twyfel deur talle skrywers as 'n verwarrende tydperk aangetoon. Anders as in die jare voor die tegnologiese rewolusie, sukkel die hedendaagse adolessent om aan te pas en het hulp nodig.

Die navorser meen dat dit belangrik is dat diegene wat belang daarby het om die adolessent te help, die volgende aspekte in gedagte moet hou:

- Die kind se agtergrond speel 'n baie belangrike rol in sy latere jare.
- Hierdie agtergrond gaan 'n impak/effek op sy interaksie met mense hê, bv. vriende op skool en in die buurt, klasmaats, onderwysers en die gemeenskap in die breë.
- Die effek hiervan sal in sy eie karaktereienskappe waargeneem kan word en in die wyse waarop hy probleme en frustrasies sal hanteer.
- Besluite wat hy (sal) neem, sal op daardie agtergrond gebaseer wees.

- Die gesin as die primêre sosialiseringagent is verantwoordelik vir 'n goed gebalanseerde agtergrond ten opsigte van 'n morele en godsdienstige vlak, wat die adolessent kan maak of breek.
- Ongeag wat die kind se agtergrond ook al mag wees, hy het onderskraging nodig.
- Belangstelling in die adolessent se doen en late sal hom die hupstoot en vertrouwe gee wat hy nodig het.
- Aanvaarding van die adolessent soos hy is, is belangrik vir die ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep.
- Die adolessent het aanmoediging en leiding nodig.
- Die skool as sekondêre sosialiseringagent moet, benewens sy primêre doel om op te voed, ook probeer om die adolessent te verstaan.

Jongsma (2004:101) en Sheafor et al. (1997:517) noem die volgende aspekte wat in ag geneem word wanneer daar met adolessente gewerk word:

- “Adolescents are typically idealistic, painfully self-conscious, in conflict with parents, authority issues, fiercely attached to peers, pre-occupied with bodily changes and their sex, seeking popularity and conformity within their peer group and desperately trying to develop an identity apart from their family. Adolescents are resilient and have a great capacity to grow and change; they have an intense need to be heard; need a structure that is predictive and provides structure and limits and have a high energy level. ” die navorser is van mening dat hierdie gedrag nie abnormaal of afwykend is nie en dat dit die adolessente tipieër. Dus, moet hy in hierdie konteks gehanteer word.

Die webblad Wikipedia (Anon, 2010:1-10) lys die volgende as faktore wat selfmoordpogings laat afneem:

- Belangrike rol van 'n vriendekring
- Soliede godsdienstgroepe
- Stabiele huweliksverhoudings (in hierdie geval vir adolessente wie se ouers geborgenheid binne die gesin bied)
- 'n Goeie uitgebreide gesin

- Belangstelling in gemeenskapsprojekte, omgewingsbelange, ensovoorts. Dis belangrik om te onthou dat die meeste selfmoordpogings nie altyd vooraf beplan word nie. Meestal word die daad op die ingewing van die oomblik verrig. 'n Blote woedebui of desperaatheid lei soms tot onredelike gedrag.

5.4. GROEPWERK

Volgens Toseland & Rivas (2009:3) is groepwerk; “ the deliberate use of intervention strategies and group processes to accomplish individuals”, groups” and communities” goals using the value base and ethical practice and principles of the social work profession”. Die navorser het groepwerk as een van maatskaplike werk metodes, en nie gemeenskapswerk metode nie, benut in die toepassing van die enkelstelselontwerp, omdat dit spesifiek op adolessente gebaseer was. Groepwerk is een van die metodes van maatskaplike werk wat aangewend word om tendense verder te ondersoek en onder die loep te neem. Dit wissel van aktiwiteite wat groepterapie ten doel het, tot maatskaplike groepaksie wat toegespits is op selfhelp en probleemoplossing (Preston-Shoot, 2007:23). Toseland en Rivas (2009:32) se standpunt is dat dit nodig is om hierdie soort hulp vir die adolessent aan te bied, omdat die individu en die groep hierdeur as geheel by 'n diensleweringstelsel betrek word.

5.4.1. Waarde van groepwerk

Groepwerk aktiwiteite het 'n aantal doelstellings. Vir hierdie ondersoek is aandag geskenk aan twee hoofdoelstellings, naamlik die voorsiening van hulpbronne en die voorkoming van wangedrag ten einde selfmoordneigings by die swart adolessent te voorkom.

Die rol en waardes van 'n ondersteuningsgroep kan soos volg uiteengesit word (Corey & Corey, 2002:301-302; Herbst, 2002:113; Preston-Shoot, 2007:115):

- Die groep bied onderlinge ondersteuning en solidariteit
- Dit kweek 'n gevoel van „behoort aan”
- Die groep bied universaliteit en aanvaarding van eie probleme
- Die groep bied hoop aan groep lede

- Die groep bied geleentheid vir groei en ontwikkeling
- Die groep laat lede toe om betekenisvolle voorstelle te maak
- Terugvoermeganismes word voorsien
- Die groep bied die geleentheid vir identiteitsvorming en -ontwikkeling
- Katarsis en emosionele ontlading word bewerkstellig

5.4.2. Groepwerk as 'n proses

5.4.2.1. Samestelling van die groep

Die groep is saamgestel uit leerlinge in die Hoërskool Seiphemelo se *Lewensoriënteringsklas as 'n voorligtingsgroep*. Beide seuns en dogters in grade 10 tot 12 is gekies om deel van die groep te wees. Die beginsel van homogeniteit wat in die samestelling van die groep gegeld het, is gebaseer op Toseland en Rivas (2009:33) se aanname dat “members also should share some personal characteristics such as age, level of education, cultural background, degree of expertise relative to the group task, communication ability and the type of problem”. Laasgenoemde regverdig en verduidelik die gebruik van die kwalitatiewe metode in hierdie verband.

5.4.2.2. Die grootte van die groep

Die navorser is van mening dat die grootte van 'n groep afhang van die doel van die groep en die belange van die groep lede. Die doel van hierdie groep was om voorligting te gee en die groep te bemagtig met nuwe inligting deur hulle te betrek in die besprekings oor dit wat saak maak in hulle daaglikse lewe. Die ledetal het van sessie tot sessie verskil. Die ledetal in hierdie groep het gewissel tussen 15 en 17; „n groot getal na navorser se mening, maar soos Nicholas et al. (2009:128) dit regverdig, “ size depends on the purpose and type of group... larger groups offer more ideas, skills and resources to members, greater potential for learning, support, feedback and friendship”. Rubin & Babbie ((2010:221) stel voor dat lede tussen 12 en 15 in „n groep gebruik kan word. Die eerste en laaste (6de) sessie is deur die totale (37 en 30 onderskeidelik) aantal respondente bygewoon om die vraelys te voltooi. Volgens Corey en Corey (1992:85) hang die grootte van die groep van die volgende faktore af: Die groep is geselekteer met die hulp van die

Lewensoriënteringsonderwyser. Die 37 leerders was die totaal groep leerlinge wat geselekteer was en hierdie getal het die eerste vraelys (voortoets) voltooi. Vanuit hierdie 37, het 17 agtergebly na die voltooiing van die vraelys om deel van die groep te wees. Tussen en gedurende die byeenkomste het die getal gewissel. Waar die getal minder as 17 was, was wanneer die groeplid afwesig was. Die laaste sessie het slegs 30 leerders gehad om die natoets vraelys te voltooi (sien tabel 5.2). Slegs diegene wat die byeenkomste bygewoon het, is geëvalueer.

- Die ouderdom van groep lede
- Die ervaring van die groepleier
- Die soort groep
- Die doelstelling van die groep
- Die probleme wat ondersoek moet word

5.4.2.3. Fases van groepwerk

Die fases van groepwerk soos gedefinieer deur Toseland en Rivas (2005:20) word soos volg uiteengesit en kortliks bespreek:

- **Die begin-fase**

Hierdie fase behels volgens Toseland en Rivas (2005:22) die identifisering en motivering van potensiële lede om deel van die groep uit te maak. 'n Byeenkoms is gereël waartydens die nodige inligting aan voornemende lede deurgegee is. Daar is aan die groep verduidelik wat die rede vir die byeenkoms was, die vraelys is verduidelik en die groep leerders is touwys gemaak oor hoe om dit te voltooi. Tydens hierdie fase is die groep geïdentifiseer, wat al die groep sessies sou bywoon, en die voltooiing van die vraelys tydens die eerste en laaste sessies.

- **Aanvangsfase**

Die groep lede is in die aanvangsfase betrek. Tydens hierdie fase is die rolle wat elke groep lid moes vervul, bespreek. Samehorigheid, samewerking en deelname binne die groep is ook tydens hierdie fase aangemoedig en die lede is gemotiveer om verantwoordelikheid te aanvaar vir groepdoelstellings.

- **Oorgangsfase**

Enige onsekerhede wat by lede voorgekom het, is tydens hierdie fase uitgepluis. Die betrokkenheid van elke groep lid is ook in hierdie stadium aangemoedig. Die navorser het die groeplede met bruikbare inligting bemagtig en aan die begin van die sessie is die onderwerp van bespreking aan die groeplede voorgedra. Daarna is vrae aan hulle gestel om te bepaal of hulle die onderwerp verstaan het. Lede het ook op hul beurt vrae gevra.

- **Werksfase**

Hierdie fase is gekenmerk deur intimiteit, interaksie en toewyding van lede onderling, terwyl almal aan die bespreking deelneem. Die nodige atmosfeer is geskep en groei het die middelpunt van die fase gevorm. Groep lede is aangemoedig om deel te neem, om onderwerpe wat van belang is te opper en hulle het ook soms huiswerk gekry, veral om kommunikasie met hulle gesinne, vriende, skoolmaats asook die onderwysers te bevorder. Aspekte soos konflikhantering, probleemoplossings asook stresantering is met die groep gedeel om hulle beter toe te rus oor vaardighede om hierdie onderwerpe as probleme te hanteer. Die doel hiermee was om te voorkom dat die onkunde en die frustrasies wat die adolessent mag ervaar, hulle nie moedeloos laat en gevaarlike oplossings soos selfmoord oorweeg nie. Voor die volgende sessie begin, moes elke lid sy eie ondervinding met ander lede deel.

- **Afsluitingsfase**

Tydens hierdie fase is die groepprosesse afgesluit. Elkeen het na sy normale daaglikse lewensroetine teruggekeer. Lede is voorberei vir die afsluiting en enige onduidelikheid is uit die weg geruim.

- **Postgroep-fase**

Hierdie fase het terugvoer en assessering na afloop van die groepsessies behels. Tydens hierdie fase het kort evaluering plaasgevind, opvolgwerk is gedoen en sertifikate van bywoning is oorhandig.

5.4.2.4. *Plek en tyd van byeenkoms*

Die byeenkomste is elke Dinsdagmiddag na skool in een van klaskamers by die skool gehou. Die aanwesigheid van die groep by die betrokke sessies is in onderstaande tabel opgesom:

Tabel 5.2: GROEPSESSIES

Sessie en datum	Getal	Geslag		Graad	Ouderdom
		Dogters	Seuns		
1 – 11/08/09	37	21	16	10 -12	16 -23
2 – 13/08/09	17	9	8	10- 12	16-20
3 – 18/08/09	15	8	7	10-12	16-17
4 – 20/08/09	17	9	8	10-12	16-19
5 – 25/08/09	16	7	9	10-12	16-19
6 – 27/08/09	30	19	11	10-12	16-23

Daar is kontak met die skoolhoof gemaak om toestemming te verkry om groepsessies met die leerlinge te hou. Hierdie proses is by die leerlinge se Lewensoriënteringsonderrig ingelyf.

Groepsessies is elke Dinsdag na afloop van die dag se skoolaktiwiteite gehou en het van 14:00 tot 16:00 geduur. Die groep was oop in die eerste en sesde sessies en tydens die derde en vyfde sessies was een en twee afsonderlik, groeplede afwesig. Besprekings is gehou oor 'n verskeidenheid aspekte en onderwerpe, wat dan ook hieronder aangedui word. Die program (hierby aangeheg) is geskeduleer om al die sessies te dek. Die volgende uitgangspunte is in ag geneem met die stigting van die groep: selektering van die groep, tipe groep (oop of geslote), rolverdeling en frekwensie van groepsessies.

Groepprosesse het nie altyd nie in fases plaasgevind nie. Skidmore (1997:5) som die doel met die bemagtigingsgroep volgens die volgende waardes op:

- “Prevention of dysfunctional coping mechanisms
- Restoration of impaired capacities
- Provision of social resources.”

Voor die sessies 'n aanvang geneem het, het die volgende plaasgevind:

- Uitklaar van die rolle van die maatskaplike werker en die individu (groep)
- Behoeftebepaling ten opsigte van wat die adolessent nodig ag; drome, vrese en selfontwikkeling
- Bevrediging van behoeftes
- Bespreking van die adolessent se probleme, en identifisering van probleemsituasies soos stres hantering, konflik hantering en probleemoplossing
- Gee van individuele aandag aan huislike probleme (navorsers het diegene met probleme verwys na die maatskaplike werkers toe)
- Inligtingverskaffing oor selfmoord: metodes, waarskuwingstekens, ensovoorts

5.4.3. Inhoud van die program

Die doel met hierdie program was om die adolessent te bemagtig en vaardighede aan te leer om probleme te hanteer en sodoende voorkom dat hulle selfmoord as „n oplossing sien.

5.4.3.1. Doelwit van eerste sessie: Bekendstelling van individuele lede

Inleiding

'n Voorstudie is geloods en die hantering van die adolessent is benader vanuit die volgende ontwikkelingsstadia, soos gestel deur Erikson (aangehaal deur Marcia, 1991:1):

- “Basic trust versus mistrust
- Autonomy versus shame/doubt
- Initiative versus guilt
- Industry versus inferiority
- Identity versus confusion
- Intimacy versus isolation
- Ego integrity versus despair

- Generality versus stagnation”

Die navorser is van mening dat bogenoemde die basis vorm van die adolessent se algehele maatskaplike funksionering. Veral konsepte of ontwikkelingstake soos identiteit versus verwarring en intimiteit versus isolasie het die basis gevorm van die program waarvolgens die adolessent benader is. Verskillende onderwerpe is dus na aanleiding van „identity versus confusion” en „intimacy versus isolation” met die adolessent in die groep bespreek en gehanteer omdat navorser van mening is dat die meeste hierdeur geraak word vanweë hulle ouderdom en wat tans in hul lewens aangaan.

Die aktiwiteite wat plaasgevind het, word hier onder in tabelvorm uiteengesit:

Tabel 5.3: SESSIE 1 – BEKENDSTELLING

Aktiwiteite	Opmerkings
Voltooiing van die vraelys	Navorsers het haarself aan die groep bekendgestel
Ken-mekaar	Lede is verwelkom
Lede stel hulleself bekend	Die doel van groepbyeenkomste is verduidelik
Gesinsagtergrond is gegee (ouers, sibbe en ensovoorts)	Bespreking onderling vind plaas
Toekomsplanne, aspirasies en belange is uitgespreek	

Die adolessent is die tyd en kans gegun om persoonlike besonderhede soos naam, ouderdom, graad en kort oorsig van hul gesinsgeskiedenis met die ander groep lede te deel. Dit is gedoen as deel van die proses om die ys te breek en vriende te maak, want daardeur:

- is individue tot nuwe uitdagings en identiteit aangespoor;
- word eiewaarde ’n hupstoot gegee;
- word lokus van kontrole ontwikkel;
- het die lede hulleself in ’n meer positiewe lig beskou;
- het nuwe gedrag ingetree, en

- is nuwe tegnieke vir die hantering van stres ontwikkel.

Die groep is verder aangemoedig om individueel deel te neem deur hulleself bekend te stel en kortliks meer oor hul belangstellings, vriendskapsverhoudings, vrese en drome te vertel. Die reaksie was positief.

Die vraag is aan hulle gestel of hulle weet wat adolessensie beteken en watter ouderdomsgroep as adolessentejare beskou word. Verskillende reaksies is verkry, maar navorser is oortuig dat hierdie leerders hulself nie kan identifiseer as adolessente of tieners nie en die meeste geantwoord het dat dit tussen 10 en 12 is terwyl sommiges skouers opgetrek het. Dit is aan hulle verduidelik wat hierdie ontwikkelingstadium behels.

Adolessentontwikkeling

Die navorser is van mening dat die adolessent 'n algehele verandering ondergaan; dit is nie slegs een aspek van sy ontwikkeling wat geraak word nie. Hy ontwikkel in konteks en in die geheel, met ander woorde fisies, psigies of emosioneel en intellektueel. Dacey et al. (2004:56) onderskei tussen die volgende: “the physical setting e.g. home/school/class room; social environment (teachers, peers); personal characteristics (physical manner of speaking) and time (short term and long term)”, wat hy die vier hoofelemente van ontwikkeling noem. Wat die fisiese opset betref, bevind die adolessent hom in interaksie met sy gesin en familie; die buitewêreld bied ander verhoudings, soos die skool waar interaksie met die onderwysers en klasmaats plaasvind. Jason et al. (2004:77) het die volgende te sê oor bogenoemde: “rapid bodily changes, cognitive maturation and increased social pressures profoundly influence the functioning of the young adolescent”. Vriende by die skool en tuis skep verwagtinge by die adolessent en laat hom ook geborge voel weens hul kameraadskap.

Vanuit hierdie agtergrond kon die bespreking dus op hul vlak plaasvind. Hul aspirasies was realisties, byvoorbeeld twee van die respondente wil sielkundiges word, en drie van die seuns, 'n prokureur, 'n wetenskaplike en 'n tegnikus onderskeidelik. Die drome en toekomsplanne het van vlieënier (seuns) na prokureur (seuns en dogters) gewissel. Vrees vir die onbekende asook die toekoms is onderling bespreek. Slegs drie 3 (17.6%) van die 17 respondentewat in matriek

was, het belangstelling hierin getoon, en gesê dat hulle na matriek verder wil gaan studeer.

Na afloop van die sessie is die byeenkoms afgesluit met 'n vyfpunt-vraelys wat gehandel het oor die groep lede se ervaring van die sessie. Tydens die groeiproses is die volgende rolle, **beplanner**, **gids** en **deskundige** deur die navorser vervul.

5.4.3.2. Tweede sessie: *Persoonlike Verryking*

Seksuele ontwikkeling

Doelwit: Om eie identiteit te ontdek deur persoonlike aspekte aan te raak

Soos by die eerste sessie is die respondente gevra om hulself bekend te stel. Vier lede was reeds by die eerste sessie, en die vorige groepbespreking is aangeraak om nuwe lede op hoogte te bring. Die sessie is bygewoon deur 17 adolessente – 9 dogters en 8 seuns.

Tabel 5.4: SESSIE 2 – PERSOONLIKE VERRYKINGSESSIE

Besprekings: Onderwerp	Opmerkings
Selfontdekking Seksualiteit: ryphed (fisies en geestelik), ouderdom en swangerskap Emosionele ontwikkeling	Die bespreking was goed en almal het deelgeneem

Die groep is gevra hoeveel van hulle seksueel aktief is en watter waarde hulle daaraan heg. Meer as die helfte, sowat 9 (53%) van die groep is betrokke by 'n seksuele verhouding teenoor ses (35%) wat nie seksueel aktief is nie en daaruit was daar twee (11%) wat nie in 'n liefdesverhouding betrokke is nie. Twee van die dogters in die groep is in 'n saamleefverhouding.

Hierdie groeiproses en identiteitsontdekking kom by albei geslagte voor met die verskil dat die seuns se fisiese seksualiteit meer prominent en meer merkbaar is as by die dogters. Indien die groeiproses nie reg verwerk word nie, kan dit vir die groeiende jongmens in sy vriendekring problematies word. Hieroor sê Dacey et al. (2004:247): "...in adolescence, sex interests and the need to become an individual

distinct from the family, strengthens the influence of peers and they confide feelings and problems more to friends than at home.”

Die adolessent se seksuele ontwikkeling en seksualiteit verskil ook van een individu tot die ander. Sommige is seksueel vroeër ryp as ander en groepsdruk om ook „seksueel” op te tree, kom algemeen voor. Moore en Rosenthal (1993:4) noem die volgende as spesifieke gedrag wat eie is aan die adolessent wat in ’n liefdesverhouding betrokke raak: “dating, kissing, petting, masturbation, pre-marital coitus, homosexual contacts and birth control”. Een van die respondente is homoseksueel en word deur die hele groep as sodanig aanvaar.

Die gedrag hier bo geskied nie noodwendig in genoemde volgorde nie en vind ook nie slegs binne verhoudings plaas nie; dit kan ook losstaande plaasvind. Die meeste jongmense wat nie in ’n romantiese verhouding staan nie, beoefen wel voorhuwelikse geslagsomgang bloot om deel van die groep te voel of om kontak met ’n homoseksuele groep te hê. Skrywers soos Moore en Rosenthal (1993:4) beweer ook dat adolessente soms met seksuele selfvervulling (masturbasie) doenig is.

Hierdie gedrag of optrede skep verwarring by die adolessent, veral wat seksoriëntering betref, en dit raak sy/haar ontwikkeling op ’n aweregse wyse. Die resultaat van adolessente seksgedrag is onder andere swangerskap en hierdie saak is met die groep bespreek. Response op die vraag oor die regte ouderdom om ’n baba te hê het gewissel tussen 21 en 28 jaar. Sommige het gemeen die regte tyd is wanneer die skoolloopbaan afgehandel is, terwyl ander gevoel het dis eers wanneer die individu finansieël gereed is of getroud is.

Slegs een respondent het gesê dat dit ’n goeie ding is om nou ’n baba te hê. Opinies hieromtrent het gewissel van „dit is nie ’n goeie idee nie”; „dit is nie die regte tyd nie”; „dit sal onverantwoordelik wees”; „slegs as ek 26 jaar oud is”, tot by „dit is ’n vermorsing van tyd”. Die algemene gevoel was dat dit onaanvaarbaar is om ’n baba te hê terwyl jy nog ’n skolier is.

Laastens het die bespreking gehandel oor wat hulle sou doen indien hulle swanger sou raak. Die reaksie was dat hulle voorbehoedmiddels sal gebruik, sal wegbly van seksuele aktiwiteite, nie té ernstig by ’n liefdesverhouding betrokke sal raak nie en eerder op skoolaktiwiteite sal konsentreer. Bogenoemde bespreking het plaasgevind omdat die jongmense as gevolg van onbeplande swangerskap en

onvoldoende besluite homself in die moeilikheid bevind. Navorser is van mening dat probleme wat daaruit spruit die adolessent kan aanspoor om drastiese stappe te neem. Veral as die adolessent verwerping ervaar as gevolg van die omstandighede waarin hy homself bevind, kan daar „n mate van desperaatheid intree. Navorser hou die siening voor dat frustrasie en die soeke na oplossings soms die individu se breekpunt kan wees en ongeweste gedagtes soos selfmoord begin posvat. Dit is dus vanuit hierdie siening dat dit met die respondente genoem is om sodoende probleemoplossende gedagtes te koester. Die sessie is afgesluit met die invul van 'n selfevalueringsvorm op grond waarvan die groepbyeenkoms geëvalueer kon word..

Emosionele ontwikkeling

Doelwit: Om die adolessent se affektiewe en emosionele verhoudings te bespreek

Verhoudings wat tydens hierdie sessie bespreek is, sluit in gesins-, vriendskaps- en liefdesverhoudings. Die adolessent se emosies is in 'n warboel en die navorser is van mening dat die ouer 'n sterk rol speel by die kind se beheer oor sy emosies. Die ouer(s) se onstuimige emosionele gedrag kan die adolessent se oordeel en besluitneming belemmer en so sy hele lewensplan negatief raak. Die toon van positiewe emosies deur die ouer(s) is ook goed om 'n goed aangepaste identiteit by die adolessent te vorm. Gouws et al. (2000:6) meen dat “at this stage the adolescent develops emotional and religious morality and his emotional maturity is heightened”.

McWhirter (2004:21) meen dat “the ecological model is a theory of human development and forms the basis of working with the youth at risk”. Die navorser is van mening dat aanwending van hierdie model nie alleen die adolessent se funksionering in die samelewing vergemaklik nie, maar bowenal ook sy saamleef met homself, want dit dra by tot sy innerlike ordening en balans. Die navorser is van mening dat die adolessent se funksionering veral skade ly weens samelewingsverwagtinge waaraan hy moet voldoen.

5.4.3.3 Derde sessie:

Die sessie is bygewoon deur 15 adolessente – 8 dogters en 7 seuns.

Die verhoudings waarby die adolessent betrokke raak, word soos volg in tabelvorm uitgebeeld:

Tabel 5.5: SESSIE 3 – VERHOUDINGS

Besprekingonderwerp	Opmerkings
Verhoudings:gesin, vriende, skool teenoorgestelde geslag	Emosionele ontwikkeling en affektiewe gedrag was hier ter sprake

Kruger (1990:1-3) sê: “between ages 10-14 young people experience many predictable stressors and dramatic life changes”. Hy onderskei tussen twee stressorvlakke naamlik die mikrovlak (die self in identiteitskrisis) en die mesovlak (krisisse wat met die gesin, die skool en die portuurgroep verband hou).

Hierdie stressors word soos volg uiteengesit:

Mikrovlak (die self)

- Liggaamsveranderinge (fisiese voorkoms, ensovoorts)
- Verhoogde seksualiteit
- Bekommernis oor die toekoms
- Persoonlikheidskenmerke
- Verhoogde onafhanklikheid en selfstandigheid
- Godsdiensoonsekerheid
- Eetversteurings
- Dwelmmisbruik en dwelmafhanklikheid

Die adolessente in die groep het met al bogenoemde faktore geïdentifiseer. Hulle is aangemoedig om hul menings hieroor te lug, en ’n bespreking het dus gevolg. Ter afsluiting is die sessie eweneens deur elke groep lid geëvalueer.

Mesovlak (gesin, skool en portuurgroep) Hierdie vlak ag die navorser belangrik omdat sy van mening is dat die individu se gesin die nodige geborgenheid aanbied om sterk te wees vir die buite sisteme en kan oorleef. Die volgende word beskou as prikkelende aspekte wat moontlike mismoedigheid by die adolessent kan meebring:

- Versteurde gesinsverhoudings
- Gebrek aan geestelike en emosionele leiding

- Te hoë verwagtinge van ouers
- Gebrek aan ouer se belangstelling, en hul gejaagde lewe
- Egskeidings, huweliksonmin, veranderde gesinstruktuur
- Molestering, depressie van ouers en moontlike dwelmmisbruik
- Dood/siekte in die gesin
- Sosio-ekonomiese omstandighede

Bogenoemde aspekte word as belangrik geag omrede die navorser dit as negatiewe prikkelende faktore beskou. Adolessent wat aan een of meer van die bogenoemdes blootgestel is, is vatbaar aan omgewingsinvloede en kan maklik deur die raad wat hy van buite af kry, onverantwoordelik optree, slegs om sy gesinsprobleme te ontvlug. Selfmoordneigings en/of –gedagtes selfs optrede kom dus maklik na vore.

Slegs drie van die respondent woon en is deel van uitgebreide gesinne. Nege van die respondente woon by biologiese ouers, met ander woorde een ouer en/of 'n stiefouer (slegs drie van hierdie groepie woon by albei ouers). Die respondente uit gesinne waar beide ouers was, het uitgelaat oor die huweliktwiste wat aan die orde van die dag was; een lid praat van „forever fights“ wat nie volgens hom sin maak nie. Hy is egter nie seker waarom die onmin gaan nie, maar hoop dat dit sal ophou. Vanuit die drie by die uitgebreide gesin, het die twee lede genoem dat hul ouers oorlede is; een is bewus van die oorsaak van die dood en die ander lid het nie geweet wat die oorsaak van die ouers se dood is nie. Die laaste van die drie se ouers was nooit getroud nie, dus weet hy nie wie sy pa is nie, maar meen dat sy ma in die stad werk terwyl sy grootmense hom versorg. Die interaksie tussen gesinslede bepaal die adolescent se verhouding, hetsy negatief of positief, met sy familie. Indien dit positief is, stel dit hom in staat om negatiewe of traumatiese gebeure of insidente in sy huisgesin te hanteer, en hy kan ook die voortdurende soeke na die self en aanvaarding binne sy portuurgroep hanteer.

Al die respondente (15) het hul uitgespreek oor die soort vriende wat hulle het en ook genoem dat hulle graag deel van 'n groep wil wees. Die sosio-ekonomiese omstandighede van die groep lede was nie goed nie omdat lede self genoem het dat

hulle gesinne sukkel om hulle te onderhou. Nie alle aspekte was van toepassing op hierdie groep nie.

5.4.3.3. Vierde sessie: Selfmoord

Doelwit: Om die konsep selfmoord te bespreek en te bepaal in watter mate die groep lede kennis dra hiervan

Tabel 5.6: SESSIE 4 – SELFMOORD

Besprekingsonderwerp	Opmerkings
Selfmoord en selfmoordpoging is bespreek	Inligting is verskaf oor selfmoord, mites, tekens, metodes en moontlike oorsake

Hierdie sessie is bygewoon deur 17 adolessente – 9 dogters en 8 seuns.

Selfmoord en selfmoordpoging is gedurende hierdie sessie bespreek. Al die respondente weet wat die konsep behels. Nege (53%) respondente bestaande uit 4 dogters en 5 seuns weet van iemand wat probeer het om selfmoord te pleeg, teenoor 8 (47%), 5 dogters en 3 seuns wat niemand ken nie wat selfmoord probeer pleeg het. Tien (58.8%) respondente glo dat dit nie die oplossing vir probleme is nie. Die aandag is tydens hierdie sessie veral gevestig op gevaar- en waarskuwingstekens, metodes van selfmoordpogings en moontlike oorsake daarvan. Die mites, naamlik, dat die meeste adolessente wat selfmoord probeer pleeg wil werklik doodgaan, dat die geslag van die selfmoordneigende adolessent „n belangrike faktor is, dat vroumense slegs of meestal oordosering as „n metode van selfmoordpoging gebruik, dat selfmoordpoging veroorsaak word deur sielkundige probleme en dat dit slegs onder sekere bevolking/rassegroep plaasvind, is in hierdie sessie gehanteer.

Nabootsing is bespreek en die adolessente is aangemoedig om oor hul probleme te praat en gewaarsku om nie die optrede van jongmense wat so onverantwoordelik is, na te volg nie. Hoe om verwerping te verwerk en te aanvaar is veral intensief bespreek. Verwerping is voorgehou as een van die redes vir selfmoordpogings onder adolessente. Die adolessent se ouderdom is ook voorgehou as ’n motivering dat hy weer liefde sal vind in die toekoms. Die respondente is aangemoedig om eerder prioriteite te stel, byvoorbeeld om eers ’n loopbaan te begin as om by

liefdesprobleme betrokke te raak. Zastrow (2004:517) moedig die adolessent aan om beheer uit te beoefen, en teleurstelling te beskou as 'n leerproses en deel van die werklikhede van die lewe.

Veertien (82.4%) respondente meen dat gesinsprobleme die moontlike hoofrede is vir selfmoordpogings, gevolg deur 3 (17.6%) wat verhoudingsprobleme as moontlike oorsaak beskou. Skoolprobleme en ander redes is bespreek dat dit ook „n rol speel in die selfmoordpoging van adolessente en een groeplid het twee voorbeelde wat hy van te hore gekom genoem; een van hierdie was volgens hom in hul skool.

'n Faktor wat nie uit die oog verloor moet word nie is, soos Bayne et al. (1994:141) uitwys, dat “people who attempt suicide aren’t necessarily fully intent on dying as most are undecided”. Daarom is dit noodsaaklik dat enige gedrag, veral wat ongewoon is en wat 'n aanduiding van 'n beplande selfmoord kan wees, so gou moontlik aandag moet geniet. McWhirter (2004:199) stel voor dat sielkundige en verhoudings karaktereienskappe uitgeken moet word om risikogevalle te identifiseer.

5.4.3.4. Vyfde Sessie: Evaluering

Doelwit: Om die verloop van die groepsbesprekings te evalueer

Hierdie sessie is bygewoon deur 16 adolessente – 7 dogters en 9 seuns.

Tabel 5.7: SESSIE 5 – EVALUERINGSSESSIE

Aktiwiteit	Opmerkings
Opsomming van die afgelope sessies, moontlike oplossings en selfevalueringsvrae is aan die groepslede gegee	Die navorser het nog verdere inligting aan die groep gegee Individuele aandag is ook gegee en verwysings is na welsynsorganisasie(s) gemaak

Tydens hierdie sessie is die bespreking van die eerste sessie af tot aan die einde opgesom. Moontlike en bruikbare oplossings is onder oë geneem en die adolessente het die antwoorde verstrek byvoorbeeld wat die tekens van selfmoord

behels, wat hulle sal/moet doen indien hulle deur sulke gedrag gekonfronteer word, hoe om konflik te hanteer en ander oorlewingsmeganismes in te skerp.

Uitrek na ander (mede-) leerlinge met bekende probleme en na hoë risiko gevalle is ook aangemoedig, aangesien die groep lede nou beter toegerus is met bruikbare inligting. Adams (2003:98) noem hierdie fase "...proselytising stage whereby the individual moves on to help others". Pamflette oor die gevaartekens van selfmoordpoging is uitgedeel.

Respondente met persoonlike probleme is na afloop van die sessie bygestaan deur „n maatskaplike werker. Die nodige verwysings en ander intervensie het plaasgevind. Hulle is aangemoedig om boeke te lees en om belangstelling in hul omgewing en in hulleself te toon. Die groep slaag in die doel om as bewusmakingsagent te dien, veral wat selfmoord betref.

5.4.3.5. Sesde sessie: Afsluiting

Doelwit: Om die groepsessies af te sluit

Tabel 5.8: TERUGVOERSESSIE

Getal	Dogter	Seuns
30	19	11
	Aktiwiteit	Opmerkings
	Voltooiing van die vraelys Afsluiting van die groep byeenkomste	Individuele terugvoer en ondervindings van groep lede is ontvang

Dit laaste sessie was die afsluitingsessie. Die natoets vraelys is tydens hierdie byeenkoms voltooi. Na die voltooiing is die meerderheid gevra wat hul ervaring van die hele oefening was en verskeie dog min reaksie is verkry. Diegene wat in die byeenkomste betrokke was, het hul gevoelens gedeel.

5.5. BESPREKING

Die navorser is van mening dat die volgende aspekte belangrik is ten opsigte van voorkoming, naamlik:

Selfmoord is die algemeenste maatskaplike probleem wat by elke bevolkingsgroep, ras en klas voorkom. Alle selfmoorddreigemente moet op eie meriete beoordeel word en die nodige aandag geniet. Indien dit geïgnoreer word, kan dit op selfmoord uitloop.

Die een en enigste hulp is voorkoming. Poging tot selfmoord is selde impulsiewe gedrag. Dikwels bou die gevoelens op en kan een enkele probleem die hele situasie laat handuit ruk; dus is dit nodig om te luister, opletting waar te neem en op te tree.

Tienerselfmoord is nie slegs 'n skoolprobleem nie; dit raak almal wat op die een of ander manier by die selfmoordneigende adolessent se lewe betrokke is. Dit is volgens Lester (2004:216) "a multi-dimensional malaise and is not merely stress related". Dus is 'n multidimensionele benadering aangewese om die probleem uit die weg te ruim. McWhirter (2004:21) stel dit as volg: "the individual has an interconnectedness with other systems". Die mikro-sisteem bestaan uit individue wat met die adolessent in aanraking kom en op meso-sisteem die verhouding van verskillende mikro-sisteme onderling en dit kom daarop neer dat die adolessent bygestaan en gehelp word tydens sy krisis.

Verdere en volgehoue navorsing is nodig om bestaande programme te evalueer en verder te ontwikkel omdat Voorkomingsprogramme stel die maatskaplike werker in staat om maatskaplike vraagstukke te beveg en moet ten alle tye aangebied word met die oog op beter dienslewering. Die gemeenskap moet betrek word wanneer programme saamgestel word. Die sakesektor asook die gesondheidssektor moet betrek word.

Die skool moet bewus gemaak word van die adolessent se behoeftes en meer sportaktiwiteite vir vryetydsbesteding aanbied. Skole moet maatskaplike werkers in diens neem met die oog op vroegtydige identifisering van selfmoordneigings onder die leerlinge.

Voortgesette navorsing is noodsaaklik om hierdie tendens onder die swart adolessente te bestudeer. Veral die gesinsagtergrond, sowel as die ouderdomsaspek moet noukeurig bekyk word. Vroeg geïdentifiseerde risikogevalle asook simptome moet aangemeld word en aandag moet daaraan geskenk word. Dit alles kan bereik word deur alle leerlinge by die skool te betrek deur hulle bewus te maak van hierdie tekens en simptome.

Tydens onderhoudvoering met die adolessent moet daar pertinente en reguit vrae gestel word oor die probleme wat hy/sy ondervind. Daar moet ook na oplossings gesoek, en indien moontlik, die nodige verwysings gedoen word. Ouerlike pligte moet opgevolg word en projekte wat in die gemeenskap geloods word ter bevordering van normale gesinslewe moet aangemoedig en ondersteun word. Die ouer moet ingelig word om individuele en groepsessies by te woon.

Die oorsake wat in die voorafgaande hoofstuk en ook in hierdie hoofstuk uitgewys is, kom mees algemeen by die swart adolessent voor en moet dus ook aandag geniet met die oog op verligting van hul frustrasies en moontlike oplossing van ook ander probleme.

5.6. SAMEVATTING

Voorkoming van selfmoord deur die saamstel van 'n program sal die tendens of probleem aansienlik tot voordeel van adolessente laat afneem.

Soms is hulle oningelig, en besprekings tydens groepsessies, indien daarvan gebruik gemaak sou word as deel van die program, sal die onkunde uitskakel en die tiener toerus met die inligting wat by hom/haar ontbreek.

Wanneer daar met die adolessent gewerk word, moet sy/haar persoonlike kenmerke, agtergrond, gesin, vriendekring, skoolmaats en algemene funksionering in ag geneem word. Wat verder van belang is, is die adolessent se behoeftes wat meestal onvervul bly en later aanleiding gee tot gevoelens van onvergenoegdheid, 'n swak selfbeeld en ander antisosiale gedrag wat nadelig is vir die ontwikkeling en selfbeskikking van die adolessent.

Sy swak kognitiewe ontwikkeling, gebrekkige vaardigheid wanneer hy tussen sy portuurgroep verkeer asook swak sosiale vaardighede kan in groepterapie van nut wees vir die adolessent wat selfmoordgedagtes koester.

Almal vervul 'n besonder belangrike rol ter voorkoming van die adolessent se selfmoordpogings, naamlik die welsyn (maatskaplike werkers) die gemeenskap en alle gemeenskapsinisiatiewe, sakelui en die skool. Dus is 'n multidissiplinêre benadering waardevol tydens die saamstel van sulke programme.

Die gesin sal nie en kan nie alleen die probleem van die selfmoordneigende kind hanteer nie. Professionele persone is dikwels die eerste om te help dat die probleem behoorlik onder beheer gehou word.

Tegnieke soos kommunikasie, luister, identifisering van die probleem en probleemoplossing kan vir die gesin geleer word om te verhoed dat die probleem weer kop uitsteek of na die ander gesinslede oorgedra word.

HOOFSTUK 6

EVALUERING VAN DIE VOORKOMINGSPROGRAM TER VOORKOMING VAN SELFMOORDPOGINGS

6.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die data rakende die adolessent se persoonlike funksionering bespreek. Hierdie data is verkry vanuit die PMSI (2005:1) wat deur Perspektief Kollege ontwerp en weergegee is ter evaluering van die individu se persoonlikheidskenmerke. Aspekte wat in hierdie hoofstuk gedek gaan word sluit selfbeeld, verhoudings, godsdiens en algemene lewensbeskouing in.

Selfbeeld speel 'n baie belangrike rol in elke mens se lewe en ten opsigte hiervan is die adolessent geen uitsondering nie. Field (1999: ix) meen “wanneer ons selfbeeld sterk is, is ons in staat om wyse keuses te maak” met betrekking tot hoe ons ons lewe wil lei. Individue kan hul potensiaal verwesenlik, en dit doen hulle deur al hul vermoëns op 'n gebalanseerde en harmonieuse uit te leef. Dus sê Sasse (1997:411) dat “people with low self-esteem have trouble making friends, academically and may be depressed”. Stafford en Bayer (1993:41) brei verder uit oor selfbeeld: “self-esteem is the evaluation which the individual makes and customarily maintains with regard to himself...a personal judgement of worthiness” en sê verder dat selfbeeld met geestesgesondheid, lewensvervulling, geluk, akademiese sukses/prestasie, ego-ontwikkeling en lokus van kontrole ooreenstem. Hieruit kan dus afgelei word dat 'n goeie selfbeeld ook gepaard gaan met die adolessent se psigologiese welstand.

Die adolessent sal sy/haar potensiaal bereik as sy/haar persoonlike lewe standvastig is, as sy/haar herkoms sowel as opvoeding en algemene aanvaarding deur die breë gemeenskap goed geanker is. Psigososiale welstand is daardie balans tussen die individu se psigiese toestand en sy omgewing en hierdie studie het gepoog om daardie balans in die adolessent se lewe te bring deur die daarstelling van 'n voorkomingsprogram.

6.2. NAVORSINGSPROSEDURE

Die prosedure wat gevolg is, word vervolgens bespreek:

6.2.1. Navorsingsontwerp

Daar is van die enkelstelselontwerp gebruik gemaak, grotendeels vanweë die gestandaardiseerde skale. Die PMSI (Personal Multi Screening Inventory) is in hierdie studie aangewend.

6.2.2. Meetinstrument

Die navorser het van die PMSI (Personal Multi-Screening Inventory) skaal wat deur die Perspektief Kollege ontwerp is, gebruik gemaak. Die doel hiermee was om die effektiwiteit van die program te meet. 'n Voor- en natoets is geadminestreer en navorser het vraelyste self opgestel wat na afloop van sessies gebruik is om die effektiwiteit van die program te evalueer

6.2.3. Geldigheid en Betroubaarheid van die meetinstrument

Dit is noodsaaklik dat sekerheid verkry moet word dat die meetinstrument aanvaarbaar, betroubaar en geldig is. Die skaal wat navorser geadminestreer het, se geldigheid en betroubaarheid is getoets en betroubaar gevind. Soos Delpont (2005:166) sê: “ to obtain valid and reliable data one must ensure before the implementation of the study that the procedures and the instruments to be used have acceptable levels of reliability and validity”.

Betroubaarheid behels dat 'n bepaalde tegniek dieselfde resultaat sal oplewer indien dit herhaaldelik getoets word (Strydom, 2002:215). *Geldigheid* behels dat 'n empiriese instrument sal meet wat hy veronderstel is om te meet (Rubin & Babbie, 2005:184).

Die PMSI-skale het 'n telling van 0-100 en 'n telling van 90 en hoër dui goeie konstruk aan op betroubaarheid en geldigheid. 'n Telling van hoër as 35% dui dus daarop dat verbetering kan intree, 'n telling van tussen 25% en 35% dui waarskuwing aan en 'n telling van onder 25% lê binne die aanbevole reeks.

6.2.4. Resultate en interpretasie van PMSI

Die Noordwes-Universiteit se Departemente Wiskunde en Statistiese Konsultasiediens het die data per ingevulde vraelys verwerk en die resultate aan

navorser oorgedra. Slegs nommers en simbole is verskaf. Geen name is verskaf nie, sodat geen persoon geïdentifiseer kon word nie, behalwe die respondente wie se resultate navorser ontleed het omdat hulle deel van die groep gemaak het.

6.3. DIE ONTLEDING VAN DATA

Die PMSI (Personal Multi Screening Inventory) is met die leerders wat vanuit die Lewensorienteringklas deurgegaan. Die PMSI is op 'n voor- en natoets basis geïmplementeer. Die toets is deur *Perspektief Training College* saamgestel en het uit 265 vrae bestaan.

Aspekte wat deur die vraelys gedek is, is lewensbeskouing, verhouding met gesin, vriende, skoolmaats, kêrel/meisie en verhouding met God, fisiese aspekte; en laastens selfmoordpogings.

Die Statistiese Konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit het die data verwerk. Die bevindinge word vervolgens bespreek met die volgende as opskrifte, (lewensbeskouing) positiewe en negatiewe psigososiale funksionering, verhoudings, selfbeeld en emosionele funksionering.

6.4. BESPREKING

Die verwerkte data het die volgende getoon:


Tabel 6.1: LEDETAL

Getal	Respondente
Totaal getal	37- 1ste sessie 30 – 6de sessie

Dit dien daarop gelet te word dat 37 respondente en 30 respondente wat op bogenoemde tabel aangedui is slegs die getal is wat in die voor- en natoets betrek was, met ander woorde in die eerste sessie en die laaste sessie. Die volgende grafiese voorstelling is slegs van toepassing op dié lede wat ten minste vyf van die sessies bygewoon het en wat tussen 15 en 17 gewissel het. Die grafiese voorstelling poog om verandering by hierdie groep aan te dui voor en na die groep intervensie.

6.4.1. LEWENSBEKOUING

6.4.1.1 Positiewe/Negatiewe Psigososiale Funksionering



- Voor-en natoets grafiese stelling van die positiewe/negatiewe psigososiale funksionering:

Tabel 6.2: Voortoets LEWENSBEKOUING

Helplessness-GBS									
Helplessness-ISS									
Stress-GBS									
Stress-ISS									
Frustration-GBS									
Frustration-ISS									
Expectation-GBS									
Expectation-ISS									
Satisfaction-GBS									
Satisfaction-ISS									
Achievement-GBS									
Achievement-ISS									
	10	20	40	60	80	100			

{Die pers kleur dui dat die konstruk onmiddellike aandag verg, die rooi is 'n waarskuwing terwyl die geel bedoel dat die konstruk aandag nodig het, terwyl die groen die aanbevole reeks aandui}

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die groep se **persoonlikheidskenmerke** waaronder konstrunkte soos blydschap, hulpeloosheid, stres, frustrasie, verwagtinge, lewensbeskouing, selfmoord en prestasie ressorteer, ontoereikend op PMSI skaal nie goed vertoon het nie. Hierdie telling is die resultaat van die voortoets waarby die groep onderworpe was.

- Beide **hulpeloosheid (99%) en verwagtinge (100%)** (waar onmiddellike aandag benodig word) lei tot die gevolgtrekking dat die adolessent hulpeloos voel en dat hy soms nie alles gaan bereik wat van hom verwag word nie. Die navorser is van mening dat die adolessent ook moedeloos kan raak as hy en anders te veel van hom verwag en mettertyd ontwikkel **onrealistiese aspirasies**. Hierdie aspek spel risiko (gevaar) uit.
- Bereiking van **sukses** en **tevredenheid** is in geel aangedui en het op die 60% reeks geval waar aandag benodig word. Daar kan hieraan gewerk word om die adolessent te bemoedig en aan te spoor om meer te doen om meer te bereik.
- **Frustrasie** en **stres** is albei op 60% en word as waarskuwing aangedui.

Tabel 6.3: Natoets LEWENSBEKOUING

Helplessness-GBS	40	40				
Helplessness-ISS	40	40				
Stress-GBS	20					
Stress-ISS	20					
Frustration-GBS	20					
Frustration-ISS	20					
Expectation-GBS	80	80	80	80		
Expectation-ISS	80	80	80	80		
Satisfaction-GBS	20					
Satisfaction-ISS	20					
Achievement-GBS	20					
Achievement-ISS	40	40				
	10	20	40	60	80	100

Die algemene bevinding na die program is dat 'n aansienlike verandering in die groep plaasgevind het wat stres, frustrasie, tevredenheid en innerlike sukses betref. Die tellings was op hierdie konstruk 10 en 20, wat onder die aanbevole reeks geval het.

Hulpeloosheid en sukses staan albei op 40% en word op waarskuwingsvlak aangedui. Anders as tydens die voortoets, het dit verbeter. Verwagtinge staan in 80% vlak waar aandag benodig word. Du Bois en Miley (2010:396) bevestig hierdie hulpeloosheid wat die adolessent ervaar en som dit as volg op "...youths lose hope for the future, they turn to peers for attention; they turn to guns for protection ...". Hierdie toedrag van sake dui daarop dat die adolessent op 'n verkenningroete is en


dat sy verwagtinge hoog staan. Dus eksperimenteer en kompeteer die adolessent met sy portuurgroep. Die navorser is van mening dat die frustrasie as gevolg hiervan ontstaan omdat hierdie verwagtinge nie realiseer nie. Dit moet nie uit die oog verloor word dat hierdie groep met motivering en bemoediging as vaardigheid bemagtig is en dat navorser die „strengths perspective“ deurentyd voorgehou het omdat individue oor mag en krag besit wat hulle soms nie weet dat hulle besit nie. Kirst-Ashman & Hull (2009:15) ondersteun hierdie „strength perspective“ deur te se dat “... promoting empowerment means believing that people are capable of making their own decisions and it means that human beings possess strength and potential to resolve their own difficulties”. Dus ter samevatting, is navorser van mening dat bemagtiging en motivering ingespan moet word om die adolessent te help om hoopvol te wees en sodoende sy hopeloosheid verminder. Die uitkoms van hierdie groep was dus dat ’n meer positiewe en lewenslustige gesindheid geseëvier het.

Uit die groep was dit ook vir die navorser duidelik dat die Respondente algaande hulle houding verander het en op ’n gereelde basis die groep bygewoon het. Die respondente wat graag daar wou wees het meeste van die tyd gereed gewag vir die volgende byeenkoms..

6.4.2. ALGEMENE VERHOUDINGS

Hierdie afdeling sluit in die respondent se verhouding met sy onmiddellike familie op ’n persoonlike basis, en kring uit na vriende wat dit algemeen dog nog persoonlik maak. Hierdie verhoudings word afgebaken in sosiale verhoudings en verhoudings met vriende sowel as verhoudings met die kind, die stiefpa/ma, met gesin en met ’n maat en word almal saamgegroepeer. Bogenoemde skaal word deur middel van die volgende tabel as volg verduidelik:

Persoonlike verhoudings




Tabel 6.4: Voortoets PERSOONLIKE VERHOUDINGS

Social support	0-10	10-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Relationship with child	0-10	10-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Relationship with stepfather	0-10	10-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Relationship with stepmother	0-10	10-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Relationship with partner	0-10	10-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Relationship with family	0-10	10-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Relationship with friends	0-10	10-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
	0	10	20	40	60	80	100

Uit die voortoets het bogenoemde resultate na vore gekom. Algemene sosiale bystand (10%), is op word aanbevole reeks. Die kritieke velde wat hieruit na vore kom is die respondente se verhouding met hulle stiefpa (60%) en hulle verhouding met hulle stiefma (80%) en met hulle gesin wat op (80%) lê. Uit die tabel is dit duidelik dat die velde van verhouding met 'n kind, lewensmaat en vriende nie onmiddellike aandag moet geniet nie maar slegs as waarskuwing dien.

Die navorser is van mening dat verhoudings 'n baie belangrike aspek in enige persoon se lewe is, en dat die adolessent veral verskeie verhoudings aanknoop benewens dat hy deel is van 'n gesin. Hierdie verhoudings help sy aanpassing en ontwikkeling aan. Du Bois en Miley (2010:398) bevestig hierdie en sê dat "social support, particularly parental support plays a crucial role in the adolescent's development". Verhoudings is vir die adolessent 'n baie belangrike verwysingsraamwerk en steun teen probleme wat hy mag ondervind. Goeie verhoudinge kan selfmoordgedagtes teenwerk.

6.4.2.1. Persoonlike verhoudings




Tabel 6.5: Natoets PERSOONLIKE VERHOUDINGS

Social support	0-20	20-25	25-75	75-80	80-100	
Relationship with child	0-20	20-25	25-75	75-80	80-100	
Relationship with partner	0-20	20-25	25-75	75-80	80-100	
Relationship: step father	0-20	20-25	25-75	75-80	80-100	
Relationship: stepmother	0-20	20-25	25-75	75-80	80-100	
Relationship with family	25-75	25-75	25-75	25-75	25-75	
Relationship with friends	0-20	20-25	25-75	75-80	80-100	
	10	20	40	60	80	100

Die algemene resultate vir die natoets toon 'n veranderde en verbeterde verhouding vir veral waar die konstruk op die aanbevole reeks tussen (0-20 %) val en dit sluit sosiale verhoudinge en verhouding met hulle vriende in. Beter verhoudings met hulle gesin sou na afloop van die intervensie verwag word maar dit was steeds nie die geval nie. Dit is dus baie duidelik hieruit dat die gesin 'n baie belangrike rol in die adolessent se lewe speel en dat daar baie meer aandag hieraan gegee moet word. Die respondente se verhouding met hulle stiefpa en stiefma het in so 'n mate verbeter na die intervensie dat hulle nie meer in die kritieke veld lê nie, en het onveranderd gebly met die lewensmaat (20%).

6.4.3. FISIEKE ASPEKTE

6.4.3.1 SELFBEELD/SELFKONSEP



Tabel 6.6: Voortoets SELFBEELD

Lack of selfworth	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Guilt feelings	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Inner security	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
	0	20	40	60	80	100

Uit die bogenoemde tabel is dit duidelik dat die adolessent oor die algemeen innerlike onsekerheid beleef (100%). Skuldgevoelens (80%) is ook 'n veld wat aandag benodig. Selfwaarde (40%) het tydens die voortoets wel as waarskuwing na vore gekom maar nie so sterk as innerlike sekuriteit en skuldgevoelens nie (Zastrow et al., 2013:327-8).


Tabel 6.7: Natoets SELFBEELD

Lack of selfworth	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Guilt feelings	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Inner security	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
	0	20	40	60	80	100

6.4.4. Vanuit die natoets is dit duidelik dat die intervensie tog op al drie vlakke naamlik selfwaarde, skuldgevoelens en innerlike sekuriteit 'n invloed

gehad het. Hierdie toedrag van sake kan toegeskryf word aan die feit dat die bemagtiging wat in die groepsessies plaasgevind het, 'n positiewe impak op die adolessent gehad het. Studies toon dat jongmense graag wil leer hoe om hul gevoelens van hulpeloosheid, hopeloosheid, lae selfbeeld, konflikhanteringsmeganismes en die bou van vaardighede te verbeter. Volgens Doan et al. (2012:6) kan laasgenoemde verbeter by die adolessent deur hul deelname in skoolprogramme.

6.4.4.1 EMOSIES



Tabel 6.8: Voortoets EMOSIONELE FUNKSIONERING

Senselessness of existence						
Suicidal thoughts						
Anxiety						
Paranoia						
Disturbing thoughts						
Dependency						
	0	20	40	60	80	100

Uit die bogenoemde tabel is dit duidelik dat aspekte soos sinneloosheid van die lewe, selfmoordgedagtes, angs en paranoia het „onmiddellike aandag nodig“. Dit beteken dus vir die navorser dat indien hierdie aspekte nie gehanteer word nie, dit die adolessent kan lei tot selfmoordgedagtes of selfmoordgedrag. Dit word ook deur navorsers soos Langille et al.,(2011:1-2) bevestig. Ongewenste gedagtes (40%) het as waarskuwing voorgekom, terwyl afhanklikheid op (20%) aangeteken is. Bogenoemde skaal is gebruik om die algehele emosionele funksionering te bepaal.

Tabel 6.9: Natoets EMOSIONELE FUNKSIONERING

Senseless of existence	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Suicidal thoughts	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Anxiety	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Paranoia	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Memory loss	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Disturbing thoughts	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
Dependency	0-20	20-40	40-60	60-80	80-100	
	0	20	40	60	80	100

Verandering is hierbo opgemerk met beide selfmoordgedagtes en ongewenste gedagtes wat op dieselfde skaal van 40% gelê het. Alle ander konstrukte het onder die aanbevole reeks van tussen 10-20% gelê. Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die adolessent op alle konstrukte op die aanbevole reeks funksioneer wat tussen 0-20 % val. Die intervensie het dus 'n positiewe verandering teweeg gebring in die adolessent se emosionele gedagtes. Laasgenoemde is dus 'n positiewe verwikkeling omdat dit groei en ontwikkeling simboliseer. Die navorser is van mening dat die adolessent se emosies die volgende stadia deurgaan:

- Volgens Langille et al., (2011:2) is aanpassing by nuwe situasies wat anders is as dié in sy ervaringswêreld- veral die adolessent wat hom/haar in die hoërskool bevind, „n faktor wat die adolessent kan oorweldig deur die feit dat hy nie meer in die laerskool is nie; daar is 'n nuwe betekenis in alles rondom hom en dit kan enige adolessent afskrik. Hy voel beangs en kan tydelike probleme ondervind met geheue wat sy konsentrasievermoë kan belemmer. Dit bring meer angs mee.
- skoolprobleme en die besef van die belangrikheid van eie skoolonderrig en akademiese vordering – dit word toenemend duidelik by die adolessent dat hy harder moet werk as wat hy in die laerskool gewerk het, en die druk om te presteer word groter.

- beroepskeuseprobleme wat lei tot bekommernisse – beroepskeuse is een van die grootste probleme wat die adolessent ondervind en volgens navorser is daar 'n leemte in die skoolkurrikulum deurdat beroepsvoorligting nie meer by sommige skole aangebied word nie
- gesinsprobleme – probleme by die huis belemmer die adolessent se lewe en soms raak dit sekere vlakke van die adolessent se lewe. Die navorser meen dat die sekuriteit van die gesin daardie selfversekerheid bied en emosionele balans by die adolessent tot stand bring (Flutter & Rudduck, 2004:122).

6.5. SELFOPGESTELDE VRAELYS

Die navorser het vir elke byeenkoms vrae opgestel wat deur die lede beantwoord moes word. Die groeplede wat die meeste van die sessies bygewoon het, het gewissel tussen 15 en 17 groeplede. Die navorser het van 'n selfopgestelde vraelys gebruik gemaak en is na elke sessie en afloop van die besprekings, uitgedeel.

Die volgende bespreking is wat in die groepbyeenkomste plaasgevind het en word nie sessie vir sessie verduidelik nie, maar dui aan op relevante feite wat in die betrokke byeenkoms ter sprake was. Veral op die lewensbeskouing aspek wat allesomvattend is, is daar feite genoem wat in ander byeenkomste ook plaasgevind het. Die resultate van hierdie vraelys word soos volg uiteengesit:

6.5.1. Lewensbeskouing

Tabel 6.10: LEWENSBESKOUING: Wat is jou mening oor die lewe huidiglik?

Getal	Dogters		Seuns	
17	8	47%	9	53%

Gedurende die eerste byeenkoms (sessie) is 'n breë bespreking gehou betreffende hoe die jongmense die lewe beskou. Die leerders is gevra om hul siening van die lewe soos elkeen dit ervaar, te verduidelik. Wat in die algemeen voorgekom het, was dat dit swaar en moeilik is vir sommiges om „n beter lewe te handhaaf aangesien geleenthede vir swart jongmense ontbreek. Die behoefte aan selfverwesenliking en persoonlike aanvaarding en persoonlike goedkeuring “om dit

te word waartoe die mens in staat is” (De Witt & Booyen, 1995:42) is elkeen se droom en het na vore gekom. Borgen and Amundson (2010:2) sê dat, “what seems evident is that adolescents enter transitions with the goal of becoming independently functioning adults as they strive to meet personal and career related needs. Navorser meen hieroor dat daar „n behoefte bestaan om bo uit te styg om drome te realiseer, maar lewensuitdagings blyk struikelblokke te wees vir die adolessent.

Die navorser is van mening dat indien negatiewe gevoelens dreig om oor te neem, die adolessent in staat sal wees om terug te dink aan sy lewe in die geheel en twee maal sal dink voordat hy voor die versoeking swig om die negatiewe alternatiewe te oorweeg, byvoorbeeld deur nabootsing.

Standvastige norme en waardes is nodig vir die adolessent om ’n eie waardestelsel daarop na te hou wat sy „anker” of identiteit word. Die navorser is van mening dat hierdie norme en waardes slegs deur die gesin verskaf kan word en sommige leerders wat in uitgebreide of onbevredigende gesinsverhouding woon, het hul ontevredenheid en hunkering na „normaliteit” uitgespreek. Navorser meen ook dat onpraktiese verwagtinge die adolessent tot buitensporige gedrag soos selfmoord, dryf. Hierdie aspek het navorser genoodsaak om die volgende temas onder die onderwerp te hanteer naamlik, tydsperspektief teenoor tydsgedrag, selfversekerheid teenoor apatie, fisiese voorkoms, rol-eksperimentering en leierskap-polarisasie teenoor outoriteitsverwarring omdat dit later tot selfmoordgedagtes kan lei.

6.5.1.1 Tydsperspektief teenoor tydsgedrag

Adolessensie as „n lewenstadium is die een aspek wat die adolessent die meeste verwar – alles gebeur te vinnig. Hierdie aspek is bespreek onder adolessenteontwikkeling in die eerste sessie. Na vroeëjare se sorgelose lewe en afhanklikheid van sy ouers, bevind die adolessent hom skielik in hierdie situasie waarin hy aan ’n paar verwagtinge moet voldoen. Hy moet ook vinnig aanpas want sy skoolloopbaan is nog van korte duur, en hy moet nog keuses maak oor sy toekoms (verder studeer – is daar geld/beurs/lening?) of moet hy maar gaan werk soek (hy is nie vir die arbeidsmark opgelei nie). Die adolessent moet gehelp word om van beskikbare bronne te gebruik en benut (Kirst-Ashman & Hull, 2009:15; Zastrow, 2001:213).

Hierdie laaste aspek waar die jongmense oor hul drome en aspirasies moes praat het baie reaksie onder die groep uitgelok. Een van die groeplede (graad 10) het vir die groep gesê dat hy die volgende jaar gaan werk omdat sy ouma sieklik is en as iets met haar sou gebeur, sou hy vir homself moet sorg (later, na afloop van die groepsessie, is 'n gesprek met hom gevoer en is hy na die plaaslike maatskaplike werker verwys vir verdere hulp).

6.5.1.2 Selfversekerdheid teenoor apatie

Die tweede sessie wat oor emosionele ontwikkeling gehandel het, het navorser genoop om die volgende observasies te maak. Selfversekerdheid gaan gepaard met gesonde besluitneming en vaste oortuigings. Dus is 'n mate van onafhanklikheid hier ter sprake. Die tipiese vraag sou wees of al sy besluite die regte/gewenste uitwerking gaan hê. Die adolessent raak maklik mismoedig. Die groep stem saam dat hulle nie eerste vriendskappe aanknoop nie, en sal ook nie uit eie inisiatief optree nie omdat die ander hulle sal uitlag. Die navorser het die groeplede meegedeel dat as hulle hul kanse benut en inisiatief aan die dag lê, hulle sal weet of hulle sukses kan behaal of nie. Hulle is verder aangemoedig om, indien hulle nie daarin slaag nie, hulle die leerproses wat hom voorgedoen het, moet benut deur die volgende keer 'n ander taktiek toe te pas. Veral die rolle as instaatsteller en opvoeder het sterk na vore gekom omdat navorser die groep ondersteun, bemoedig en vaardighede geleer en oorgedra het (Kirst-Ashman & Hull, 2009:32-33).

6.5.1.3 Fisiese Voorkoms

Hierdie aspek is ingelyf met die adolessenteontwikkeling wat gedurende die eerste byeenkoms bespreek is. Die adolessent word gekenmerk deur 'n verandering op die fisiese (liggaamlik), emosionele (psigiese) en kognitiewe (denke, verstand) vlak, en elk is op sy eie 'n uitdaging vir hom/haar (Steinberg, 1993:92). Hulle word baie bewus van hulleself en hul voorkoms, ook liggaamlik, en is behep met hul fisiese voorkoms. Die 17 (85%) groeplede het deelgeneem in hierdie bespreking.

- Veral die dogters 8 (47%) het tydens die eerste sessie waar persoonlike verryking bespreek was, van die ideale liggaamsbou gepraat. Die liggaamsbou verander en word langer of groter in lengte en massa. Die mate waarin hierdie verandering plaasvind, plaas geweldige stres en frustrasie op die adolessent se

selfbeeld, meer op dié van die dogters as op dié van die seuns (Gouws et al., 2000:3; McNamara, 2005:4).

- Die seuns 9 (53%) het gekla oor die breek van hul stemme, terwyl die ander gesê het dat hulle hul baard „haat“. Eersgenoemde meen dat die adolessent se hele selfkonsep deur sy liggaamsbou, algemene voorkoms en liggaamsbeweging geraak word. Die navorser het opgelet dat fisiese aantreklikheid een van die invloedrykste aspekte is rakende die adolessent se gewildheid, portuurgroep aanvaarding en selfevaluering.

6.5.1.4 Rol-eksperimentering teenoor negatiewe identiteit

Die verwarring wat hy ervaar, bring mee dat hy ongesonde besluite neem en die vervulling van gepaste rolle weens eksperimentering, betrokkenheid by verkeerde groepe en 'n „half-gevormde“ identiteit, bly onvoltooid. Gedurende die bespreking is (tweede sessie) daar praktiese alledaaglikse gebeure as voorbeelde geskets, byvoorbeeld aansluiting by bendegroepe, dwelmmisbruik ensovoorts. Die groep het genoem dat van hul skoolmaats in die tronk sit omdat hulle met kriminele elemente deurmekaar geraak het.

Ooridentifisering kan plaasvind en dit plaas die adolessent onder druk om meer te bereik. So word hy onnodig onder druk geplaas. Hierdie leerders kom uit minderbevoorregte huishoudings en genoemde aspek is hier nie van toepassing nie. Sommiges is gemotiveerd en ding mee om goeie punte, terwyl die anders by die skool is bloot omdat daar niks anders is om te doen nie. Die een dogter het „n tweeling en is in „n saamleefverhouding. Tydens skool pas die paternale ouma die kinders op. Sy wil liewers gaan werk maar moet graad 12 slaag, en die kanse op werk is beter as wanneer sy nie matriek het nie. Sy het geen rolmodel nie.

Kapp (1990:36) wys daarop dat 'n belangrike beginsel sou wees om die kind met probleme vroeg uit te ken en hulp aan hom/haar te verleen en noem ten opsigte van onderprestasie die volgende (Kapp, 1990:150):

- angs, veral nader aan die eksamentyd
- swak selfbeeld
- swak motivering en
- ongewenste skoolverhouding en sosialisering

6.5.1.6 Leierskap-polarisasie teenoor outoriteitsverwarring

Gedurende sessie drie is die adolessent deur motivering sy leierskapsposisie ontwikkel en uitleef en hoe om 'n volgeling te wees waar dit van toepassings is (Borgen & Amundson, 2010:8). Gedurende die sessies is deelnemers gevra om byvoorbeeld die verrigtinge met 'n gebed te open en aan die einde van die sessie is 'n vrywilliger gevra om af te sluit. Die helfte het genoem dat hulle nie kan „praat of bid“ nie. Hierdie gebaar was bedoel om hulle betrokke te kry en ook om hulle 'n geleentheid te gun om iets te sê. Dit was ook bedoel om hul verantwoordelike sin aan te wakker.

6.5.2. VERHOUDINGS

6.5.2.1 Gesin-aspekte

6.5.2.1.1 Gesinsverhouding

Tabel 6.11: GESINSINTERAKSIE

Dogters	Seuns
8 (53%)	7 (47%)
	Totaal =15

In die beginfase spesifiek in die eerste sessie, moes lede „n kort oorsig van hul gesin gee. Navorser maak na aanleiding daarvan die volgende observasies. Die leerders is gevra om hul verhouding met hul gesinslede te beskryf. Navorser het gemerk dat die drie leerders waar albei ouers teenwoordig is, genoem het dat die verhouding en interaksie goed is. „n Mate van verwerping, of belangstellingloos is duidelik by diegene wat „n stiefouer as deel van die gesin het. Navorser kom tot die gevolgtrekking dat gesonde gesinslede kan gevoelens van wanhoop en hulpeloos teenwerk en so die risiko tot selfmoordneigings en selfmoordgedagtes verminder. Hierdie toedrag van sake dui daarop dat die gesin bydra tot die adolessent se latere optredes in sy lewensituasies. Van die leerders het die opmerkings gemaak dat hulle onbelangrik is vir hul gesinne en dat hulle min kwaliteit tyd met mekaar deurbring.

Hieroor skryf Kapp (1990:148-145) dat inkonsekwente optredes, streng en onredelike dissipline, liefdeloosheid en verwaarlosing, oorbeskerming en verwenning asook versteurde ouer-kindverhoudings as onderliggende faktore beskou kan word wat gevoelens van onvergenoegdheid meebring.

Die navorser is van mening dat as 'n kind genoeg liefde en sekuriteit ervaar, hy ten beste uitblom. Doyal en Gough (1991:210) stem saam "... security is the next immediate need which must be satisfied if individual autonomy is to be sustained and expanded".

5.3.1 Liefdesverhouding

Tabel 6.12: LIEFDE VIR TEEENOORGESTELDE GESLAG

Dogters		Seuns	
Getal	%	Getal	%
N =6	35%	N=11	65.6%

Hierdie aspek het gehandel oor heteroseksuele verhoudings en het betrekking gehad gedurende die besprekings in die sessies wat oor verhoudings en persoonlike verryking gehandel. Die vraag is aan die leerders gerig of hulle betrokke is in „n liefdesverhouding het. Ses dogters is in 'n verhouding en twee van die dogters het saamleefverhoudings. Die dogters wat by liefdesverhoudings betrokke is, was minder as die seuns (11) maar kom meer ervare voor omdat hulle al kinders het. Slegs een van die seuns het 'n kind. Hierdie vraag is deel van die selfopgestelde vraelys wat tydens groepsessies gestel is en navorser identifiseer liefdesprobleme onder die adolessent as „n risiko omdat hulle soms die verwerping van „n liefdesobjek nie kan hanteer nie. Gevolglik kan die verwerpte adolessent hom aan selfmoordpoging as oplossing oorgee. Seksualiteit en die impak van seksuele oriëntering word onder hierdie onderwerp soos volg bespreek:

5.3.1.1 Seksuele identiteit teenoor biseksuele verwarring

In die tweede sessie waaronder persoonlike verryking bespreek was, is daar met die adolessent oor sy seksuele rytheid, fisiese en psigiese ontwikkeling bespreek. Daar

was in die groep een seun met homoseksuele neigings. Die ander skoolmaats en van die groep lede het hom aanvaar. Sommiges 7 (41.2%) glo egter dat biseksualiteit 'n aangeleerde gedrag is en meen dat hulle nie by sulke aktiwiteite betrokke sal raak nie. Dus meen hulle dat die adollesente wat sulke gedrag openbaar deur dissipline „terug na die normale“ gelei kan word. Hy is 'n jeugberader en is wel bekend in die skool en daar is opgemerk dat hy heelwat erkenning en aanvaarding van die groeplede en die breë skoolgemeenskap geniet. Navorser is van mening dat homofobie aangespreek moet word mits dit ook een van die redes word vir selfmoordgedagtes.

5.3.2 Godsdienst: Verhouding met God

Tabel 6.13: VERHOUDING MET GOD

Dogters	Seuns
10 (65%)	7 (35)%

Gedurende die vierde sessie wat oor selfmoord gehandel het, was die verhouding met God in perspektief geneem en wat die interpretasie van so „n daad in die Bybel is. Die verhouding met God is verder hanteer en die vraag was wat die respondent se verhouding met God is. Hierdie aspek is deel van die oorhoofse PMSI vraelys en is deur die groep beantwoord. Dit is verder in die besprekingsgroep gehanteer. Die groep toon min belangstelling in godsdienstaspekte maar beweer dat hulle gereelde kerkgangers is of gemeentelede is van die een of ander kerkgenootskap. Sewe 7 (35%) seuns en 11 (66%) dogters het op die vraag oor die verhouding met God gereageer.

Die navorser het agtergekom dat van die groeplede verwys na God, 'n teken dat hulle in “n groter hand” glo. Na aanleiding hiervan het navorser dit beklemtoon deur een van die twee modelle wat deur Hepworth en Larsen (2010: 174) die „trend model” noem, naamlik **Transcedence** gebruik om hulle verder hoop te gee.

5.3.3 Skool verhouding: Prestasieverwagting teenoor werkverlamming

Groot druk om te presteer bring soms negatiewe gevoelens na vore en so kan dit gebeur dat die individu onderpresteer. Die navorser het 'n paar vrae opgestel om die

respondente se funksioneringsgraad te bepaal asook om hulle aan te moedig om beter te presteer. Die volgende aspekte is gedek (Kapp, 1990:41):

Dat wanprestasie die volgende inhou: (a) leerprobleme, (b) bekommernis oor vordering, (c) 'n gebrek aan duidelike akademiese oogmerke, (d) akademiese bedrywigheid, asook (e) beroepskeuse gebaseer op akademiese sukses. Die respondente is almal praktiese riglyne gegee ten opsigte van hoe om hul studiemetodes te verander om beter te kan presteer (Borgen en Amundson, 2010:5-8). Veral die (3 seuns) wat in matriek was, het van dié hulp gebruik gemaak. Die ander het gesê dat hulle die metodes gaan toepas om hul werk te verbeter. Angstigheid en onsekerheid oor 'n beroep was aanwesig en ideale wat gekoester is, was soms onrealisties soos om staatspresident of 'n kabinetminister te wil word. Dit is genoem sonder enige belangstelling in of affiliasie met politieke aangeleenthede.

6.5.3. SELFMOORDASPEKTE

6.5.4.1 Selfmoord en Doodsdrang

Tabel 6.14: SELFMOORD

Die volgende vrae is aan die groep gestel:

Vrae	Groepdele N=17	
	Dogters	Seuns
Dink jy dat die dood die oplossing is?	2 (11.8%)	8 (47.1%)
Is jy bang vir die dood?	7 (35%)	6 (35.1%)
Is jy bewus van iemand wat selfmoord gepleeg het?	8 (47.1%)	8 (47.1%)
Is die dood beter as die lewe?	7 (35%)	8(47.1%)
Beteken die dood 'n ewige lewe?	9(53%)	8(47.1%)

Hierdie aspek is in die vierde sessie of byeenkoms gehanteer. Die groep bespreking het rondom bogenoemde vrae sentreer. Wat selfmoordpogingaspekte betref, is dit

duidelik uit bogenoemde gegewens dat die groep in die begin geen insig getoon het nie. Die navorser is van mening dat 'n mate van onkunde wat die dood betref onder die jongmenses heers. Reaksies op sommige van die vrae bevestig die stelling.

Die indruk word geskep dat indien die dood as 'n oplossing vir probleme gebruik word, verlangde respons verkry sal word. Die mening word voorgehou dat die agterblywendes met onbeantwoorde vrae gelaat word, selfverwyrt, skuldgevoelens en verdriet. Die navorser is van mening dat die moontlikheid bestaan dat ander gesinslede, en indien die oorledene sibbe het, hulle hom/haar dalk kan naboots en moeilike situasies probeer oplos deur selfmoord te probeer pleeg (McWhirter, 2004:150).

- Volgens 'n koerantberig (Anon, 2003:19) kan emosionele pyn, die diagnose van 'n siekte of die dood van 'n geliefde as oorsake van selfmoord beskou word. Westen (1995:599) sê hieroor: "... people commit suicide for many reasons, relief of psychological pain, cultural values, car bombs, terminal illness etcetera". Depressie, hopeloosheid, hulpeloosheid en eensaamheid word genoem deur Corr et al., (2003:146) asook Portes et al. (2002:810) as van die faktore wat tot selfmoordneigende gedrag bydra. Die navorser voeg drank en alkoholmisbruik in asook ongewenste swangerskappe, kroniese siekte en aansteeklike, oordraagbare siektes soos MIV/VIGS.
- Op die PMSI-Skaal het die groep se persepsie rakende **selfmoord** is tweemaal hoër (26%) (waarskuwing) as die (13%) (aanbevole reeks). Navorser merk op dat die selfopgestelde vraelys spreek hul respons van onkunde wat die erns van voorkomingsprogramme in die bekampings van selfmoordpogings in skole noodsaak en regverdig. Die vrae wat in hierdie afdeling gestel is toon verskillende respons tussen die dogters en die seuns wat in die groepbesprekings deelgeneem het. Beide die seuns 8 (47.1%) is bewus van iemand wat selfmoord probeer pleeg het. Wat die dood as „n ewige lewe betref, het die seuns 9 (53%) dit bevestig teenoor die dogters 8 (47.1%).

6.6 RISIKOFAKTORE VAN SELFMOORDPOGING

Die onderstaande punte is deur individuele lede in respons van die evaluering weergegee en die navorser som dit as volg op. Die navorser lei af dat daar meer in die adolessent se „wêreld“ gekyk word om in hul behoeftes te voorsien.

- *Liefdesprobleme* – die adolessent met romantiese verbintenis loop die risiko om seergemaak te word. Soms kan hy nie die verwerping hanteer nie en kan hom of haar tot selfmoord oorwegings wend
- *Emosionele probleme* wat die adolessent ondervind, stel hom/haar ook bloot aan depressie en negatiewe gedagtes
- *Dood in die familie* laat die gewone mens in verdriet en hartseer. Die verwerking hiervan is soms ook te veel vir die adolessent, veral as daar 'n noue band was tussen hom of haar en die oorledene
- *Persoonlike aspekte* soos kroniese siekte in die gesin, byvoorbeeld hoë bloeddruk, suikersiekte, VIGS ensovoorts bring wanhoop, depressie en ongerief weens pyn mee.
- *Finansiële probleme*, nie soseer die adolessent s'n nie maar sy gesin s'n, bring mee dat hy onbevoeg of minderwaardig voel en so raak hy maklik die prooi van negatiewe beïnvloeding
- *Betrokkenheid by kriminele gedrag* kan 'n desperate adolessent verder in die moeilikheid bring
- *Eensaamheid* is 'n sterk faktor by adolessente. Hulle voel maklik geïsoleerd en sonder hulle ook maklik af van ander mense. Die alleenheid het ook 'n negatiewe effek op hul gevoelens in die algemeen
- *Alkohol* is 'n probleem onder die adolessente en die swart adolessent is geen uitsondering op hierdie gebied nie. Skoolwerk en familiebande ly skipbreuk as gevolg van alkoholmisbruik
- *Dwelmmisbruik* en die gebruik van pille het mode onder die swart adolessent geword.

6.7 SAMEVATTING

Selfmoord is 'n sosiale probleem wat nie alleen die adolessent raak nie, maar ook die samelewing in die geheel. Vanweë die feit dat adolessente nog steeds kinders is, het hulle leiding en hulp nodig.

'n Stabiele gesinsverhouding is belangrik vir die kind se latere ontwikkeling, veral ten opsigte van sy selfbeeld en sosialisering. Dus is 'n gesinsbenadering intervensie baie belangrik. Ouers moet veral kommunikasie en algemene ouerlike vaardighede geleer word wat beter begrip onderling sal bring. Erkenning en behoeftebevrediging van die kind sal ook 'n positiewe bydrae tot 'n gebalanseerde persoonlikheid bewerkstellig.

Die skool se betrokkenheid by die kinders se lewe, nie alleen op intellektuele en opvoedingsvlak nie, sal help dat hulle goeie of gebalanseerde lewenskeuses maak, vry van verwarring en onaanvaarbare gedrag. Samewerking tussen die skool en die ouers moet tot stand gebring, aangemoedig en gehandhaaf word.

Slegs deur die tendens noukeurig te bestudeer sal dit verstaan word. Die kennis wat uit die studies en ondersoek verkry word, sal verhoed dat meer kinders aan die dood afgestaan word deur selfmoord. Veel meer studies moet dus onderneem word oor veral die swart adolessent in die Nuwe Suid-Afrika: hoe 'n verhouding en vryheid (freedom) hom raak, of hy/sy enige nuwe behoeftes ervaar, wat en hoe hierdie behoeftes hanteer en bevredig kan word.

Die navorser wil graag noem dat in die vorige hoofstukke melding gemaak is van die kwesbaarheid van die adolessent en hoe hy by hierdie nuwe groeifase moet aanpas.

Dit is nie slegs sy fisiese voorkoms wat verander nie, maar sy emosionele toestand is in 'n warboel; skielik voel hy nie meer dieselfde natuurlike affeksie vir sy ouers nie; hy knoop nuwe ernstige verhoudings aan in die vorm van vriende en die teenoorgestelde geslag. Daar is ander bande ook wat minder intiem is soos met die onderwysers en klasmaats by die skool. Die navorser meen dat alle bogenoemde verhoudings 'n groot aanpassing verg, en 'n sterk rol by die adolessent se emosies speel.

Die adolessent se oorgang van die kinderjare na vroeë volwassenheid is nie maklik nie. Benewens sy behoeftes, nuwe kennis wat hy opdoen en uitdagings wat hy moet

trotseer, maak hierdie tydperk vir die adolessent besonder verwarrend. In sy strewe om 'n eie identiteit te ontdek, te ontwikkel en te verken, is daar voortdurende botsings.

Die program het nuwe perspektief in die normale denkwysse van die adolessent gegee en navorsers is van mening dat sulke programme op 'n vaste basis aangebied behoort te word.

HOOFSTUK 7

ALGEMENE OPSOMMING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

7.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die navorsingswerk afgerond met 'n opsomming van die hoofstukke, asook gevolgtrekkings en aanbevelings. Die navorsing het gehandel oor die verskynsel "selfmoordpoging" onder die Swart adolessent en oor die samestelling en evaluering van 'n voorkomingsprogram by die hoërskool om genoemde tendens hok te slaan.

7.2. OPSOMMING

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om, na aanleiding van die empiriese bevindings en die literatuurstudie, 'n maatskaplikewerk-voorkomingsprogram saam te stel en dit te evalueer aan die hand waarvan selfmoordpogings en selfmoordneigings by swart adolessente voorkom kan word en hul lewensgehalte verhoog kan word.

Die navorsingswerk het gepoog om hierdie doelstelling te bereik. Gepaardgaande daarmee is die volgende doelwitte gestel:

- om op grond van die empiriese ondersoek die aard en omvang, oorsake en metodes van selfmoordpoging onder swart adolessente te bepaal;
- om op grond van 'n empiriese ondersoek die spesifieke behoeftes van swart adolessente vas te stel;
- om na aanleiding van die literatuurstudie en empiriese ondersoek spesifieke kennis en vaardighede te identifiseer waarvoor adolessente moet beskik om in hul eie behoeftes te kan voorsien;
- om deur middel van 'n literatuurstudie die taak van die maatskaplike werker rakende adolessente met selfmoordneigings te identifiseer en te omskryf; en laastens
- om die maatskaplike voorkomingsprogram te evalueer na die aanbieding van die program ten einde vas te stel of hierdie projek geskik is om die lewensgehalte van swart adolessente te verhoog en selfmoordpogings onder hulle te bekamp.

2.1 Opsomming ten opsigte van die navorsing

Hoofstuk 1

Algemene Inleiding

In Hoofstuk 1 is 'n algehele oorsig en die oorsprong van die studie weergegee. Doelstellings en doelwitte is gestel ten einde navorser in staat te stel om beter daarop te fokus om dit wat bestudeer moet word, sistematies en empiries uiteen te sit.

Navorsingmetodes is ook in hierdie hoofstuk bespreek. Hoe data ingesamel is, naamlik aan die hand van vraelyste, en ook 'n literatuurstudie het onder bespreking gekom. Die seleksie van die steekproef het ook aandag geniet. Aspekte soos etiese aspekte en data analise het aandag in hierdie hoofstuk geniet. Definisie van relevante begrippe is aan die einde van die hoofstuk weergegee, die struktuur van die navorsing en ook 'n kort samevatting van die hoofstuk.

Na aanleiding van gegewens in hierdie hoofstuk, kom navorser tot die slotsom dat verskillende redes aangevoer word vir selfmoordpoging. Sosiale faktore soos isolasie, portuurdruk en stresvolle lewensaspekte dra by tot die talle selfmoordpogings onder die adolessente.

Hoofstuk 2

Navorsingsmetodologie

In die tweede hoofstuk is empiriese aspekte bespreek. Die eerste doelstelling, naamlik om literatuurstudie te onderneem en vraelyste aan te wend om inligting te bekom, is hierin uiteengesit.

Hierdie hoofstuk het bewys deur die DR & U model toe te pas dat die swart adolessent, soos adolessente van alle rassegroepe, selfmoordpogings aanwend as oplossing vir hul probleme. Die verskillende fases van die DR & U model is in hierdie hoofstuk toegepas en gebruik. Selfmoordpoging onder adolessente is 'n maatskaplike vraagstuk en die identifisering hiervan as 'n maatskaplike vraagstuk is die vyf stappe van die probleemanalise, te wete, probleemidentifisering en analise, beskikbare maatskaplikewerktegnologie, uitvoerbaarheid van die studie, selektering van tegnologiese doelstellings en laastens op die vyfde plek die selektering van inligtingsbron, uiteengesit.

Die studie se uitvoerbaarheid is bewys. Internasionale en nasionale tydskrifte, boeke en koerante is as inligtingsbronne benut. Die Noordwes Universiteit se biblioteek is ook gebruik om relevante inligting te bekom.

Die prosedure wat toegepas is, was 'n navorsingsopname en die enkelstelselontwerp. Tydens die opname is vraelyste uitgedeel en voltooi. Daar was 'n verskeidenheid vraagtipes opgestel waaruit die mees gepaste respons gegee kon word byvoorbeeld, oop vrae, geslote vrae, digotome vrae, meervoudige keuse vrae, rangordevrae asook opvolgvrae. Die enkelstelselontwerp is gebruik om inligting te bekom ten opsigte van die effektiwiteit van die groepwerkprogram. Die hoofstuk het ook 'n kort samevatting bevat.

Op grond van bogenoemde gegewens kon daar bruikbare inligting op 'n wetenskaplike wyse bekom word. Hierdie inligting het navorser in staat gestel om die doelstellings te bereik. Die adolessent se gesin vervul 'n baie belangrike rol in sy/haar vormingsjare. 'n Gesonde gesinstruktuur en toereikende interaksie bied aan die adolessent die nodige sekuriteit om die buitewêreld aan te durf.

Hoofstuk 3

Die verskynsel selfmoord onder Swart adolessente

Om by die kern van die probleem te kom, is die verskillende teorieë bespreek, naamlik die sisteem teorie, ontwikkelingsteorie, die klassieke psigoanalise asook die sosiale teorie. Die navorser het veral meer klem op die sisteem en die sosiale teorieë gelê om die verband tussen die adolessent en sy gesin as deel van die sosiale sisteem aan te toon.

Metodes van selfmoord wat deur verskeie adolessente toegepas word, met onderskeid tussen die vroue en manspersone, is in hierdie hoofstuk bespreek. Dit is bewys in hierdie hoofstuk, veral deur die internasionale bronne dat mans die mees gewelddadige vorm van selfmoordpoging gebruik in vergeleke met die vrouens. Hierdie aspek het ook na vore gekom in die oorsake en gevolge wat ook bespreek is en daar feite het bevestig dat vroue minder gewelddadige metodes toepas, byvoorbeeld 'n oordosis pille of die inname van gifstowwe, terwyl mans ophang en vergassing onder andere as metodes aanwend.

Wat oorsake betref is die adolessent as individu, sy gesin, sy portuurgroep en die skool bespreek as bydraende faktore van selfmoordpogings en -gedagtes.

Die hoofstuk slaag in sy doel omdat die redes wat as bewys voorgelê is, toon dat die individu in sy strewe om oplossings vir sy probleme te vind, deur omstandighede voortgedryf word om selfmoord te oorweeg. Hoog op die lys is gesinsprobleme gegee as redes vir selfmoordpoging/-gedagtes of -oorweging van selfmoord.

Op grond van voorafgaande bevindinge oor die verskynsel selfmoordpoging onder die swart adolessent word die volgende gevolgtrekking gemaak:

- dat Suid-Afrika 'n styging in adolessente selfmoordpogings toon
- dat die adolessent se verhoudinge met homself, die gesin, portuurgroep en
- die skool 'n belangrike rol in sy lewe speel- dat beide die nasionale asook die internasionale berigte gereeld selfmoordpogings onder die jongmense aanmeld en dat
- dit ook duidelik is dat verskillende metodes aangewend word om selfmoord te pleeg

Hoofstuk 4

Die profiel en behoeftes van die adolessent wat probeer selfmoord pleeg

In hoofstuk 4 is die profiel van die adolessent uiteengesit deur middel van die vraelys, en spesifiek van die swart adolessent in terme van geslag, ouderdom, rasseverdeling, taalklassifikasie en die invloed van vriende op hom. Dit is ook bewys dat die swart adolessent, soos ook alle ander adolessente, die basiese behoefte toon aan liefde, intimiteit en aanvaarding.

Sy verhouding met sy gesin as geheel insluitende sibbe, sy verhouding met sy vriende, met die skool en romantiese verhoudings is opnuut bekyk. Die adolessent se perspektief oor die konsep selfmoordpoging is laastens bespreek waaronder die redes en metodes van selfmoordpoging en voorkomingsprogramme geanaliseer is.

Adolessente se kennis is beperk en hulle is in hierdie stadium besig om antwoorde op hulle talle vrae te probeer vind. Hul vaardighede ten opsigte van besluitneming en probleemoplossing is ook nog onontwikkeld. Hulle moet gehelp word om hulle kennis en vaardighede te verruim en op te skerp.

Op grond van voorafgaande bespreking kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat:

- Swart adolessente ook behoeftes het soos ander adolessente van alle bevolkingsgroepe
- Indien hierdie behoeftes nie bevredig word nie, die adolessent gefrustreerd raak en wend hy/sy hom/haar tot ander maniere om uiting te gee aan sy/haar frustrasies
- Nabootsing van die portuurgroep se optredes by die jongmens voor kom.

Hoofstuk 5

Die daarstelling en evaluering van 'n voorkomingsprogram

In hoofstuk 5 is aangedui hoe dat die maatskaplike werker as deskundige haar professionele insette lewer en 'n verskeidenheid rolle vervul om die adolessent te bemagtig. Groepe is saamgestel en die adolessente is by besprekings rakende dit wat vir hulle van belang is, betrek.

Die program is tydens hierdie hoofstuk daargestel en het drie vorme van voorkoming bevat naamlik, primêre, sekondêre en tersiêre voorkoming. Die navorser het ook groepterapie, kognitiewe gedragsbenadering, onmiddellike emosionele ondersteuning en ander hulpverleningsvorme aangewend.

Daar is reeds bewys dat adolessente deel van die samelewing uitmaak, en dat hulle eweneens deel uitmaak van hul gesinne. Dus was dit noodsaaklik, soos in hierdie hoofstuk bewys is, dat ander belanghebbende groepe besondere insette moet lewer om die adolessent deur hierdie moeilike fase te help. Die gemeenskap, die skool en ander gemeenskapshulpbronne asook professionele persone vervul 'n rol in die adolessent se lewe, veral om maatskaplike vraagstukke soos selfmoord op te los. Navorser het in tabelvorm aangedui wie en watter dienste aan die adolessent kan aanbied om hom van onaanvaarbare gedrag en gedagtes weg te lei.

Hoofstuk 6

Die Evaluering van die voorkomingsprogram

Die navorsingsprosedure wat in hierdie hoofstuk gebruik is, is die enkelstelselontwerp om die effektiwiteit van die groep te bepaal. Die persoonlikheidskaal PMSI is as meting toegepas na aanleiding van die adolessent se lewensbeskouing, sy emosionele rypheid, perspektief oor die dood (selfmoord) en sy verhoudinge insluitend sy verhouding met God is tydens hierdie hoofstuk

toegepas en die persoonlikheidskaal is gebruik. 'n Voor- en natoets is gebruik om verandering te bepaal voor en na die afloop van die groep.

Gebaseer op bevindinge in hierdie hoofstuk maak navorser die volgende opmerkings:

- selfmoord is 'n sosiale of maatskaplike probleem wat nie slegs die adolessent raak nie, maar die hele samelewing in geheel. Vanweë die feit dat die adolessent bloot maar nog steeds 'n kind is, het hy leiding nodig om moeilike sosiale probleme te hanteer.
- stabiele gesinsverhouding is belangrik vir die kind se latere ontwikkeling veral ten opsigte van sy selfbeeld en sosialisering. Dus is 'n gesinsbenadering intervensie baie belangrik. Ouers moet veral kommunikasie en algemene ouerlike vaardighede geleer word wat sal beter begrip onderling bring. Erkenning en behoeftebevrediging van die kind sal ook 'n positiewe bydrae tot 'n gebalanseerde persoonlikheid meebring.
- die skool se betrokkenheid in die kind se lewe moet nie slegs op die intellektuele en opvoedingsvlakke gebaseer word nie en sal sodoende die adolessent help om goeie lewenskeuses te maak. Verwarring en onaanvaarbare gedrag sal ook op hierdie manier uitskakel.
- voortdurende studies oor die swart adolessent in die Nuwe Suid-Afrika moet onderneem word; hoe die vryheid (freedom) hom raak en/of sy enige nuwe behoeftes ervaar, wat en hoe hierdie behoeftes aangespreek en bevredig kan word.

7.3. GEVOLGTREKKINGS

Hoofstuk 1

Met die voltooiing van hierdie navorsingsverslag kan daar tot die gevolgtrekking kom dat slegs deur wetenskaplike en deeglike ondersoek kan daar doeltreffend na maatskaplike vraagstukke gekyk word met die oog op inligtinginwinning, inligting oordrag en moontlike oplossing na vore bring. Beplanning in terme van probleemidentifisering- en analise, die tipe navorsingsmetode wat in die studie

gebruik gaan word, verwerking van data en evaluering moet noukeurig en op 'n wetenskaplike wyse geskied. Hierdie navorsing het voldoen aan bogenoemde feite en kan dus as 'n navorsingsverslag voorgelê word.

Hoofstuk 2

Die aanwending van opgestelde doelwitte en doelstellings asook die navorsingsmetodologie en-prosedure het tot gevolg gehad dat die studie doeltreffend afgebaken word en die literatuur relevant aan die titel bestudeer word. Gevolgtrekking kan gemaak word dat die teorie dat selfmoordpoging in die swart gemeenskap aan die toeneem is, as korrek bewys is. Toenemend meer adolessente probeer om enige moeilike situasie wat op hulle weg kom, met selfmoord op te los, soms as dreigement of as 'n poging om te manipuleer, maar meestal as uitweg om die probleme te ontduik.

Die literatuur wat bestudeer is, het getoon dat selfmoordpoging onder jongmense nie afneem nie, maar wel toeneem.

Hoofstuk 3

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat data met betrekking tot swart adolessente beperk is, maar inligting wat wel uit bronne bekom is, het getoon dat swart adolessente ook toenemend meer selfmoord pleeg/poog. Daar bestaan ook verskillende redes waarom selfmoord gepleeg word, onder andere gesinsprobleme, liefdesverhoudings wat skeef loop, akademiese wanprestasie en dies meer. Gesinsprobleme is die vernaamste rede vir selfmoordpogings onder jongmense.

Literatuur het ook bewys dat dogters minder gewelddadige metodes aanwend om selfmoord te pleeg. Dogters sal byvoorbeeld, 'n oordosis pille neem of chemiese stowwe inneem, terwyl seuns hulleself skiet (wapens gebruik), vergas of ophang. Daar is ook tot die gevolgtrekking gekom dat die swart adolessent se funksionering deur verskillende aspekte in sy lewe beïnvloed word te wete hyself as individu, sy gesin, die portuurgroep, die skool asook die gemeenskap.

Hoofstuk 4

Na aanleiding van hierdie hoofstuk kan die volgende gevolgtrekking gemaak word; dat die profiel van die adolessent bestudeer moet word om beter insae in sy algehele funksionering te kry.

Die navorser meen dat aandag geskenk moet word aan die adolessent se behoeftes om die tendens van selfmoordpogings te laat afneem. Die behoeftes moet op alle vlakke van die adolessent se ontwikkeling bevredig word. Tensy hierdie behoeftes bevredig word, sal een van die gevolge daarvan selfmoordpoging/ -pleging wees.

Hoofstuk 5

Groepsessies met die jongmense het getoon dat daar belangstelling is in sodanige intervensies en dat hulle inderdaad soek na oplossings vir hulle probleme. Dus is sulke hulpverleningsvorme soos groepbesprekings belangrik waardeur uitgereik kan word na die adolessente. Hulle voel belangrik omdat daar belangstelling is in die dinge wat hulle te sê het en in hul drome en vrese. Duidelik het die adolessent in hierdie opsig leiding nodig. Dit is ook feitlik onmoontlik om nie die tegnieke wat eie aan die maatskaplikewerkprofessie is toe te pas nie wanneer daar met die jongmens gewerk word, veral op een van die samelewingsvraagstuk, naamlik selfmoordpoging. Die gevolgtrekking is ook gemaak dat ander belange groepe ook 'n groot rol kan speel in die bekamping van selfmoordpoging, soos byvoorbeeld die nie-regerende organisasies, sakelui en vele ander.

Hoofstuk 6

As deel van die doelstelling is die adolessente se lewensgehalte verhoog deurdat hulle bemagtig is. Data wat uit die vraelyste bekom is, het getoon dat selfmoordgedagtes en selfmoordneigings by die meeste adolessente voorkom. Die belangrikheid van 'n voorkomingsprogram is tydens hierdie hoofstuk bewys en die gevolgtrekking dui daarop dat voorkomingsprogramme dien as vorm van bemagtiging, afhangende van die groep se behoeftes en wat die studie se doelstellings is. Die Plaaslike(Distrikkantoor) Departement van Onderwys is bewus gemaak van die program en het dit gesteun.

Hoofstuk 7

Oorsig van die navorsingsverslag word weergegee in hierdie hoofstuk deur te kyk na die opsommings, gevolgtrekkings en aanbevelings daarvan. Hieronder volg aanbevelings soos dit van toepassing is op die adolessent se lewensvlak.

7.4. AANBEVELINGS

Na aanleiding van die opsomming en die gevolgtrekkings, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Alle aanduidings van selfmoordpogings en dreigemente van selfmoord moet ernstig opgeneem word.

4.1 Aanbevelings op skoolvlak

- Groepe moet veral by hoërskole gestig word en die skole moet op 'n permanente basis van maatskaplike werkers gebruik maak. Sodoende sal moontlike probleme vroegtydig geïdentifiseer kan word.
- Samewerking moet bestaan of bewerkstellig word tussen die Departement van Onderwys en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling. Beleid en prosedurs moet diensooreenkomstig opgestel word
- Maatskaplike werkers moet poste in skole beklee. Berading moet by skole plaasvind
- Skole moet volgehoue programme aanbied om negatiewe tendense soos selfmoordpogings te voorkom. Sodoende sal die neiging afneem en later waarskynlik geheel en al uitgewis word.
- Onderwysers moet opgelei word om ontoepaslike gedrag asook selfmoordgedrag en selfmoordneigings te identifiseer. Dit moet deel van die kurrikulum wees. Indiensopleiding sal volhoubaarheid verseker
- Ekstra klasse vir swak presteerders wat die risiko loop om selfmoord te pleeg na mislukking op akademiese prestasie

- Besighede en werksaangeleenthede sal baat vind by samewerking met kolleges (FET – Further Education and Training) vir vaardigheidsleer en professionele opleiding (die konsep van „Selection and Placement“ waar die kollege as beleid het om die afgestudeerde by relevante werksplekke te plaas vir vakleerlingskap en/of permanente plasing).

4.2 Aanbevelings op gemeenskapsvlak

- Meer sigbare gemeenskapswerk moet aan die orde van die dag wees om gemeenskappe te waarsku en bewus te maak van hierdie probleem.
- Die navorser is van mening dat die maatskaplike werker in die gemeenskap toenemend in die vergetelheid raak; die aandag is op ander areas gevestig soos byvoorbeeld MIV/VIGS.
- Gemeenskappe moet betrek word by bewusmakingsveldtogte rakende selfmoord; waarskuwingstekens, moontlike oorsake daarvan en die verskillende metodes wat toegepas word om dit uit te voer moet onder mense se aandag gebring word.
- Spesifieke gemeenskapskomponente soos die kliniek, kerke en ander belanghebbende organisasies moet afsonderlik en gesamentlik betrek word om die tendens hok te slaan.
- Die daarstelling en benutting van gemeenskapsbronne verg ook noukeurige aandag
- Stigting van jeugsentra as ondersteuningsbronne

4.3 Aanbevelings op Plaaslikevlak

- Daar moet noue samewerking wees met organisasies soos Kinderlyn, krisissenra ensovoorts.
- Sakelui moet ook betrek word, veral met die oog op die ondersteuning en bemagtiging van die jongmens rakende werkskepping en werkverskaffing.
- Die regering se inisiatief ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling sal tot sy reg kom deur die toepassing van ASGISA en JIPSA om die apatie wat by die jongmens voorkom, te verlig en hom/haar hoop vir die toekoms te gee.

- Programme wat geloods en daargestel word moet intensiewe aandag gee aspekte soos onbeplande swangerskappe, gesondheidsaspekte asook MIV/VIGS insluit
- Plaaslike regering kan met nie-regerende organisasies beleid opstel vir beter en oorlegplegende samewerking en byvoorbeeld kontrakte sluit (MOU-memorandum of understanding) ten bate van die jongmense
- Op Nasionale vlak kan die oorhoofse beleid ooreenstemmend met belange groepe daargestel word wat deur plaaslike regerings toegepas kan word

4.4 Aanbevelings ten opsigte van die maatskaplike werker

- Swart adolessente behoeftes moet ondersoek en uiteengesit word en daar moet bepaal word of dit uniek aan die swart adolessent is al dan nie, of dit vergelyk kan word met dié van ander bevolkingsgroepe. Slegs hierdeur kan die styging van selfmoordpogings in die swartgemeenskap wetenskaplik verklaar word
- Dit is ook baie belangrik dat wanneer daar met die adolessent gewerk word, nie net meer aandag aan hulle behoeftes gegee word nie maar ook aan hul bestaande kennis en vaardighede
- Dit is ook belangrik om die adolessent se groeiproses te verken en te erken tydens interaksie met hom
- Die erkenning van die adolessent se behoefte om te behoort en aanvaar te word, is belangrik omdat sy selfbeeld maklik skade kan hy ly tensy hierdie behoefte nie ten volle benut word nie
- Die adolessent moet binne die konteks van sy sosialiseringsskiring gesien en behandel word naamlik sy gesin, vriende, skool en ander verhoudings
- Meer studie oor die swart gesin pre- en post modern moet geloods word en aspekte soos die migrasie na stede, kontrakarbeid en verstedeliking moet ook bekyk word asook die invloed wat dit op die adolessent se funksionering het
- Die maatskaplike werker moet poog om meer groepe (groepwerk), verkieslik oop groepe, aan te bied om heelwat jongmense (individue) te bereik en te betrek.

4.5 Aanbevelings ten opsigte van die gesin

- Die verskillende rolle van elke gesinslid moet herbekyk word en gedefileer word (is dit relevant, is rolvervulling voldoende?). Die afwesige vaderfiguur bring ook rolverwarring na vore.
- Die ouers moet ook betrek word by groepsessies, programme en projekte soos ouerleidingskampe wat gereeld gereël kan word
- Ouers, tesame met die Skool Beheerliggam moet betrek word by die skool se planne oor voorkomingsprogramme en vergaderings betreffende die geval moet gesamentlik geskied

4.6 Aanbevelings ten opsigte van die media

Die media kan „n belangrike rol speel in bewusmaking en weeklikse berigte oor waarskuwingstekens en/of nuwe hulpbronne

7.5. SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Hierdie hoofstuk het die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings bevat. Die samevatting is hierbo bespreek en hierop volg die gevolgtrekkings en aanbevelings.

Vanuit bogenoemde feite is dit duidelik dat die swart adolessent, nes die ander rassegroepe beide op nasionale en internasionale ook poging tot selfmoord as 'n oplossing van probleme sien. Dit is ook duidelik dat die gesin 'n meer belangrike rol speel in die groeiende kind se lewe en dat gesonde gesinstruktuur die kind die nodige sekuriteit en stabiliteit aanbied ter voorbereiding vir die buitewêreld.

Daar is individuele verskille in die keuse of gebruik van, of metode van selfmoordpoging. Daar kan ook 'n onderskeid gemaak word tussen die metode wat deur die vrouens gebruik word. Daar is 'n element van gewelddadigheid en vasbeslotenheid om die daad deur te voer by die mans teenwoordig.

Nes ander adolessent ondervind die swart adolessent ook gevoelens van ontoereikendheid veral wat sy selfbeeld betref en vind homself met emosies wat hy nie kan hanteer nie. Dus, bestaan daar verskeie oorsake wat hom tot

selfmoordpoging sal lei. Hierdie oorsake kan nie slegs op die individu toegeskryf word nie, maar sowel sy gesin, sy gemeenskap en die skool.

Die adolessent se ontwikkeling word bepaal deur die wyse waarop sy gesin teenoor hom optree in terme van liefde en aandag, aanvaarding en algemene opvoeding op alle vlakke van sy lewe. 'n Kind wat op liefde grootgemaak word, is liefdevol en word dan ook 'n liefdevolle adolessent. So is 'n kind wat byvoorbeeld sekuriteit en geborgenheid binne sy gesin ervaar, in 'n goeie aangepaste individu ontwikkel. Die navorser is van mening dat die teenoorgestelde ook waar is en dat verwerping en gebrekkige verhoudings binne 'n gesin nie die adolessent in 'n goeie aangepaste persoon sal laat ontwikkel nie.

Die swart gesin wat gekenmerk word deur sy verwantskappe kom in die algemeen voor as 'n intieme eenheid. Dus, bring 'n selfmoordpoging groot verwarring en 'n soort hulpeloosheid mee met die styging in die tendens. Dissipline is 'n faktor by die swart gesin en die toemasing daarvan word nie ligterlik geneem nie.

Faktore wat tot selfmoordpoging lei is nie geïsoleerd nie. Die gesin vorm die fondament of basis van sosialisering en die adolessent op hoërskoolvlak moet hierdie vaardigheid bemeester omdat hy gedurig in interaksie is met die skool en skoolmaats. Lewensoriëntasieklasse bied die adolessent die geleentheid aan om beter toegerus te wees vir die probleme in sy lewe. Die skool speel dus ook 'n belangrike rol in die adolessent se lewe.

Dit dien gemeld te word dat selfmoordpoging onder die jongmense aan die toeneem is. Dit moet genoem word dat die maatskaplike werker se insette baie belangrik is vanweë die feit dat groepwerk en/of gemeenskapswerk aangewend kan word om in te lig, te bemagtig, bewus te maak en aantal belange groep betrek om maatskaplike probleme aan te spreek. In hierdie studie was groepwerk as 'n metode van maatskaplike werk effektief gebruik om die swart adolessent op hoërskool te bemagtig.

BIBLIOGRAFIE

Adams, R. 2003. *Social Work Empowerment*. Britain: Palgrave MacMillan.

Allen-Mears, P. & Lane, B. 1990. Social Work Practice IQQDCT. *Social Work*, 35(5):452-458 June.

Alpaslan, A.H. 2002. Reflections on Experiences and Needs of Adolescents who have Attempted Suicide: A Qualitative Study. University of Port Elizabeth. Port Elizabeth, South Africa. *Encyclopedia of Mental Health*, p17 [Datum van gebruik: 7 Januarie 2010]

Arnold, J. 2003. *Adolescent Development*. California: NC University. <http://ced.ncu.edu/hyy/adolescence.htm> [Datum van gebruik: 08 Jan. 2010]

Artikel in Nuusbrief: Kruger, N. 1990. Stres en Stresshantering (p. 1-3)

Aseltine, R.H., James, A. Schilling, E. A. & Glanovsky, J. 2007. Evaluating the SOS Suicide Prevention Program: a Replica and Extension. *BMC Public Health*. Connecticut: University of Connecticut [Datum gebruik 04 Maart 2013]

Barker, R.L. 1995. *The Social Work Dictionary*. 1st Edition. Washington D.C: National Association of Social Workers Press

Bayne, R, Horton, N, Merry, T. & Noyes, E. 1994. *The Counsellors Handbook: Practical Guide for Professional & Clinical Practice*. London: Stanley Thornes Limited Publishing.

Beeld. 2008. Selfmoord onder jeug in die kollig. 3 Mei.

Borgen, W.A. & Amundson, N.E. 2010. *Adolescent Stages of Development*. *Child Development Institute*. New York: Plenum [Datum gebruik 28 Desember 2010]

Brunsdon, A.R & Janse Van Rensburg, J. 2003. Wanneer Jongmense Hoop Verloor – „n Pastorale Perspektief op die Selfmoord Kontemplerende Adollesent. Bloemfontein: Acta Theologica

Carr, A. 2002. Depression, attempted Suicide in Adolescence. London: Blackwell.

Caruso, K. 2005. Suicide Statistics. *Suicide.org*. [Datum gebruik: Maart 2009]

Ciliers, J. 2004. As Druk en Eensaamheid te Veel Word. Bloemfontein: SA Media University of Free State.

Coetzee, M & Jansen, C. 2007. Emotional Intelligence in the Classroom: The Secret of Happy Teachers. Cape Town: Juta & Co.

Corey, M.S. & Corey, G. 2002. Group Process and Practice. Pacific Grove : Brooks/Cole.

Corr, C.A., Nabe, C.M. & Corr, D.M. 2003. Death and Dying Life and Living. Belmont: Wadsworth Thompson Learning Publishing Co.

Council on Social Work Education: Kurland, R. & Salmon, R. 1999. Teaching a Method Course in Social Work With Groups. Alexandria (VA):.

Dacey, J., Kenney, M. & Margolis, D. 2004. Adolescent Development. New York: Thomson Custom Publishing.

De Leo, D. Shimdtke, A. & Diekstra R.F.W. 1998. Handbook of Suicide Prevention: A Holistic Approach. West Berlin: Kluwer Academica Publishers.

De Man, A.F., Leduc, C.P. & Labreche-Gauthier, L. 1993. Correlants of Suicidal Ideation in French Adolescents- Personality Variables, Stress and Social Support: Adolescence.

DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE. 2005. Children's Act. Pretoria: Government Printers.

DEPARTMENT OF EDUCATION. 2003. School's Act. Pretoria: Government Printers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.L.S. 2002. Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions. Second Edition. Pretoria: Van Schaik.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C.B. & Delport, C.L.S. 2011. Research at Grassroots. Fourth Edition. Pretoria: Van Schaik.

De Witt, M.W. & Booysen, I. 1995. Socialization of the Young Child. Pretoria: Van Schaik.

Direct Essays.com. 2002-2009. [Datum van gebruik 2010].

Doan, J., Le Blanc, A., Roggenbaum, S. & Lazear, K.J. 2012. Youth Suicide Prevention: School-Based Guide. Florida: University of Florida.

Doyal, L. & Gough, I. 1991. A Theory of Human Need. London: MacMillan Education Ltd.

Du Bois, B. & Miley, K.K. 2010. Social Work- An Empowering Profession. Boston: Pearson Education Inc.

Du Preez, L. 2003. Tienerdepressie. Bloemfontein: SA Media Universiteit van Oranje Vrystaat..

Education.com. 1998. Developmental Tasks facing the Adolescent. (9-10) **(ERIC Document)** [Datum van gebruik 23/12/2010].

Everitt, A., Hardiker, P., Littlewood, J. & Mullender, A. 1992. Applied Research for better practice. London: Macmillan Press.

Farral, S., Bannister, J., Ditton, J. & Gilchrist, E. 2001. Open and Closed Questions: Sociology at Surrey: *Social research update*, 1:9-17, May.

Field, I. 1999. Ontwikkel Jou Selfbeeld. Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

Flutter, J & Rudduck, J. 2004. Consulting Pupils – What's in it for Schools. London: Routledge Falmer.

Gouws, E, Kruger, N, Burger, S & Snyman, D. 2000. The Adolescent. Pretoria: Heinemann Publishers (Pty) Ltd.

Grinnell, R.M. 1981. Social Work Research and Evaluation. Illinois: F.E. Peacock Publishers.

Grinnell, R.M. 1993. Social Work Research and Evaluation. Illinois: F.E. Peacock Publishers

Grinnell, R.M. 2001. Social Work Research and Evaluation. Illinois: F.E. Peacock Publishers.

Henn, C.M. 2005. The Relation Between Certain Family Variables and Psychological Well-being of Black Adolescents. (PhD Thesis) Bloemfontein: University Of Free State.

Hepworth, D.H., Larsen, J.A., Rooney, G.D, Rooney, R.H & Strom-Gottfried, K. 2010. Direct Social Work Practice- Theory and Skill. Pacific Grove: Brooks/Cole

Herbst, A.G. 2002. Life Maps as techniques in a social group work programme for young adults with HIV/AIDS. (PhD Thesis) University for Christian Higher Education. Potchefstroom

Horner, B. & Fredericks, I. 2005. Suicide Rate Among Blacks New Highs. Bloemfontein: *SA Media*. University Of Free State.

Huysamen, K.G. 1993. Metodologie vir die Sosiale en Geestewetenskappe. Halfweghuis: Southern Boekhuisgewers.

Jacobs, E. & Venter, Z. 2002. A Look at Suicide and Teenagers. Bloemfontein: *SA Media*. University of OFS.

Jason, L.A., Keys, C.B., Suarez-Balcazar, Y., Taylor, R.R. & Davis, M.I. 2004. Participatory Community Research. Washington D.C: American Psychological Association.

Joe,S., Baser, R.S., Neighbors, H.W., Caldwell, C.H. and Jackson, J. 2009. Prevalence of Suicidal Attempts among Black Adolescents in the National Survey of American life. Michigan: University of Michigan [Datum van gebruik 04 Maart 2013]

Jones, H.1990. Social welfare – Third World Development. London: MacMillan Education Ltd.

Jongsma, A. E. 2004. The Suicide and Homicide Risk Assessment and Prevention Treatment Planner. New Jersey: John Wiley & Sons Inc.

Jordaan, W. 2004. Lees die Tekens Reg. Bloemfontein: *SA Media* Universiteit van Oranje Vrystaat.

Juntunen, C. L. & Atkinson, D.A. 2002. Counselling Across the Lifespan: Prevention and Treatment.London: Sage Publishing Inc.

Kapp, J. 1990. Kinders Met Probleme: „n Orto-pedagogiese Perspektief. Pretoria: Van Schaick.

Kentrick, D. T., Neuberg, S.L. & Cialdini, R. B. 2007. Social Psychology: Goals in Interaction. 4th Edition. Boston: Pearson Education Inc.

Kirst-Ashman, K.K. & Hull, G. H. 2009. Generalist Practice with Organizations & Communities. Belmont: Brooks/Cole

Klerksdorp/Tshepong Hospital Complex Statistics. 2004-2009. K/T Hospital Complex: Klerksdorp (unpublished).

Klott, J. & Jongsma, A.E. 2004. The Suicide and Homicide Risk Assessment and Prevention Treatment Planner. New Jersey: John Wiley & Sons Inc.

Kosky, R., Eshkevari, H.S., Goldney, R.D & Hassan, R. 1999. Suicide Prevention – The Global Context. New York: Plenum Press.

Langille, D.B, Asbridge, M. Kisely, S. & Rasic, D. 2012. Suicidal Behaviours in Adolescents in Nova Scotia. Department of Community Health and Epidemiology, Faculty of Medicine: Dalhousie University [Datum gebruik: 4 Oktober 2012]

Larson, R.W, Brown, B.B & Mortimer, J.T. 2002. Adolescent's Preparation for the Future. California: Blackwell Publishers.

Lester, D. 2004. Suicide Prevention - Resource for the Millenium. USA: Sheridan Books.

Linehan, M.M. 1993. Standard Protocols of Assessment and Suicide Behaviour. New York: University Press.

Marcia, J. 1991. Identity and Self-Development. New York: Garland Encyclopedia. [Datum gebruik: Jan 2010]

Maree, K. 2011. First Steps in Reseach. Pretoria: Van Schaik Publishers

Mattheus, A. & Ferreira, R. 2002. Ervaring van „n Portuurgroep Ondersteuning in „n Suid-Afrikaanse Hoërskool. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Matla, M. P & Madu, S.N. 2003. The Prevalence of Suicidal Behaviour among Secondary School Adolescents in Limpopo Province. Pietersburg: University of the North.

McNamara, S. 2005. Helping Young People Beat Stress – a Practical Guide. London: Continuum.

McWhirter, J.J. 2004. At Risk Youth: A Comprehensive Response. Australia: Thoson Brooks/cole

Miller, E., McCullough, C. & Johnson, J. 2012. The Association of Family Risk Factors with Suicidality Among adolescent Primary Care Patients. New York: Columbia University Press [Datum gebruik: 04 Oktober 2012]

Moore, S. & Rosenthal, D. 1993. Sexuality in Adolescence. London: Routledge.

Morris, T. 2006. Social Work Research Methods- Four Alternative Paradigms. California: Sage Publications Ltd.

Mouton, J. 2001. How to Succeed in Your Masters and Doctoral Studies: A South African Guide and Resource Book. Pretoria: Van Schaik Publishers

Neuman, W.L. 2000. Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches. 4th ed. Boston, Mass: Allyn and Bacon.

Nicholas, L., Rautenbach, J. & Maistry, M. 2009. An Introduction to Social Work. Claremont: Juta & Co Ltd.

Nuwe Maatskaplike Werk Woordeboek/ New Dictionary for Social Work. 2004. Cape Town: CTP Book Printers.

Pace. 2003. Teen Suicide on the rise. 6 March.

Patel, L. 2005. *Social Welfare and Social Development*. Cape Town: Oxford university Press

Patton, M. Q. 2002. *Qualitative Research and Evaluation Methods*. California: Sage.

Payne, M. 2005. *Modern Social Work Theory*. New York: Palgrave MacMillan.

Pelkonen, M. & Marttunen, M. 2003. *Child and Adolescence Suicide: Epidemiology, Risk Factors and Approaches to Prevention*. Finland: Department of Mental Health.

Perkins, D.F. 2010. *Developmental Tasks Facing Adolescents*. University of Florida: IFAS Extension.

Portes, P.R, Daya, S, Sandhu, & Longwell-Grise,R. 2002. *Adolescence*. California: Libra Publications.

Preston-Shoot, M. 2007. *Effective Groupwork*. New York: Palgrave MacMillan.

Pretorius, R. & Buys, I. 2003. *Adult Children as Secondary Victims of Parents who Committed Suicide*. University of Pretoria: Pretoria.

Pringle, M.K. 1990. *The Needs of Children*. California: Routledge

Pule, R.S. 1998. *Community Health Nursing Perspective on Teenage Suicide/ Parasuicide*. Pretoria: UNISA.

Ramphela, M. 2002. *Steering by the Star- Being Young in South Africa*. Kaapstad: Tafelberg Publishers.

Rapport. 2004. Selfmoord onder tieners. 3 Maart.

Roberts, P. 2004. *Suicide Victims Younger*. Bloemfontein: *SA Media* University of Orange Free State.

Royse, D., Thyer, B.A., Padgett, D.K. & Logan, T.K. 2006. Program Evaluation. Belmont: Brooks/Cole

Rubin, A. & Babbie, E. 2005. Research Methods for Social Work. Pacific Grove: Brooks/Cole Publishing Company.

Rubin, A. & Babbie, E. 2010. Essential Research Methods in Social Work. Belmont: Brooks/Cole

Sasse, C.R. 1997. Families Today. New York: MacGraw-Hill.

Schlebusch, L. 2003. Our Children are Choosing Death. Bloemfontein: *South African Media*: University of Free State.

Schlebusch, L. 2004. One Person Takes his Life Every hour. *Daily News*: 27 May.

Schlebusch, L. 2005. Suicide rate among blacks hits new highs. *Sunday Times*: 12 June.

Shlain, B.N. 2007. Suicide and Suicide Attempt in Adolescents. *American Pediatrics Journal* <http://pediatrics.aappublications.org/cgi/content/full>

Sheafor, B.W., Horesji, C.R. & Horesji, G.A. 1997. Techniques, Guidelines for Social Work Practice. 4 ed. Boston, Mass.: Allyn and Bacon.

Skidmore, R. A. 1997. Introduction to Social Work. Boston: Allyn and Bacon.

Social.jrank. 2008. Teenage Suicide. [Social.jrank.org](http://social.jrank.org). [Datum van gebruik: Nov 2010].

Sookha, B. 2005. Suicide. Bloemfontein: *South African Media*. University of Orange Free State.

STATISTICS SA. 2000. Statistical analysis: suicide trends amongst SA youth. Pretoria: Statistics SA.

Stafford, L. & Bayer, C.L. 1993. Interaction Between Parents and Children. California: Sage Publishers.

Steyn, A.F. 1993. Values Supporting Quality Family Life. *Crosswalk International Magazine*.

Strydom, H. 2000. Maatskaplikewerk-navorsing. Potchefstroom: PU vir CHO. (Diktaat MWK321.411)

Strydom, H. 2003. Social Work Research. Potchefstroom: PU for CHE

The Star. 2000. Attempted Suicide on the rise. 12 July.

Toseland, R.W. & Rivas, R.F. 2005. An Introduction to Group work practice. Boston: Allyn and Bacon.

Toseland, R.W. & Rivas, R.F. 2009. Introduction to Group Work Practice. Boston: Pearson Education Inc.

Turner, F.J. 2011. Social Work Treatment: Interlocking Theoretical Approaches. New York: Oxford University Press

Van Niekerk, L. & Van Der Spuy, D. 1994. Tieners Gereed vir die Lewe. Pretoria: J.P.van der Walt & Seuns.

Wagner, K.D. 2003. Suicide and Depressed Youth. Texas: *Psychiatry Times*, Dec.

Walsh, F. 2004. Normal Family Processes – Growing Diversity and Complexity. London: Guilford Press.

Wang, M., Nyutu, P. Tran, K.K. 2012. Coping, Reasons for Living and Suicide in Black College Students. North Carolina. American Counseling Association Journal. Dept. of Psychology Fayetteville State University

Watkins, C. 2004. Suicide and the School. Baltimore, Maryland: Northern County Psychiatric Associates.

Wessels, C.C. 1996. Die Doeltreffendheid van „n Huweliksverrykingsprogram: „n Verkennende Maatskaplikewerk Onderzoek Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - MA MW).

Wessels, C.C. 2004. Die Opstel en Evaluerings van „n Maatskaplikewerk-bemagtigingsprogram vir Gesinne van MIV positiewe/VIGS pasiënte. Potchefstroom: PU vir CHO (PhD- Proefskrif MW).

Westen, D.1995. Psychology: Mind, Brain and Culture. New Jersey: John Wiley & Sons Inc.

Wikipedia. 2008. Wikipedia.minddisorders.com/Py-.Z/Suicide.html [Datum van gebruik: 2010].

Wikipedia. 2010. Wikipedia.minddisorders.com/Py-Z/Suicide.html{Datum van gebruik: 2012}.

Zastrow, C.H. 2001. Social Work with Groups-Using the Class as a Group Leadership Laboratory. Belmont: Brookes/Cole.

Zastrow, C.H. 2004. Introduction to Social Work and Social Welfare. Belmont: Brookes/Cole.

Zastrow, C. & Kirst-Ashman, K. K.2013. Understanding Human Behaviour and the Social Environment. London: Brooks/Cole

Zimmerman, L. & Asnis, G.M. 1995. Treatment Approaches with Suicidal Adolescents. Canada: John Wiley & Sons.